
Nóg Wilde Avonture in Zoeloeland




León Scarabée Bousier

Nóg Wilde Avonture in Zoeloeland

León Scarabée-Bousier

November 2026





Inhoud

1 Skoknuus
2 Wildernis Toe
3 Innocent se Vuurdoop
4 Amper Platgetrap!
5 Skool in die Bos
6 Mtunzini
7 Welkom Terug!
8 Vlerke en Vere
9 Vleisvreters
10 Vuur! Vuur!
11 ‘n Luiperd, ‘n Kampvuur en ‘n Stort
12 In die Wildernis
13 Om die Kampvuur
14 ‘n Dag in die Bos
15 Kuiergaste by die Kampvuur
16 Onaangename Vooruitsig
17 Die Waarheid moet uit
18 Die Lugruim Roep
19 Die hommeltuig word ingespan
20 Die Werksaanbod
21 Epiloog

1

Skoknuus

Jacques le Roux lê luilekker uitgestrek op die sagte, dik grasperk voor sy rondawel. ‘n Salige glimlag sprei om sy mondhoeke as hy dink aan die ongelooflike voorreg wat hom te beurt geval het om hierdie werk te kon kry as toeristegids by Izimpondo Zenyathi. Dis nou al ‘n volle ses maande wat hy hier is! Maar dit voel soos ‘n ewigheid!

Vandag ontspan hy heerlik, want vir die volgende week moet hy sy volle aandag gee aan ‘n baie belangrike toergroep, so hy maak die beste van die tydjie tot sy beskikking om uit te rus vir die besige tyd wat voorlê.

Jacques se gedagtes dwaal terug na die tyd toe hy nog vir Suzannah mcTavish gewerk het in Umhlanga Rocks. Daar was darem nou vir jou ‘n slawedrywer! En die dag toe hy die nuus gekry het dat hy aanvaar is as toeristegids by die privaat wildtuin. Hy sal

haar gesig nooit vergeet nie! Sy wou hom nog opsaal met ‘n reuse kontrak, maar toe moes hy haar meedeel dat hy bedank. Sy het sowaar flou geval! Uit soos ‘n kers!

O, maar hierdie eerste ses maande was beslis nie maklik nie! Hy moes begin deur vir Simphiwe te help om die grensdrade te inspekteer en te onderhou. Daar het hy die ware Simphiwe leer ken, die skaam man wat bang is vir absoluut niks! Dis nou buiten vir vroumense! En die arme Mpho, die sexy sjef probeer so hard om Simphiwe se hart te wen, maar hy is te skaam om ‘n skuif te maak! Simphiwe het baie gou sy beste vriend geword! In daardie kort tydjie wat hulle saam gewerk het, het hulle amper ‘n leeftyd se avonture saam beleef!

Jacques sit skielik regop. ‘n Baie ongewone geluid klink op vanaf die lodge, ‘n geluid wat hy laas in die stad gehoor het ses maande gelede, die loei van ‘n ambulans se sirene. Wie sal dan nou so onnosel wees om ‘n ambulans sirene te laat lawaai in die

wildtuin? Seker maar iemand wat iets wil demonstreer. Hy sak weer terug op die luukse van die welige grasperk. ‘n Paar treë van hom af wei ‘n paar Vlakvarkies rustig sonder om hulle aan hom te steur. Jacques skud sy kop as hy sy oë in die varke se rigting draai. Wie sal nou ooit kan droom dat hierdie rustige, vreedsame diere so gevaarlik kan wees? Ja, menige Leeu en Luiperd het al hulle rieme styfgeloop met ‘n woedende Vlakvark! Daardie vlymskerp stel ondertande kan soos ‘n skeermeslemmetjie deur murg en been sny!

Ja, hy het darem al ‘n paar baie interessante gaste onthaal in die ses maande wat hy hier is. Hy sidder sommer as hy dink aan die eerste een wat in sy gedagtes opkom, hy noem haar sommer Doringrosie! Daardie Duitse meisie, Lize wat só agter sy lyf aan was. Sy het so ampertjies vir hom gróót moeilikheid beteken toe sy haar toppie uitgetrek het toe hulle gaan stap het. Sy’t mos in die wag-’n-bietjie vasgeloop en haar nippel in die dorings verstrengel gekry. En hy

moes haar gaan loswikkel! En boonop salfies insmeer! Eish! Maar hy kan nie sê dat dit nie lekker was nie! Maar ampertjies het dit gróót probleme gemaak tussen hom en Suzette!

‘n Breë glimlag sprei om sy mond by die blote gedagte aan Suzette, sy eie liewe Suzette!

O, en dan was daar natuurlik die ses vroumense, sal hy húlle ooit kan vergeet? Hulle was mos ‘n groep wat skoolreűnie kom hou het sonder hulle mans. Stoute klomp daai! Hoeveel keer het hulle hom darem nie laat bloos met die dinge wat hulle kwytgeraak het nie! En boonop wou die hele lot van hulle sy lyf hê! Maar die ergste was daardie Olifant met die diengdong! Die ou bul het alles laat uithang, en die vroumense wou vrek oor die ou se meterlange bates! En om die kersie op die koek te sit was daar die hiënawyfie met die voetlange klit. Hy het nie geweet waar om sy kop in te druk nie! En hét hulle sy ongemak uitgebuit! Skermunkels!

Iets in sy agterkop pla vir Jacques – sê nou maar net daardie sirene van netnou was rêrag ‘n noodgeval, dalk een van die gaste wat ‘n hartaanval gekry het? Moet hy nie maar gaan kyk wat daar aangaan nie? Maar dan skuif hy weer die slegte gedagte uit sy kop uit!

Een van die groot hoogtepunte was seker die dag toe ou Suzannah, sy vorige baas hier opdaag! Kyk, daardie oomblik toe hy haar herken, het sy hart in sy skoene gesak. Maar toe sy eers sien wat hy werklik hier doen, toe is sy so mak soos ‘n lammetjie! Dit was uiteindelik seker die mees aangename van ál die groepe wat hy gehad het. Sy het hom selfs vasgedruk en gesoen toe hulle die dag ry!

Maar dan dwaal Jacques se gedagtes weer terug na Suzette, en hy glimlag. Van dag een af het hulle gekliek, eers net beste pêlle, maar toe begin die liefde blom! Sy hart klop sommer vinniger as hy net aan haar dink!

Haastige voetstappe in die pad af ruk Jacques uit sy dagdroom. Hy kyk op. Een van die skoonmakers van die lodge kom reguit na hom toe aan gedrafstap. “Jacques, meneer Dlamini soek jou dringend!“

“Hoekom? Wat’s fout?”

“Dis Simphiwe, daar was ‘n ongeluk!”

“Wat het gebeur? Is hy orraait?”

“Ek weet nie mooi nie, maar ek het net iets gehoor van ‘n Vlakvark of iets….. “

Jacques spring op en hardloop ál die pad na die lodge. “Meneer Dlamini wag vir jou. “ lig Thombi, die ontvangsdame hom in. Hy storm in die bestuurder se kantoor in.

“Wat het gebeur, Meneer Dlamini? Is Simphiwe oukei? Waar is hy nou?” Sy oë is so groot soos pierings.

“Sit Jacques, raak eers rustig!!”

“Ja, maar…… “

“Sit Jacques!”

“Ja meneer!“

“Jacques, daar was vanmiddag ‘n ongeluk. Simphiwe was besig met patrollering van die grensdraad. Hy het hom onverwags vasgeloop teen ‘n Vlakvark en die dier het hom gegaffel.”

“Was…. Was dit ernstig?”

“Ongelukkig, ja! Gelukkig was dit net sy been, maar hy het baie sleg seergekry. Hy het baie bloed verloor. Hier was gelukkig ‘n ambulans nie te ver weg nie. Hulle vat hom na die hospitaal in Richardsbaai.”

“Maar Meneer Dlamini, hoe het hy hier gekom?”

“Ek weet nie Jacques, jy ken mos vir Simphiwe, hy het sélf hiernatoe gery. Hy het die bloeding op ‘n manier gestop gekry en toe in sy Landrover aangesukkel met stukkende been en al.”

“Ek wens so dat ek hom kon gaan sien, maar dis ‘n paar uur se ry en ek het vir die

volgende week ‘n toergroep. Daar’s géén manier nie! Ai tog! Weet Mpho al?”

“Ja, sy is saam met hom in die ambulans. Ek weet nog nie hoe sy gaan terugkom nie, of wat sy gaan maak vir slaapplek nie. Maar sy was vasberade om saam te gaan!”

“Ai tog, wat gaan ons doen?”

“Maar Jacques, dit laat my met ‘n groot dilemma. Eintlik was dit swak beplanning van my kant af, maar daar is niemand wat Simphiwe se werk kan oorneem solank hy weg is nie, en sy besering is só erg dat dit seker maande gaan neem voordat hy weer fiks gaan wees.”

“Meneer Dlamini, ek het darem ‘n idee wat om te doen, maar ek het môre ‘n toergroep.”

“Dis juis waaroor ek jou laat kom het, Jacques. Jy is die enigste een wat weet wat om te doen. Ek wil vra of jy gewillig sal wees om Simphiwe se werk oor te neem totdat hy terug is?”

“Maar wat van my toergroepe?”

“Vusi kan jou groepe oorneem. Wat sê jy Jacques?”

“Sjoe! Ek weet nie so mooi nie! Het ek rêrag ‘n keuse? Ja meneer Dlamini, ek sal dit doen! Vir Simphiwe!”

“Dankie Jacques, ek het geweet jy sou nie vir ‘n oomblik huiwer nie! Maar dit sal natuurlik ook beteken…… “

“Ja, Meneer Dlamini?”

“Dit sou beteken dat jy tyd gaan hê om vir Simphiwe te gaan sien in die hospitaal en sommer ook vir Mpho terug te bring. Jy sou dit nie kon doen met ‘n toergroep op hande nie!”

“Dankie Meneer Dlamini! Baie dankie!”

“Ek dink jy moet sommer môreoggend éérs na Richardsbaai toe ry. En kyk sommer of jy vir Suzette kan oorreed om saam te ry.”

“Baie dankie Meneer Dlamini, ek gaan tref nou sommer dadelik reëlings!”

Op pad uit keer Thombi hom voor: “Só jammer Jacques, ek weet julle twee is baie goeie vriende. Hy sal orraait wees, ek weet!” Sy kom na hom toe en gee hom ‘n innige drukkie.

Jacques voel hoe die trane hom begin oorval. “Dankie Thombi, ek is seker jy is reg. Ek gaan môre kyk hoe dit met hom gaan.”

Sy gee hom Simphiwe se Landrover se sleutels, en hy ry met die afgeleefde ou voertuig na die woonkwartiere en parkeer dit daar in die skuur. Dan stap hy haastig oor na die dierehospitaal om eers met Suzette te gaan gesels oor die situasie.

Sy sien hom aangestap kom en ontmoet hom by die ingang. Hy omhels haar en sy bars sommer in trane uit. “Arme Simphiwe,“ snik sy, “en arme, arme Mpho!”

“Suzette, ek dink ons moet dadelik eers vir Mpho ‘n lui gee en hoor wat aangaan.” Hulle gaan sit op ‘n bankie onder die groot ou Rooiessenhoutboom voor die hospitaal en Jacques haal sy selfoon uit en skakel Mpho

se nommer. Sy antwoord onmiddellik en hy sit sy foon op luidspreker sodat Suzette ook kan hoor. Nog voordat hulle kan praat, bars Mpho uit in trane en sy snik só dat sy nie in staat is om te praat nie. Jacques en Suzette troos totdat sy uiteindelik deur die snikke net ‘n “dankie” kan uitkry.

“Hoe gaan dit met hom?”

“Hy is in ICU en onder kwaai verdowing. Maar ek is só bang Suzette! Hy gaan dalk sy been verloor!” En dan kom die stortvloed van trane weer!

Wanneer sy weer tot bedaring kom, sê Jacques vir haar dat hy en Suzette die volgende oggend gaan deurry na Richardsbaai om vir Simphiwe te gaan kuier, dan bring hulle haar sommer saam terug.

“Maar ek wil by Simphiwe wees! Ek kan nie nou teruggaan nie! Bring asseblief vir my skoon klere saam. Nagklere ook, en ‘n tandeborsel. O, en my haarborsel asseblief Suzette.”

“Ons bel jou môre vroeg voordat ons ry.”

“Jacques, jy het sommer aangeneem dat ek kan saamgaan. Ek kan mos nie sommer net alles so los nie?”

“Meneer Dlamini het voorgestel dat jy saamgaan, so reël met iemand om in te staan vir jou. Ons ry so vroeg moontlik môre. Ek sien jou na werk.”

Jacques stap terug na die woonkwartiere, en dan gaan hy eers na Simphiwe se bakkie. Die vloer is bemors met bloed, Simphiwe se bloed! Hy besluit dat die bakkie eers behóórlik moet skoon kom. Hy sleep ‘n tuinslang nader en spuit die bakkie se vloer uit. Ongelukkig het dit reeds droog geword, en dit kos hom ‘n skropborsel gaan haal en die bakkie uitskrop. Eers wanneer hy tevrede is dat dit behoorlik skoon is, stap hy na sy rondawel.

Hy het Simphiwe se selfoon in die bakkie ontdek, dan op die ingewing van die oomblik besluit hy om in Simphiwe se rondawel te gaan kyk wat daar is wat hy vir sy vriend kan

saamneem. Gelukkig is die rondawel nie gesluit nie en hy loop reguit na die badkamer en kry sy seep, skeermes, tandeborsel en tandepasta. Dan stap hy na die hangkas en maak dit oop. Eers wil hy ‘n stel skoon klere uithaal, maar dan lag hy half sinies, want Simphiwe sal in maande nie klere kan aantrek nie. Hy besluit om net ‘n paar onderbroeke en sakdoeke te vat. Hy wonder of dit ooit die moeite werd is om slaapklere te vat. Dan besluit hy om tóg maar ‘n stel te vat.

Hy ontdek die rondawel se sleutels op die kombuistoonbank en besluit om tóg maar die deur te sluit wanneer hy klaar is, alhoewel Simphiwe nooit sluit nie, “want wie sal nou my karige ou besittingkies wil steel?” - Simphiwe se eie woorde!

Jacques stap na Suzette se rondawel, en kry haar waar sy net aangekom het van die werk af. “Kom ons gaan kry gou Mpho se goed.“ Saam stap hulle na die lodge waar Mpho se woonkwartiere langs die kombuis is sodat sy

op kort kennisgewing enige tyd, dag of nag beskikbaar kan wees.

Hulle kry vinnig wat sy versoek het en wat Suzette dink dat sy dalk óók nodig mag kry. Dan begin dit ook al donker word, en hulle moet vinnig maak om by hulle woonkwartiere te kom voordat die pikdonker hulle vang.

Suzette nooi hom om by haar te kom eet, dan kan hulle hulle strategie bespreek. Sy sal gou iets aanmekaarslaan.

Terwyl hulle langtand sit en eet op Suzette se rusbank, probeer hulle beplan vir môre se ry. Suzette het ‘n geurige dis voorberei, maar nie een van hulle is honger nie. Uiteindelik word hulle half-leë borde eenkant gestoot. Suzette sak onder Jacques se arm in en sy sug swaar. Vir baie lank sit die twee net daar in doodse stilte, elkeen verdiep in sy eie gedagtes.

Sommer vroeg al vat Jacques pad na sy eie rondawel en kruip in sy kooi, maar die slaap wil net nie kom nie. Hy bly die gevreet van ‘n

wrede vlakvarkbeer met aaklige knoetse op sy gesig voor hom sien!

ooooooooOO0OOoooooooo

Met eerstelig val die twee in die pad na Richardsbaai. Lang ente ry hulle in doodse stilte. Die pad voel oneindig lank. Kommer vreet aan Jacques se maag. Gaan sy vriend dit ooit oorleef? Gaan hy dalk sy been verloor? Hoe sal hy kan werk sonder ‘n been? Simphiwe is ‘n man van die veld! Hy sal doodgaan as hy in ‘n kantoor moet sit en werk!

“Jacques, ek is bang!”

“Hmmmm?”

“Ek’s bang vir wat ons gaan aantref met Simphiwe….. “

Na wat voel soos baie ure, kom hulle uiteindelik in Richardsbaai aan. Hulle los eers alles net so in Jacques se Jimny en stap haastig na die intensiewe sorg eenheid. Hulle kry Mpho waar sy in die wagkamer buite die saal ronddwaal. Sy lyk soos ‘n spook! Haar

oë is rooi gehuil en haar hare is in ‘n gemors. Dit lyk asof sy ‘n week laas geslaap het! As sy die twee sien hardloop sy na hulle. Sy val in Suzette se arms en sy begin van voor af onbedaarlik te snik. Suzette druk haar styf teen haar bors vas. Jacques voel hoe sy trane kom en hy draai vinnig weg sodat hulle nie kan sien hoe sy emosies hom oorweldig nie. ‘n Man mag mos nie huil nie!

Wanneer Mpho uiteindelik ophou snik, sê sy dat hulle net een persoon op ‘n slag by Simphiwe toelaat. Jacques besluit om eerste in te gaan terwyl Suzette nog vir Mpho troos. Hy herken eers nie vir Simphiwe nie, oral is daar pype en drade en drips en ‘n suurstofmasker op sy gesig. Sy oë is toe, en Jacques loop tot langs hom en vat liggies aan sy arm. Dadelik maak Simphiwe sy oë oop. ‘n Glimlag sprei om sy mond. “My vriend, ek is só bly jy’t gekom!” kom die byna onhoorbare fluistering.

“Maar waarom sou ek dan nie kom nie? Jy’s mos my beste pêl! Dalk moet ek seker nie eers vra nie, maar hoe voel jy?“

“Beter as gister!” Hy gryp Jacques se hand en druk dit vas. “Ek’s bang Jacques, ek’s baie bang! Moenie dat hulle my been afsit nie, asseblief!”

Nou kan Jacques dit nie meer hou nie, en die trane kom onbeheerbaar. “Jy gaan nie jou been verloor nie, my vriend, ek sal sorg dat jy hom behou!” Hy vee die trane af met die rugkant van sy hand. “Ek sien jou netnou weer, Suzette wil ook kom groet.” Hy draai om en stap haastig uit.

Hy beduie vir Suzette dat sy kan ingaan, en dan gaan staan hy langs Mpho en sit sy arms om haar skouers. “Hy’s ‘n tawwe koekie, Mpho, hy gaan dit maak! En hy gaan veg vir sy been! Hy gaan dit nie verloor nie!”

Sy val in sy arms in en druk haarself styf teen hom vas. “Dankie Jacques! Dankie dat julle twee so baie vir my en Simphiwe omgee! Ek weet nie wat ek sonder julle sou doen nie!”

Suzette kom uit die saal gestap, haar skouers ruk soos sy huil. Nou het Jacques twee vroumense om te troos! “Kom ons gaan drink eers ‘n koppie sterk koffie hier onder in die kafeteria. En wat sê julle van ‘n groot homp sjokoladekoek?” Sommer dadelik glimlag altwee. Watter vrou sal nou nie ja sê vir sjokoladekoek nie?

Die kafeteria se koek is om oor huistoe te skryf! Terwyl hulle smul aan die koek en die sterk swart koffie behaaglik opslurp, kyk Jacques vir Mpho: “Jy kan nie hier bly nie, Mpho! Waar gaan jy slaap? Jy kan mos nie hier in die wagkamer sit en slaap nie! Jy gaan saam met ons huistoe – hulle sal baie goed vir jou vriend sorg. Ek belowe, ek sal jou gereeld bring om vir hom te kom kuier!”

Mpho skud haar kop: “Nee Jacques, Simphiwe het my nou baie nodig op hierdie kritieke tyd. En boonop – jy sal my nou nie glo nie, maar gisteraand loop ek een van ons gaste hier raak. Toe ek haar vertel wat gebeur het, bied sy aan dat ek by hulle kan

kom oorslaap solank as wat Simphiwe hier is! Is dit nie wonderlik nie?!” En dan bars Mpho weer in trane uit terwyl ‘n breë glimlag oor haar gesig speel. Nou is al drie van hulle in trane!

Terwyl die twee vroumense gesels, gaan haal Jacques gou Mpho en Simphiwe se goedjies in die motor. Sy is só bly as sy hom met dit sien inkom, dat sy sommer opspring en hom om die nek val. “Nou gaan ek gou eers my tande borsel en skoon onderklere aantrek!” Sy gryp die goed by Jacques en verdwyn daarmee in die kleedkamer. Tien minute later tree ‘n splinternuwe Mpho uit die kleedkamer. Nou is sy sommer weer gereed om die lewe vierkant in die oë te kan kyk!

oooooooooOO0OOoooooooo

Dis al laat middag wanneer Jacques en Suzette terugry na Izimpondo Zenyathi. Hulle is tevrede dat Simphiwe in goeie hande is. Hulle het seker gemaak dat hulle genoeg tyd by hom spandeer sonder om hom te veel te vermoei. Hulle kon ook met die dokter

gesels. Alhoewel Simphiwe se been nog in die weegskaal is, het hy hulle verseker dat hy alles in sy vermoë sal doen om die been te red. Uitgeput na ‘n harde dag gelaai met emosie kom hulle by die huis aan. Elkeen is reguit na sy rondawel en hulle is vroeg in die kooi!

2

Wildernis Toe

Jacques voel half onseker oor presies wat hy moet doen. Saam met Simphiwe was dit maklik, hy het net saamgegaan en gedoen wat Simphiwe gesê het hy moet doen. Maar nou moet hy sélf besluit waarheen en wat hy moet beplan. Hy besluit om eers ‘n kaart van die hele park te vat en te gaan sit en beplan hoe om die storie aan te pak. Die probleem is dat hy nie weet waar Simphiwe laaste gewerk het nie. Hy kan maar net raai.

Wanneer hy die kaart voor hom uitsprei, begin hy besef hoe ‘n groot area die park werklik beslaan. Hy is boonop nie baie seker van al die toegangsroetes na die grensdraad nie, net die paartjies wat hy saam met Simphiwe gedoen het.

Dan besluit hy: hy sal vandag die toeristepaaie naaste aan die grensdraad ry reg rondom die park en elke

tweespoorpaadjie wat hy kan sien wat afdraai na die grensdraad op die kaart merk. Hy klim summier in die ou monster en begin ry met die kaart in die hand. Tot sy groot verbasing sien hy nou detail van die park wat hy voorheen nooit raakgesien het nie, bloot omdat hy aandag gee aan moontlike toegang tot die grens. Wanneer die son begin sak, het hy skaars halfpad gevorder. Hy besluit dat dit vir eers genoeg is, en dat hy genoeg het om mee te kan werk vir die volgende paar weke ten minste. Hy sal later die res doen om ‘n geheelbeeld te kan vorm.

Terug by die rondawel skakel hy sy rekenaar aan en kry Google Earth op. Hy soek totdat hy hulle park opspoor, en dan begin hy dít wat hy gesien het met Google vergelyk. Vir die eerste keer kry hy nou ‘n geheelbeeld van die park en hy raak verdiep in sy werk.

‘n Sagte klop aan die deur ruk hom uit sy konsentrasie. “Suzette! Kom in, ek is so bly jy’s hier. Wil jy my nie help om te beplan nie asseblief?”

“Jy het sekerlik nog nie eers gedink aan kos nie! Kom ek maak gou vir ons iets om te eet, dan kom help ek jou. Maar kom ontspan nou eers ‘n rukkie, jy is nou al van vroeg af aan die gang en soos ek jou ken, het jy nie eers die moeite gedoen om te breek vir middagete nie! Nie waar nie?”

Jacques lag: ”Suzette, jy ken my hééltemal té goed vir my eie gesondheid! Ja, nou dat ek daaraan dink, ek het nogal vergeet van middagete, ek was te verdiep in my werk!”

“Nou toe, terwyl ek kos maak kan jy my vertel van jou opwindende dag. Wat het jy heeldag gedoen?”

“Hierdie verandering in werk is die beste ding wat óóit met my kon gebeur het. Ek moes konsentreer op klein details om toegangspaadjies raak te sien na die grensdraad, maar toe sien ek die interessantste dinge raak wat ek nooit voorheen opgelet het nie. Dinge soos besonderse bome, rotse, reuse miershope

en nog baie meer. Hierdie inligting kan ek baie goed gebruik vorentoe met toeriste."

"Terloops, dink jy nie ons moet dalk gou vir Mpho bel om te hoor hoe dit gaan nie?"

Jacques voeg die woord by die daad en skakel Mpho se nommer. Die foon gee net een enkele luitjie voordat sy antwoord: "Hoekom vat julle so lank om te bel? Ek wag al heel aand dat julle lui, maar nee! Julle het lankal van ons ou tweetjies hier in die wildvreemde vergeet!"

"Het jy klaar gebaklei, Mpho? Ek neem aan dit gaan beter met die pasiënt as jy alweer op die oorlogspad is?"

"Hallo julle twee dierbare vriende! Ek het maar net verlang na julle! En ja, dit gaan vandag baie beter. Simphiwe is ná julle besoek gister sommer baie meer positief, en vandag gesels hy selfs alweer. Ek was heeldag by hom, en die dokter dink dat daar 'n goeie kans is dat hy sy been sal behou. Maar die herstelproses gaan baie lank vat, want hy het baie lelik seergekry. En die kans

is groot dat daar dalk nog infeksie kan intree omdat dit ‘n dier se tande was.”

“Waar is jy nou?”

“By die mense waar ek tuisgaan. Hulle is dierbare mense en hulle gaan uit hulle pad uit om my tegemoet te kom. Hulle is ware engele!”

Na die gesprek is die kos ook gereed, en dan gaan sit hulle eers rustig styf teenmekaar op die rusbank en eet, voordat hulle koppe bymekaar sit by die rekenaar. Die Google beeld gee vir hulle ‘n totaal nuwe prentjie van die park, en hulle sien die interessantste dinge raak wat jy nie normaalweg raaksien nie.

“Ek dink ek gaan hier begin,” beduie Jacques met sy vinger op die rekenaarskerm. Dit lyk na ‘n klein kronkelpaadjie, maar hy kan ook maar net raai hoe toeganklik dit werklik is. Maar Simphiwe se monster kan mos enige plek ry! Ten minste hoop Jacques so!

“Moet ek nie saamgaan as navigator nie?” lag Suzette.

“Dit sou heerlik wees! Miskien kan jy dalk tóg eendag saamgaan wanneer jy weer ‘n af-dag het!”

oooooooooOO0OOoooooooooo

Jacques swaai die ou Landrover se neus by die toegegroeide tweespoorpaadjie in. Binne twintig meter kom hy agter dat hierdie paadjie jare laas gery is. Hy wonder of Simphiwe al óóit die paadjie gery het! Hoe verder hy vorder, hoe erger raak dit. Plek-plek verdwyn die spore totaal en al, en dan moet hy hard soek om ‘n deurgang te kry. Maar Jacques byt vas en beur voort totdat die ruie bos uiteindelik effens oopmaak sodat hy kan ry.

Uiteindelik is die grensdraad voor hom. Hy hou stil en klim uit. Baie gou kom hy agter dat Simphiwe waarskynlik nog nooit by hierdie spesifieke plek uitgekom het nie, moontlik omdat dit so ontoeganklik is. Die gras en struike staan hoog tot reg teen die

draad. Hy vat ‘n panga saam om skoon te maak so ver as hy gaan. Met rugsak vol gereedskap, ‘n waterbottel en toebroodjies vir middagete val hy in die pad al langs die draad af. Sommer baie gou kry hy ‘n gat waar die Vlakvarke deurgegrawe het, en hy moet regmaak.

‘n Entjie verder kry hy ‘n plek waar die wildstropers die draad geknip het. Hulle het nie eers die moeite gedoen om dit te probeer kamoefleer nie, want hulle weet natuurlik dat niemand ooit daar kom nie. Jacques soek rond in die bosse en hy kry verskeie strikke, een van hulle het ‘n Duikertjie vasgevang! Die diertjie is al lankal vrot, en Jacques voel eintlik siek. Hy besef baie goed dat hy eintlik ‘n verlore stryd voer teen die stropers! Hy gooi al die strikke op ‘n hoop sodat hy hulle op pad terug kan kry om saam te neem. Dit vat hom ‘n volle uur om die heining te herstel waar die stropers deur is.

Dan is dit weer verder loop. Hy stap al langs die grensdraad af, en so ver hy gaan moet hy

‘n pad oopkap met die panga. Jacques se gedagtes dwaal na Simphiwe. Hoe het die man dit reggekry om by die huis te kom? Dit moes ‘n nagmerrie gewees het om te ry met so ‘n afgryslike besering! Hy moet aan meneer Dlamini voorstel dat daar iemand aangestel word om saam met Simphiwe te werk. Dis gevaarlik om hierdie werk alleen te doen. Dalk moet hy sommer nou al begin om iemand op te lei om die werk te kan doen, dan is die kêrel klaar touwys teen die tyd dat Simphiwe terugkom.

Skielik vlieg ‘n Fisant op uit ‘n bossie vlak voor hom. Die voël maak die allerverskriklikste lawaai, en Jacques skrik hom yskoud! Hy gee ‘n string lelike knope en vertel vir die voël presies wat hy van hom dink! Simphiwe het waarskynlik op presies dieselfde manier op die Vlakvark afgekom!

Jacques se hart klop in sy keel, en hy besluit om eers te gaan sit en rus. Hy is nou al die hele oggend aan die gang en hy het nog gladnie gerus nie! Hy sal meer

gestruktureerd móét werk! Dalk moet hy ‘n skedule opstel en op spesifieke tye ontspan en sy etenstyd neem, anders gaan hy homself nog uitbrand. Hy sal vanmiddag nog met meneer Dlamini gaan gesels oor ‘n hulp!

‘n Kwartuur later staan hy op en veg sy pad verder oop vir nog ‘n verdere uur, dan draai hy om en begin terugloop. Die terugtog is sommer veel makliker. By ‘n groot Rooiessenhoutboom met ‘n digte blaredak gaan span hy uit vir middagete. Hy smul aan die sappige toebroodjies. Dis nou nie juis Mpho se heerlike toebies nie, maar na ‘n halfdag se geswoeg en sweet is enige kos lekker! Hy lê behaaglik met sy rug teen die stam en verluister hom aan die verskeidenheid van voëlgeluide, ‘n paar Glansspreeus wat heerlik gesels, twee Rooikop Houtkappertjies wat ‘n duet sing en ‘n Swartkop Wielewaal wat sy melodieuse klanke klokhelder oor die bos laat weergalm. Hy bars amper uit van die lag as ‘n groep Kakelaars luidrugtig in ‘n boom invaar ‘n entjie van hom af. Dit kekkel en klets en

lawaai dat hoor en sien vergaan. Die Zoeloes het ‘n baie mooi naam vir hierdie swart voëls: Hlegabafazi. Dit beteken dat hulle klets soos ‘n klomp vrouens bymekaar!

Met ‘n swaar hart staan Jacques op om verder te loop. Die bosmusiek is só mooi en dis so rustig dat hy nie sy boom wil agterlaat nie!

Maar dan is dit weer verder. Hy kom by die plek waar die stropers deurgekom het. Voordat hy die strikke optel, besluit hy om net weer ‘n draai te loop om dóódseker te maak dat daar nie dalk nog strikke is nie. Ook maar goed, want hy kry nog twee wat hy vroeër misgekyk het. Hy tel die bondel strikke op en stap met sy swaar vrag tot by die Landrover. Gelukkig is dit darem nie te ver nie.

By die lodge aangekom gaan maak hy eers ‘n draai by die baas. Thombi vat hom deur na die kantoor en Richard beduie vir hom om te sit terwyl hy ‘n oproep afhandel.

“Ek het so pas met Simphiwe se dokter gesels. Hy sal waarskynlik nog lank in die

hospitaal wees. Maar dit gaan goed onder omstandighede, en dit lyk nie asof daar infeksie is nie. So dis goeie nuus! Wat kan ek vir jou doen, Jacques?”

“Meneer Dlamini, ek het vandag tot die besef gekom dat hierdie werk nie vir ‘n enkel persoon is nie. Dis gevaarlik, en daar sal beslis iemand aangestel moet word as hulp.”

“Ek het tot presies dieselfde besef gekom. Dit sou ‘n groot hulp gewees het as daar iemand saam met Simphiwe was toe die ongeluk gebeur het. So maklik kon sy besering erger gewees het, en hoe sou hy dan by die huis kon kom? Maar Simphiwe het aangedring daarop dat hy alleen wou werk. Af en toe het hy ‘n span arbeiders gevat om te help ruigtes skoonmaak, maar andersins wou hy alleen werk. Ek stem saam, kom ons lei iemand op as handlanger vir hom.”

Jacques vertel hom van die area waar hy die dag gewerk het, en dat daar beslis ‘n span nodig is om die gebied skoon te maak sodat dit toeganklik is. Richard stem in om sommer

die volgende dag ‘n span van ses arbeiders saam met Jacques te stuur.

“Hier het ‘n maand gelede ‘n jong mannetjie begin werk. Hy het die onbenydenswaardige naam van Innocent, maar ek dink hy is gladnie so innocent nie! Ek het hom laat begin werk as skoonmaker in die kantore, maar ek dink hy het baie potensiaal. Hy is intelligent en ons mors sy vermoëns hier. Gaan gesels met hom en hoor of hy sou belangstel om saam met jou te gaan as handlanger.”

Na die gesprek gaan Jacques na Thombi se toonbank: “Waar kry ek vir Innocent?”

“Innocent? Daardie ondeunde outjie! Dis hy wat daar anderkant besig is om vloere te mop. Wat wil jy met hom maak, Jacques?”

“Ek wil hom met my saamvat veld toe. Ek wil ‘n handlanger oplei vir Simphiwe.”

“O ja, asseblief! Kry hom hier weg, hy maak my mal! Hierdie is beslis nie sy soort werk nie, ek dink hy gaan baie beter doen in die

veld. Maar Simphiwe gaan nie gelukkig wees nie, hy is ‘n alleenmens!”

“Ja, maar as hy vir Innocent gehad het toe die vark hom gegaffel het, kon dit dalk baie beter verloop het. Só maklik kon Simphiwe hulpeloos daar in die veld gelê het!”

"Ja Jacques, jy is só reg! Innocent! Innoceeeeent! Kom hier!”

Grootoog kom Innocent aangehardloop: ”Wat het ek nóú alweer verkeerd gedoen?”

“Toemaar Innocent, hierdie keer is jy darem innocent! Meneer le Roux wil met jou gesels.”

Innocent se oë rek groot. Hy vertrou nie die vrede nie. Jacques beduie na die rusbank in die ontvangs area. “Kom ons gaan sit, ek wil iets met jou bespreek.”

“Nee, nooit meneer! Hulle gaan my vrek maak as ek daar gaan sit!”

Jacques bars uit van die lag, dan besluit hy dat hulle liewer buite op die bankie onder die

boom moet gesels anders gaan Innocent baie ongemaklik voel. Wanneer hulle gemaklik is, vra Jacques: “Is jy gelukkig in jou werk, Innocent?”

“Eeeee ja…. Ja meneer, ek is net te bly om werk te kan hê!”

“Dis nie wat ek gevra het nie, Innocent. Hou jy van wat jy doen?”

“Dis orraait meneer, maar…. “

“Maar dis nie eintlik wat jy wil doen nie?”

“Nie eintlik nie, meneer.”

“Goed, ek wil jou ‘n proposisie maak: hoe sou jy daaroor voel om eerder in die veld te werk?”

“Wow meneer, die veld is my lewe! Maar hier is nie sulke werk vir my nie.”

“Innocent, ek het vir jou goeie nuus, as jy wil kan jy saam met my kom werk as my assistent. Dis nie maklike werk nie, dis baie kilometers se stap elke dag en dis boonop

baie keer harde handewerk. Hoe sou jy daaroor voel?”

“Is meneer ernstig? Kan ek rêrag? Nee meneer, dis seker ‘n grap daai! Ek sal my voortande gee vir só ‘n soort werk meneer!”

“Nou goed, dan begin jy môreoggend vroeg!”

Jacques dog die mannetjie gaan hom om die nek val en soen, en hy keer sommer instinktief. “Dankie meneer! Dankie, dankie, dankie! Ek sal daar wees! Ek gaan sommer nou vir juffrou Thombi sê.”

“Wag eers voor jy weghardloop. Ek laai jou seweuur môreoggend hier op. Maar dis baie belangrik: trek vir jou gemaklike stapskoene aan en klere wat jy in die veld kan dra. Het jy sulke skoene?”

“Ja meneer!”

“En het jy ‘n waterbottel?”

“Nee meneer….. “

“Toemaar, ek bring vir jou een saam. En sorg dat jy iets saambring vir middagete, want ons gaan in die veld wees. En ‘n hoed!”

Innocent vlieg daar weg en hardloop by die ontvangs in. Jacques lag as hy rustig by die ontvangs toonbank aankom. Thombi staan skoon verwilderd hom en inwag: “Wat het jy met Innocent aangevang?” Sy kyk in die rigting wat die mannetjie verdwyn het. “Hy het verskriklik opgewonde hier ingestorm en vir my in die verbygaan geskree: ‘Ek gaan veld toe!‘ en toe is hy weg!”

Nou lag Jacques baie lekker. “Ek het hom ‘n proposisie gemaak dat hy baie hard kan werk en baie kilometers kan stap in die warm son. Dis al!”

“Wel, hy is skielik ‘n nuwe mens!”

“Maar nou moet ek eers gou ‘n span arbeiders gaan organiseer om môre die grensdraad te gaan skoonkap. O, en Thombi, soek maar vir jou ‘n ander skoonmaker, jy het pas joune verloor…..!”

oooooooOO0OOoooooooo

“En toe, hoe was jou eerste dag as Izimphondo Zenyathi se aflos draadspanner?”

Jacques en Suzette sit op die stoepmuurtjie voor sy rondawel, elkeen met ‘n stomende beker koffie in die hand. “Dit was beslis nie maklik nie! Ons het die mees ontoeganklike terrein uitgekies en ek het my vrek gesukkel! Maar môre gaan ek weer selfde plek toe en ek vat ‘n span arbeiders saam om die pad oop te kap..”

“Hoekom? Was Simphiwe lanklaas daar?”

“Ek dink nie hy was al óóit daar nie! Die enigste ouens wat al daar was is stropers! En ek begin sommer môre ‘n handlanger vir Simphiwe oplei. Sy naam is nogal Innocent. Sy ma het seker gedink daardie onskuldige ou bloedjie sal vir ewig so onskuldig bly! Sy’t ‘n gróót fout gemaak!”

Nou lag Suzette lekker: “Is hy só erg?”

“Ag nee wat, ‘n oulike outjie! Hiperaktief, maar ek dink ons gaan lekker saamwerk!”

Vir ‘n ruk sit hulle in doodse stilte die kleurewonder wat besig is om te ontvou en dophou.

“Die sonsondergang is vanaand weer ekstra mooi. Kyk net die kleure!”

3

Innocent se Vuurdoop

Wanneer Jacques seweuur met sy brullende Landrover by die lodge opdaag, staan die span werkers reeds en wag, en Innocent staan en rondtrippel van opgewondenheid, ‘n breë glimlag op sy bakkies. Was sy ore nie in die pad nie was die smile rég rondom!

Jacques lag: “Lyk my jy is reg vir die bos? Het jy padkos?”

“Ja meneer! Sommer toebies by die kombuis gekry.”

“Nou toe, klim dat ons kan ry. Innocent, jy ry voor saam met my.”

Die afgeleefde ou Landie bakkie kom brullend aan die lewe en hulle vat die pad. By die afdraai na die grensdraad waarsku Jacques die manne agterop dat dit rof gaan wees. “Pasop vir die dorings!” Hy draai na Innocent: “Die vensters kan nie toe nie, so jy

moet keer dat die doringtakke jou nie in die gesig klap nie.”

“Ja meneer!”

“En terloops, ek is nie ‘meneer’ nie, ek is net Jacques, gehoor?”

Na vyf minute deur die ruie bos loer hy in Innocent se rigting. Sy oë is so groot soos pierings. Hy het klaar ‘n klap weg deur die gesig van ‘n Sekelbos of iets. “’n Bietjie rof, nè?”

“Bliksem meneer…. eee Jacques! Ek het nie geweet dit kan so rof raak nie!”

“Ja jong, jy sal maar hieraan moet gewoond raak, ons gaan nog baie sulke paaie ry!”

“Paaie?! Hierdie is mos g’n pad nie!”

‘n Bosbok spring vlak voor die Landie verby en Innocent gee ‘n gil van skrik. Jacques bars uit van die lag en Innocent voel baie verleë.

Wanneer hulle uiteindelik, na wat voel soos ‘n ewigheid by die grensdraad kom, gee

Innocent ‘n paar knope. “Ek het nog nooit óóit so rof gery nie!” Oor sy gesig is ‘n paar rooi hale waar die dorings hom gegryp het. “My gat voel soos mincemeat! Ek dink nie daai ding het shocks of vere nie, ek is deurgestamp!”

Jacques lag: “Ja, so het ek ook gevoel toe ek die eerste keer so ‘n pad gery het saam met Simphiwe! Maar jy raak gewoond daaraan!” By die blote gedagte wil sy emosies hom sommer oorweldig en sy stem raak weg. Innocent kyk hom aan met ‘n groot vraagteken op die gesig, maar Jacques wil niks verder sê nie. Dit maak seer hier binne.

Die span werkers weet presies wat hulle moet doen, en dadelik spring hulle af, gryp hulle kaplemme en pangas en begin ‘n pad oopkap al langs die grensdraad af. Jacques gee vir Innocent ‘n rugsak en ‘n panga en hy gooi sy eie rugsak oor sy skouer. Hy vat sy .303 wat voor op die paneelbord lê en beduie vir Innocent om hom te volg.

Innocent kry die taak om vir hulle ‘n paadjie oop te kap waar dit te ruig is. Hulle loop rustig voor die span werkers uit om die grensdraad te inspekteer. “Waarom loop ons voor die span uit, Jacques?”

“O ja, ek het nog nie eers vir jou vertel wat ons doen nie, daar was nog nie ‘n geleentheid nie. Ons moet kyk of die grensdraad reg is. Gewoonlik sal ons alleen gaan sonder die span werkers. Hulle gaan maar net hierdie keer saam omdat dit so oorgroei is.”

“Maar wat kan dan verkeerd wees met die draad? Dis so sterk, niks kan dit beskadig nie?”

“Jy sal nogal verbaas wees! Vlakvarke grawe gate onder deur die draad, en dan is daar wildstropers wat die draad knip.”

Innocent se oë rek groot: “Stropers? Is hier dan stropers?”

“Inderdaad, en hulle rig baie skade aan! Maar vertel my eers, watter soort van ondervinding het jy van die veld?”

“Ek het grootgeword naby Ulundi in ‘n klein dorpie. Daar was min veld oor rondom ons, amper alles uitgeroei. Naweke het ek en my pêlle ver gaan stap tot daar waar dit ‘n bietjie wild was, maar daar was ook nie veel nie. Ek was nog nooit voorheen in ‘n wildtuin nie, hierdie is my eerste keer! Ek het maar net altyd gedroom daarvan om in so ‘n plek te kan werk. En toe gee meneer Dlamini my die geleentheid.”

Jacques pik ‘n traan uit sy oog. Hy voel skoon aangedaan! “Innocent, as jy bereid is om te leer, sal ek jou alles leer wat ek weet van die veld!”

“Sjoe! Dankie Meneer, eeee Jacques! Ek sal leer dat dit klap!”

“Reg, môre bring jy vir jou ‘n notaboekie saam, want jy sal moet notas neem om alles te kan onthou. Hoe goed ken jy voëls? Dis iets wat baie belangrik is.”

“Ek ken ‘n bietjie van voëls!”

“Nou goed, wat maak daardie geluid?” Die sang van twee Rooikop Houtkappertjies klink op: “Toee-poe-de-lie toee-poe-de-lie.”

“O, dis ‘n isi-Kurukuru.”

“Ja, dis sy Zoeloe naam, maar wat is hy in Engels?”

“Nee, ek weet nie….. “

“Dis belangrik dat jy die Engelse name van al die voëls sal leer, want die gaste by die lodge gaan jou uitvra oor hulle. ‘n isi-Kurukuru is ‘n Black-collared Barbet.”

“Brack corald…..“

Jacques lag lekker. “Dis moeilik, nè? Julle Zoeloes ruil mos die erre en die elle om! Maar nou wil ek eers vir jou sê dat die Zoeloe naam so mooi beskrywend is, isi-Kurukuru vertel presies hoe hy klink! So moet nóóit skaam wees daarvoor nie! Die Engelse name is dikwels uiters verwarrend!” Nou glimlag Innocent breed.

Skielik vlieg ‘n Fisant met ‘n groot lawaai uit die lang gras voor hulle. Dis al die hoeveelste keer dat Jacques hom boeglam skrik vir dié simpele voëls! Innocent spring self regop in die lug in van skrik en vertel met ‘n paar gekruide woorde vir die voël presies wat hy van hom dink. “isi-Kwehla,” verduidelik hy.

“Ja Innocent, in Engels is hy ‘n Natal francolin.” Hierdie een is darem ‘n bietjie makliker op die tong vir die jong seun. Hulle kry verskillende bokspore en Jacques verduidelik vir hom die verskil tussen ‘n Duikertjie, Koedoe en Rooibok se spore.

Op ‘n plek is daar ‘n groot gat onder deur die draad gegrawe. Dis nog baie vars, waarskynlik nog die vorige dag gedoen. “Dis ‘n Vlakvark se werk,” verduidelik Jacques. “En hoe weet ek dit?”

Innocent krap sy kop. “Jy raai seker maar?”

“Nee, kyk hier is sy spore in die los grond. En as jy kyk na die draad, dan sien jy nog van sy hare aan die dorings vassit. Dis duidelik Vlakvark hare daai!”

“Sjoe, maar jy’s slim! Waar het jy al hierdie dinge geleer?”

“Party goed het ek op kursusse geleer, maar meeste daarvan het ek hier in die veld geleer. Jy kan al jou veldkennis optel deur noukeurig op te let. Van môre af begin jou veldskool! Nee, eintlik sommer al van vandag af!”

“Dankie Jacques! Baie, baie dankie! Maar wat van die gat onder die draad? Gaan ons hom toemaak?”

“Nee, nie vandag nie, die span werkers sal hom sommer toemaak wanneer hulle hier verbykom. Maar volgende keer as ons alleen is, sal ons dit self moet doen.”

Skielik gee Innocent ‘n gil. Terselfdertyd spring hy amper regop in die lug en in die proses draai hy en spring sywaarts. Al vloekende hardloop hy ‘n entjie voordat hy hygend na asem tot stilstand kom. “iNyoka! iNyoka!” is al wat hy uitkry. Dan beduie hy vir Jacques na ‘n kol so twee treë voor hom en hy verduidelik: “iGqoko!” Nou verstaan

Jacques waarom Innocent só tekere gaan. Hy het so ampertjies op ‘n slang getrap, en nie sommer net enige slang nie, een van die gevaarlikste, ‘n ‘igqoko’, ‘n Pofadder!

Innocent is spierwit geskrik! Met reg so ook, want ‘n Pofadder is ‘n baie skelm slang. Hulle kamoeflering is fenomenaal en hulle lê gewoonlik doodstil opgekrul in ‘n voetpaadjie en wag vir prooi om verby te kom. Hulle is baie stadig, maar is soos ‘n opgewende horlosieveer wat blitsvinnig uitskiet en hulle prooi pik. Hulle gif is sitotoksies, wat beteken dat hulle nie noodwendig dodelik is nie, maar die gif veroorsaak aaklige wonde wat die weefsel letterlik laat verrot! As dit nie onmiddellik behandel word nie, kan dit baie lelike letsels agterlaat of selfs veroorsaak dat ledemate geamputeer moet word!

Innocent tel sommer dadelik klippe op om die slang dood te maak, maar Jacques keer hom betyds: “Innocent, hier mag ons niks doodmaak nie, nie eers ‘n Pofadder of ‘n mamba nie!”

“Hoekom nie? Hulle is bose diere!”

“Nee Innocent, daar bestaan nie sulke goed soos bose diere nie. Dis net mense wat boos kan wees! Elke dier, maak nie saak wat hy is nie, het ‘n plek in die ekosisteem. As jy een uithaal, versteur jy die balans in die natuur! As jy hier werk, is dit die héél belangrikste ding wat jy moet leer.”

“Ek verstaan dit nie!”

“Jy hoef dit nie nou te verstaan nie. Glo my net, jy sal uiteindelik wél verstaan wanneer jy genoeg geleer het. Jy kan nie alles in een dag leer nie!”

Jacques gaan soek ‘n lang stok, dan tel hy die slang versigtig daarmee op en sit hom ‘n ent weg in die veld neer. “Ek wil nie hê dat dieselfde slang die span werkers netnou die skrik op die lyf jaag nie,” verduidelik hy vir Innocent. Dit lyk asof Innocent tien dode sterf terwyl Jacques die slang hanteer.

Dan merk Jacques dat dit teetyd is. “Kom ons gaan soek ‘n lekker koelteboom om eers ‘n bietjie te ontspan.”

Hulle vly hulleself neer onder ‘n groen skaduboom en Jacques haal twee blikkies koeldrank uit sy rugsak. Nou besef hulle eers hoe moeg hulle is!

“En toe Innocent, hoe geniet jy jou werk?”

“Werk?! Hierdie is g’n werk nie! Dis rondjol in die veld! En boonop word ek nog betáál ook hiervoor! Hierdie is my grootste droom wat waar geword het, dis die eerste keer in my lewe wat ek in regte, egte wilde bos kom!”

“Ek is bly jy geniet dit, Innocent. Daar wag ongelukkig nog harde werk vir jou voor, maar daar wag ook baie groot avonture vir jou, hierdie is maar net die begin!”

“Ek hou net nie van die slange nie! Ek is van kleins af geleer dat jy die goed moet doodmaak, want hulle is boos!”

“Ja Innocent, ek is ook baie verkeerde dinge geleer as kind, en ek moes leer om anders te

dink daaroor. Ek sal probeer om jou te leer van slange. Nie almal is gevaarlik nie, en as jy hulle reg hanteer, sal hulle jou nie skade aandoen nie. Ongelukkig is ‘n Pofadder een van die uitsonderings. Maar dis tyd dat ons weer aanstap. Kom ons kyk watter opwindende goed ons kan kry!”

oooooooOO0OOoooooooo

Jacques raak bewus van ‘n kwêvoël wat baie opgewonde alarm maak ‘n ent voor hulle. Onmiddellik is hy op sy hoede. Hy beduie vir Innocent om baie stil te wees. Versigtig sluip hulle vorentoe. Jacques hou sy geweer gereed met die veiligheidsknip af. Dan sien hy die beweging deur die bosse. Dis nie ‘n dier nie, dis ‘n mens! “Stroper!” gaan dit dadelik deur sy kop. “Bly nét hier!” fluister hy vir Innocent. Hy wil nie die outjie aan die gevaar blootstel nie.

Versigtig sluip hy treetjie vir treetjie nader. Hy is skaars twintig treë van die stroper af waar die man besig is om ‘n strik te stel. Maar dan trap Jacques op ‘n droë takkie. Die stroper

kyk verskrik op en sien hom raak. Hy spring om en begin verskrik weghardloop. “Stop!” skree Jacques. “Stop of ek skiet!” Dit spoor die man aan om net nóg vinniger te hardloop. Jacques lig sy geweer en skiet ‘n skoot in die lug op. “Stop!”

Die stroper duik deur die gat in die heining en hardloop so vinnig sy twee bene hom kan dra. Uit pure frustrasie skiet Jacques nog twee skote in die lug op. Die stroper verdwyn in die ruigte anderkant die draad. Jacques se hart klop in sy keel. Moedeloos sak hy op die grond neer. Hy wil huil van pure frustrasie, hulle veg ‘n verlore stryd teen die stropers!

“Het jy hom doodgeskiet, Jacques?” Innocent se bewende stemmetjie kom na hom toe aangesweef.

“Kom hier, Innocent. Nee ek het hom nie doodgeskiet nie!”

Innocent bewe soos ‘n riet wanneer hy by Jacques kom. Dis skaars ‘n halwe dag en daar was al soveel opwinding!

“Kom ons gaan kyk hoe die span gevorder het. Dis in elkgeval amper middagete tyd.”

oooooooOO0OOoooooooo

Die span het baie beter gevorder as wat Jacques verwag het. Daar lê alreeds ‘n lang skoongekapte pad al langs die grensdraad af. Na middagete stap Jacques en Innocent terug na die plek waar hy die stroper gekry het. Hulle deursoek die bosse en kry verskeie strikke. Gelukkig is daar nog niks gevang nie. Hulle gooi die strikke op ‘n hoop en dan begin die taak om die gat in die heining te herstel. Innocent se sagte handjies is naderhand blase gewerk. Jacques is self ook nie meer gewoond aan sulke harde handearbeid nie, en hy spog sélf aan die einde van die dag met ‘n paar mooi blase!

“Ek dink ons het nou genoeg gedoen vir een dag, hoe dink jy?”

“Ek’s moeg!” kla Innocent.

“Nou goed, kom ons vat die strikke en dan gaan ons huistoe!”

‘n Entjie op pad terug kry hulle die span werkers waar hulle ook net besig is om op te pak vir die dag. Dis nog ‘n paar kilometer se stap tot by die voertuig, en dan pak hulle die rowwe pad terug na die lodge aan. Innocent praat aanmekaar al die pad terug. Hierdie was vir hom die héél grootste dag in sy ganse lewe! Hy kan nie wag vir môre nie, want as môre soveel opwinding gaan gee soos vandag…..

By die lodge aangekom, gaan maak Jacques eers gou ‘n draai by Richard om hom mee te deel oor die stroper.

“En Innocent?”

“Meneer Dlamini, jy kon daardie mannetjie nie ‘n groter geskenk gegee het in sy lewe nie! Alhoewel sy ondervinding maar karig is, is hy absoluut in sy element! Hy is so opgewonde soos ‘n klein seuntjie oor ‘n kersgeskenk!”

“Maar Jacques, nou moet ek eers hard met jou praat: stropers is desperaat en hulle is baie gevaarlik. As jy ooit weer een teekom,

maak hom net skrik met ‘n geweerskoot en los hom dat hy weghardloop. Ek wil nie nog ‘n dooie Jacques le Roux hê nie! Is dit duidelik?”

Jacques besef maar al te goed dat Richard reg is. “Ja meneer Dlamini, ek verstaan, dit was dom van my!”

Vusi kom haastig aangedraf net wanneer Jacques uit die ontvanglokaal uitstap. “Jacques, kan ek jou gou iets vra?”

“Lyk so asof jy ‘n groot guns wil vra, Vusi?”

“Hoe’t jy geraai? Jy’t nie dalk lus om vanaand ‘n nagrit te doen nie?”

“Waarom? Wat van die ander ouens?”

“Almal is vas, nie een van hulle kan my help nie. Ek moet dringend na Mkuze toe ry. Asseblief Jacques!”

“Ek dink ek gaan dit dalk nog berou, maar ek sal so maak Vusi. Hoe laat, en wie is die groep?”

oooooooOO0OOoooooooo

Jacques klop liggies aan Suzette se rondaweldeur.

“Dis oop, kom maar in!”

“Ek kom jou net uitnooi om saam met my uit te gaan vanaand.”

“En waarheen nogal?”

“Op ‘n nagrit.”

“Hmmmmm! Net ons twee alleen?”

“Nee, ongelukkig nie. Dis saam met ‘n groep.”

“Maar doen jy dan nie nou Simphiwe se werk nie?”

“Ja, maar Vusi moes dringend uit en hy kon niemand anders kry om sy gaste uit te neem nie. Ek kon nie nee sê nie. Voel jy lus om saam te kom?”

“As ek langs jou kan sit, enigste voorwaarde!”

oooooooOO0OOoooooooo

Die gaste is verbaas om ‘n vreemde persoon aan te tref in Vusi se plek. “Ek is Jacques en dis Suzette, ons veearts. Ons neem julle uit vanaand aangesien Vusi dringend moes ry. Ek hoop ons het ‘n baie opwindende rit vanaand! Wat wil julle graag sien?” ‘n Baie gevaarlike vraag, en Jacques besef dit maar al te goed. Maar dit skep ‘n verwagting by die gaste en maak hulle opgewonde vir die rit. Daar word gewens vir ‘n Luiperd, Leeus, aardvark en selfs ‘n ietermagô! Jacques lag maar net vir die onmoontlike versoeke.

Soos gewoonlik hanteer Suzette die kollig, en haar twee skerp ogies mis nie ‘n enkele ding nie. ‘n Piepklein Witkol uiltjie is die eerste in haar visier. Die uiltjie met sy wit streep-kolle, skaars groter as ‘n mossie, ontlok baie kommentaar van die gaste. Die uiltjie draai sy kop en dan wys Suzette hulle dat hy sowaar twee oë agter sy kop het! Hulle is uiters gelukkig om net ‘n klein entjie verder ‘n reuse ooruil te kry, iets wat jy beslis nie aldag sien nie. Sy “ore” staan baie prominent op sy kop. Die gesig is omraam

met ‘n swart kring, en as die uil sy oë knip is die pienk, amper rooi ooglede eintlik skreeusnaaks! Nou is die tonge behóórlik los, en die twee lede van dieselfde familie word oor en oor vergelyk, die een ‘n ware miniatuur en die ander ‘n reus onder die reuse. Die Witkol uiltjie is skaars 15cm groot teenoor die Reuse ooruil se volle 60cm!

Suzette kan haar geluk nie glo nie! Sy het al klaar die gaste se aand gemaak, selfs sonder die Aardvark en die Ietermagô!

Suzette is egter baie opgewonde as sy vir Jacques beduie om te stop. Sy het ‘n beweging gesien in die gras. “Ons is vanaand besonder gelukkig,” sê sy opgewonde vir die gaste, “hier is ‘n Witstert Muishond! Dis een van die héél grootste van die Muishond familie.” Sy het net vir ‘n oomblik die wit stert opgemerk. Dan kom hy uit die gras uitgeloop en jy hoor net hoe die gaste asem intrek! Die pragtige dier is werklik iets om te aanskou, met sy besonderse lang swart bene, die agterbene opmerklik langer

as die voorbene. Sy lyf is grysbruin met ‘n swart rif op die rug. Maar daai stert! Hy kan waarlik spog met sy wit opgepofde stert wat amper net so groot soos sy lyf vertoon. “Awesome!” sug een van die gaste. Nou het hulle álles gesien!

Maar nog is dit het einde niet, want nóg een van die skaars nagdiere word ‘n rukkie later vasgevang in Suzette se kollig. Hy is dubbel die grootte van die Muishond. Sy gesiggie is baie pertinent met ‘n pikswart masker oor die oë soos ‘n wafferse skelm. Die pikswart neus word omraam met spierwit kolle. Dis niemand anders nie as ‘n siwet, of soos hy ook bekendstaan as ‘n Siwetkat. Hierdie is natuurlik gladnie eers naastenby familie van ‘n kat nie, alhoewel hy katagtig voorkom. Sy lyf het kolle soortgelyk aan ‘n Muskeljaatkat en ‘n swart wollerige stert.

Die gaste hang aan Suzette se lippe as sy in detail vir hulle alles omtrent die diere beskryf. En sy geniet dit terdeë om hulle te vermaak met haar kennis. Dis so anders as haar

gewone werk waar sy net diere het om mee te gesels! En Jacques geniet dit om na Suzette se entoesiastiese praatjies te luister. Hy vat aan haar been en gee dit ‘n drukkie om te wys hoeveel hy haar bydraes waardeer.

Wanneer hulle by die lodge stilhou na die rit, kry Jacques en veral Suzette ‘n spontane applous. Jacques is doodmoeg na ‘n baie lang en vermoeiende dag, maar hy is tevrede met ‘n uiters bevredigende dag. By die woonkwartiere groet hy Suzette met ‘n innige soen terwyl hy haar styf teen hom vasdruk. Dan loop hy reguit na sy rondawel en val in die bed en slaap die slaap van ‘n dooie!

4

Amper Platgetrap!

Vroegoggend kry Jacques weer die span by die lodge. Innocent staan en ronddans van opgewondenheid, ‘n reuse glimlag op sy bakkies. “En toe? Jy lyk opgewonde vir die dag! Ek het gedink gister se swaarkry sou jou opgewondenheid blus?”

“Nóóit Meneer….. eee Jacques! Gister was baie opwindend! As elke dag só is, gaan ek die werk verskriklik geniet! Ek het baie geleer, en ek het ‘n notaboekie saamgebring, ek wil alles neerskryf!”

“Ja toe! Spring in sodat ons kan gaan werk!”

Hulle ry weer dieselfde paadjie as die vorige dag om te kyk hoe ver hulle die grensdraad sal kan oopkap. Wanneer hulle op die tweespoorpaadjie afdraai, merk Jacques dat Innocent besig is om iets aan te vang. Dan bars hy uit van die lag! Innocent het ‘n kussingsloop oor sy kop getrek! Deur twee

gate vir die oë loer die outjie vir hom. Nou het hy alles gesien! “Is dit vir die doringtakke?”

“Ja, die bliksems sal my nie weer klap nie!”

Ongelukkig keer dit nie dat sy tande opmekaar klap deur die gate nie, of dat sy agterstewe pimpel en pers gestamp word nie!

Halfpad grensdraad toe is daar skielik ‘n grys muur reg voor hulle. Jacques trap hard rem en Innocent gee ‘n harde gil! Die ou Olifantbul skrik amper groter as hulle. Hy begin omdraai, en Jacques gooi die Landie in trurat. Die klippe spat soos hy probeer wegkom van die ou dikvel af, maar dis nie so maklik nie, want agter hom is die byna ondeurdringbare bos en ‘n paar dik boomstamme. “Hy gaan ons vrekmaak!” gil Innocent histeries.

Ongelukkig het Jacques so ver gery as wat moontlik is. Met die bakkie se agterkant teen ‘n boomstam, is daar géén uitkoms nie. Intussen het die omgesukkelde ou grootpoot omgedraai en met flappende ore gluur hy

hulle aan. Die volgende oomblik storm hy. Innocent wil weer gil, maar Jacques klap sy hand om die outjie se mond. “Bly stil! Bly dóódstil of ons ís vrek!”

Met oë so groot soos pierings staar Innocent na die aanstormende dier. Jacques voel hoedat die lewe uit hom dreineer, hulle laaste oomblik het aangebreek! ‘n Enkele treetjie voordat hy hulle verpletter stop hy skielik in ‘n wolk stof. Hy gooi sy slurp in die lug, waai sy ore verwoed vorentoe en trompetter oorverdowend! Innocent sit ingekrimp in sy sitplek en maak klein tjank geluidjies soos ‘n bang brakkie. Die Olifant mik weer na hulle en skud sy kop verwoed. Jacques maak homself klein agter die stuurwiel!

Die ou bul staan nou net doodstil daar en gluur hulle aan. Dis só stil dat hulle die logge dierasie kan hoor asemhaal. Harmansdrup stadig tik die sekondes een-vir-een verby. Jacques en Innocent sit asof versteen. Jacques bid saggies dat die ou dier hulle

asseblieftog nie sal opfrommel soos ‘n stukkie papier nie!

Na wat voel soos ure, draai die ou dierasie stadig om en begin al wiegend wegstap, tevrede dat hy hierdie stuk blik só die skrik op die lyf gejaag het dat hy dit nooit óóit weer sal waag om hom van agter te bekruip en skrikmaak nie!

Vir lank sit Jacques net so om eers sy onstuimige hart kans te gee om tot bedaring te kom. Innocent huil saggies. Jacques sit sy arm om die jongeling se skouers. Dit was vir hom die verskriklikste ervaring wat hy óóit in sy jong lewe beleef het. “Ek het verskriklik geskrik Meneer! Ek was só bang! Ek dog ons gaan vrek! Ek is jammer, ek wou nie huil nie, maar ek kon nie help nie…..”

“Toemaar, moenie skaam voel daaroor nie, ‘n man mag maar huil! Jammer my ou maat, maar sulke dinge gebeur ook! Volgende keer is dit dalk ‘n Leeu!”

“’n Leeu? Dan hol ek dat dit vrek!”

“En dan? ‘n Leeu hardloop baie vinniger as wat jy kan droom om te hardloop! Dan vreet hy jou op!”

“Nou wat moet ek dan doen? In ‘n boom klim?”

“Nee Innocent, Leeus is katte, en hy kan beter boomklim as jy!”

“So wat ek ookal doen, ek is vrek?”

“Nee, daar is ‘n antwoord, jy moet net doodstil staan.”

“Nee, never! Hy gaan my mos opvreet!”

“Nee Innocent, as jy nie weghardloop nie, raak die Leeu bang vir jou, en die kans is baie groot dat hy sal omdraai en wegloop!”

Die Olifant het intussen verdwyn en Jacques wil verder ry. Maar skielik onthou hy van die werkers agterop die bakkie. Hy kyk om, maar daar is niemand! Dan sien hy iemand ‘n ent agtertoe agter ‘n bossie uitloer. Toe Ollie storm het hulle afgespring en die hasepad gekies! Dit kos baie soebat en mooipraat om

hulle weer so ver te kry om op die bakkie te kom klim. Al brom-brom mompel hulle iets van: “indlovu enkulu!” Hulle is beslis nie baie gelukkig nie. Jacques vra hulle om verskoning dat hy hulle so groot laat skrik het. Maar dan vat hulle weer die pad na die grensdraad.

Eers wanneer hulle afgepak het en begin aanstap na die plek waar hulle gister opgehou werk het, begin Innocent ontspan. “Hel, maar ek het groot geskrik!”

“Toemaar my maat, ek het nét so groot geskrik! Maar dis iets wat jy nog sal leer van hierdie soort werk, jy moet te alle tye voorbereid wees dat enigiets kan gebeur. Gister was dit die Pofadder en vandag die Olifant. Jy weet nooit wat agter ‘n bossie vir jou lê en wag nie, en jy moet wakker loop en voorbereid wees daarop dat iets kan gebeur. Gewoonlik is daar darem die een of ander waarskuwing. Onthou jy dat ek gister skielik op my hoede was voor ons die stroper gekry het? Wel, ek het ‘n kwêvoël hoor alarm

maak, toe weet ek daar is iets! Ongelukkig was daar vandag géén waarskuwing vir die Olifant nie!”

Na ‘n lang ent se stap kom hulle op die plek waar die werkers gister opgehou het. Jacques en Innocent stap verder. So ver as wat hulle stap, soek hulle spore. As hulle by iets kom, trek Innocent sy notaboekie uit en maak noukeurige sketse. Jacques is beïndruk met die outjie se kunstige tekenwerk. Na ‘n ruk vra Jacques hom wat hy dink, hoe vars die spesifieke spoor is? “Wanneer het hierdie Koedoe hier geloop?”

“Nee, hoe moet ek weet? Hoe vind jy uit? Is dit ooit moontlik om te kan sê?”

“O ja, beslis! Kyk, ek is nie ‘n spoorsnyer nie, maar daar is ‘n paar goed wat selfs ‘n minder ervare ou soos ek kan sê of ‘n spoor oud of vars is.”

“Hoe doen jy dit?”

“Ek moet eers vir ‘n begin sê dat dit nie iets is wat jy uit ‘n boek kan leer nie. Die beste

manier is om sélf toetse te doen. Maak vir jouself spore in verskillende soorte grond, en kyk wat daarmee gebeur oor ‘n tyd.”

“Dit klink na harde werk!”

“Beslis! Dit kom nie maklik of gou nie, ‘n spoorsnyer leer vir ‘n paar jaar voordat hy die kuns vervolmaak. Dis presies dieselfde as iemand wat ‘n seker kwalifikasie moet kry. Jy leer nie net gou iets uit ‘n boek nie, jy studeer vir drie jaar of langer op ‘n universiteit!”

“Maar dan gaan ek mos nooit ‘n spoorsnyer kan word nie?!”

“Waarskynlik nie, maar jy sal moet besluit waar jou eintlike belangstelling lê, en dan moet jy jou kennis in daardie rigting uitbrei. Maar wat spoorsny betref, is daar tog ‘n paar basiese dinge wat jou ‘n idee kan gee. Kyk byvoorbeeld na hierdie koedoespoor. Wat sien jy wat anders is?”

“Daar is merkies skuins oor die spoor.”

“Baie goed opgelet! Wat sou hulle veroorsaak het?”

“Dit lyk amper asof daar ‘n gogga daaroor geloop het?”

“Baie goed! Dis inderdaad ‘n gogga se spore. En wat leer jy daaruit?”

“Dat hierdie Koedoe nie meer hier naby is nie!”

“Innocent, Jy is baie kreatief! Ja, jy is heeltemal reg. Hierdie is die soort basiese dinge wat jy wél uit ‘n boek kan leer. Ek het ‘n goeie boek oor spoorsny wat jy kan leen. Maar spoorsny is maar slegs een aspek van die veld wat jy onder die knie sal moet kry as jy hierdie soort werk wil doen. ‘n Ander baie belangrike een is om dieregedrag aan te leer. Ons het vanoggend groot geskrik vir die Olifant, maar hy was nie ernstig om ons te vermorsel nie. As dit die geval was, sou hy baie anders opgetree het. Maar mettertyd sal ek jou leer wat ek ken.”

Skielik klink daar ‘n ent vorentoe ‘n verskriklike geskree op, amper soos ‘n sirene wat al hoër en hoër loei. “Kom gou, kom ons gaan kyk!”

Hulle hardloop in die rigting van die kabaal. Dan sien hulle die bron van die lawaai, ‘n Vlakvark wat besig is om onder die heining deur te grawe. “Maar waarom skree hy so?”

“Dis ‘n elektriese heining en die draad skok hom. Hy skree omdat die ding hom seer byt.”

“Maar hoekom hou hy nie op nie? Is hy dan nou stupid?”

“Omdat hy ‘n Vlakvark is! Hy wil anderkant kom en niks op aarde gaan hom keer nie, nie eers ‘n draad wat hom skok nie!”

Innocent skud sy kop en maak sirkels om sy ore met sy vinger, om te wys dat hierdie vark totaal koekoes is.

“Kom Innocent, ons moet die vark gaan verwilder anders moet ons netnou weer die gat gaan toestop!” Daarmee loop hulle na die Vlakvark toe en jaag hom weg met ‘n paar goed gemikte klippe.

“Ek het nooit geweet Vlakvarke is so gevaarlik nie, totdat ek gehoor het dat ‘n Vlakvark meneer Simphiwe aangeval het.

Maar ek het nou gesien hoe groot daardie ding se tande is!”

“Ja Innocent, mense besef nie hoe gevaarlik hulle werklik is nie. Maar dis nie daardie groot tande wat so gevaarlik is nie. Sy ondertande is baie kleiner, maar hulle slyp teen die groot botande totdat hulle so skerp soos skeermeslemmetjies is. En dit is met die skerp ondertande wat hulle ‘n vyand uitmekaar kan sny.”

“Sjoe! Ek het dit nooit geweet nie!”

Jacques voel skoon bewoë by die blote gedagte aan Simphiwe. Hy voel ook skuldig dat hulle nooit daarby uitgekom het om gisteraand vir Mpho te skakel nie. Hy maak sommer net daar ‘n onderneming om haar te skakel sodra hy vanmiddag by die huis kom. Moontlik moet hy eers by Suzette omgaan sodat hulle saam kan skakel.

In stilte stap die twee verder, elkeen verdiep in sy eie gedagtes. In Innocent se gedagtes speel die oggend se nagmerrie van die Olifant weer af, en in Jacques se gedagtes

sien hy weer vir Simphiwe daar in die hospitaal se waakeenheid met al die pype en monitors en drips wat aan hom gekoppel is. Hy sál Simphiwe se werk na die beste van sy vermoë doen! En hy sal vir Innocent behóórlik oplei om ‘n waardige handlanger vir sy dierbare vriend te wees! In sy agterkop hoor hy ‘n bosveld Visvangertjie tril. ‘n Geelbek Neushoring duik van ‘n tak af en kom vang ‘n vet sprinkaan op die grond ‘n entjie voor hulle. Hoog bo hulle sweef ‘n Berghaan geruisloos en moeiteloos deur die helderblou lug terwyl hy homself stuur met sy koddige kort stert. Alles is so perfek en vreedsaam, alles behalwe sy vriend wat in die hospitaal lê en worstel vir sy lewe en sy been!

Jacques skrik wakker uit sy dagdroom wanneer ‘n Koedoe skielik ‘n entjie voor hulle agter ‘n boom uitspring en in die bos verdwyn. Jacques sien hier ‘n gulde geleentheid om vir Innocent te leer van spoorsny. “Kom ons gaan kyk gou na die Koedoe se spore!”

By die plek waar die Koedoe gestaan het, hurk hulle. “Kyk baie mooi hoe hierdie spore lyk in vergelyking met die voriges wat ons gesien het. Ons weet dat hierdie vars is. Kyk baie naby, sien jy hoedat die sandkorreltjies nog amper in die lug hang? Oor tien minute gaan hulle begin droog word en verkrummel.” Innocent het sy notaboekie uit en maak sketse. By die spore waar die Koedoe weggespring het, maak hy wéér aantekeninge asook waar die dier gehardloop het.

“Innocent, spore kan ‘n storie vertel wat in die grond geskryf is. Jy kan dikwels presies sien wat gebeur het net deur na spore te kyk!”

“Sjoe, hier het ek nou vandag iets baie interessant geleer, selfs al sou ek nie die dier gesien het nie! Dankie Jacques!”

Jacques hoor iewers uit die bos ‘n hoë skreeu geluid, tipies van die valke en arende. Hy hoor dit weer ‘n slag, dan begin hy vermoed dat daar iewers ‘n nes moet wees. “Kom ons gaan soek hom!” Dadelik is

Innocent opgewonde. Hulle loop op die geluid af. Maar dan is dit weer stil. ‘n Rukkie later hoor hulle weer die skril skree. Jacques soek deur die bome, en dan sien hy dit raak. In die mik van ‘n Knoppiesdoring sien hy die stokkiesnes en die akkedisvalk wat op hom sit. Dan skree Ma, en Pa kom ingevlieg met ‘n klein slangetjie in die bek. Ma raak skoon opgewonde wanneer hy op die nes land en die prooi oorhandig.

Innocent se mond hang oop: “Hoe het jy geweet?”

“Mens leer om sekere geluide met sekere diere en gebeurtenisse te koppel. Toe ek die valk hoor aanhou skree uit dieselfde rigting, het ek geraai dat daar ‘n nes moet wees.”

Innocent maak ‘n aantekening in sy notaboekie. “Ek begin nou besef hoe baie ek nog het om te leer, dit gaan my jare vat om alles onder die knie te kry!”

“Innocent, kom ek vertel jou nou, jy hou nooit op leer nie! Selfs die slimste professor leer nog elke dag!”

Jacques en Suzette sit knus teen mekaar en ontspan op haar rusbank, elkeen verdiep in sy eie gedagtes. Hulle het vir Mpho geskakel, en sy het sommer baie meer positief geklink, nie eers eenkeer gehuil nie! Die dokter het vir haar gesê dat haar Simphiwe sowaar ‘n baie taai man is en dat hy buite gevaar is. Alhoewel sy been steeds in die weegskaal is, begin dit baie positief lyk.

Jacques se gedagtes gaan weer terug na die dag se gebeure en hy raak yskoud as hy dink aan daardie Olifant. Hy het nog nie eers vir Suzette daarvan vertel nie. Hy sit sy arm styf om haar lyf en gee haar ‘n drukkie. Sy kyk op na hom en glimlag, dan kom lê sy met haar kop op sy bors. Hy soen haar saggies op haar voorkop, en sy sug gelate. Hy wou haar vertel het van die Olifant, maar nou is beslis nie die tyd nie! Vir ‘n lang ruk sit hulle so en geniet net mekaar se warmte. “Ek is lief vir jou, Jacques….. “

“En ek vir jou, Suzette!”

“Ek dink ons vriendskap het nou baie meer begin word as net blote goeie vriende!”

“Ek stem saam, elke keer as jy aan my raak, maak dit iets hier in my wakker. Ek het nog nooit só oor ‘n meisie gevoel nie!”

Sy lig haar ken en kyk op in sy oë. Hy reageer deur sy lippe op hare te plaas en haar saggies te soen. Iets ruk hier diep binne in hom, en sy sagte soen word meer intens, totdat hulle wriemel in mekaar se lywe en hartstogtelik soen. Jacques voel hoedat die hitte in sy lyf opstoot totdat hy voel asof dit wil bars in hom. Suzette hyg na haar asem. “Jacques…. Jacques, dit raak witwarm! Ek smag na jou lyf! Ek dink ek beter vir ons gaan koffie maak voordat ons altwee uitbrand!”

Terwyl sy koffie maak kom staan Jacques agter haar, sy lyf styf teen haar. Hy sit sy arms om haar plat magie en soen haar saggies in die nek. Sy voel hoedat die rillings deur haar trek van pure lekkerkry.

Wanneer hulle hulleself weer op die bank neervly met bekers stomende koffie, laat val Jacques: “Vanoggend was ons so ampertjies platgetrap!”

“Wat het gebeur?”

“Die bos was baie dig en toe ry ek amper teen ‘n Olifant vas. Ek weet nie wie groter geskrik het nie, ek of hy! Maar toe is hy sommer kwaad en hy storm ons. Ek het probeer wegkom, maar die paadjie is so nou en die bos so dig, dat dit onmoontlik was. Hy het gestorm tot reg teen ons!”

“Dis scary! En toe?”

“Toe ons nie verder kon ry nie, het hy ons net aangegluur, en toe draai hy uiteindelik om.”

“En Innocent? Hoe het hy dit gevat?”

“Eers gegil en toe gehuil! Ek het hom só jammer gekry! Dit was ‘n traumatiese ondervinding vir hom! Ek dink hy’t sy broek natgepiepie!”

“Ek sou ook! Foeitog!”

Hulle sit ‘n lang ruk stil. Dan sug Suzette: “Ek is só bly jy’s veilig!”

5

Skool in die Bos

“Goeiemôre Jacques, dankie dat jy ingekom het. Hoe gaan dit met Innocent? Ek hoef nie oor jou te vra nie, want ek weet jy geniet die tydjie in die bos, of hoe?”

“Ja meneer Dlamini, dis harde werk, maar Innocent het ‘n totale nuwe dimensie in die werk ingebring. Ek geniet dit só om hom op te lei. En ja, dit gaan baie goed met hom! Die outjie is soos ‘n spons wat alles insuig. Hy is so entoesiasties en hy leer baie vinnig. Hy is sowaar in sy element in die bos!”

“Wel Jacques, ek het ongelukkig vir jou ‘n takie, en jy is die enigste een wat dit kan doen. Oor drie dae kom hier ‘n skoolgroep aan, en ek wil vra dat jy jou boswerk vir die dag opskort en eers die groep uitneem.”

“Dis reg so, ek geniet die skoolgroepe. Dis ‘n groot uitdaging, maar dis baie bevredigend want die kinders drink elke woord in. Boonop

is dit vir meeste van hulle ‘n eerste ondervinding van ‘n wildtuin en wilde diere. Maar wat van Innocent?”

“Vat hom saam en sit hom op die hot seat!”

Jacques bars uit van die lag: “Dit sal hy verskriklik geniet! Ons sal móét ‘n uniform vir hom kry!”

oooooooooOO0OOoooooooo

Innocent pronk soos ‘n wafferse hoenderhaan in sy splinternuwe uniform waar hy al van vroegoggend af ongeduldig staan en wag vir die skoolbus om sy opwagting te maak. Jacques het nie ‘n woord gerep dat hy op die klein warmsitplekkie voor op die voertuig gaan sit nie. Dit sal vir hom ‘n verrassing wees.

Dan kom die bus met ‘n groot gejuig om die draai. Wanneer dit stilhou, borrel die kinders opgewonde al laggende uit die bus. Dit kekkel en babbel oorverdowend, en die arme onderwyser het ‘n harde tyd om die kinders tot bedaring te probeer kry. Uiteindelik slaag

hy tóg daarin en dan tree Jacques na vore en stel homself voor. “Ek is meneer Jacques le Roux, maar noem my sommer Jac. En hierdie jong man is vandag ons spoorsnyer. Sy naam is Innocent Mbonambi.” Duidelik het die onderwyser hulle voor die tyd geoefen, want soos een man sing hulle: “Goeiemôre meneer Jac, goeiemôre meneer Innocent!”

“Meneer Innocent is die spoorsnyer, en die spoorsnyer sit altyd op die warmsitplekkie, die klein sitplekkie voor op die voertuig. Ongelukkig is hy die eerste een wat die Leeus ontmoet!”

Die kinders lag, maar Innocent se oë rek groot: ”Moet ek dáár sit? Is jy ernstig? “

“Smile Innocent, smile en maak asof jy dit elke dag doen!”

Innocent sit sy grootste plastiek glimlag op en lig sy hoed vir die kinders. Hulle geniet dit, maar Jacques kan sien dat die arme kêreltjie gladnie geneë is om Leeukos te wees nie! Jacques lag in sy binneste terwyl hy vir Innocent knipoog, want hy onthou baie goed

hoe hy sélf eendag amper Leeukos was op daardie selfde rooiwarm sitplekkie! Hy beduie vir Innocent: “Onthou, jy is die spoorsnyer, jy moet vir spore soek!” En skielik besef Innocent dat hy ál die kennis wat hy die afgelope week opgedoen het sal moet uitgrawe!

Jacques gee eers vir die kinders ‘n ernstige praatjie en hy verduidelik vir hulle dat die diere wat hulle gaan teëkom almal wilde diere is en dat hulle maklik skrik vir geraas. Hulle moet te alle tye doodstil wees, anders hardloop hulle weg. Maar hulle moenie bang wees om vrae te vra nie.

Hulle vertrek, en Jacques kry die arme onderwyser jammer want hy moet sukkel om die kinders stil te hou. Innocent neem sy taak baie ernstig op en hy hou die sandstrook langs die pad met valkoë dop vir tekens van spore. Skielik hou hy sy hand in die lug: “Baie vars Hiëna spore! Hulle loop voor ons uit.”

“Innocent, wil jy vir die kinders verduidelik hoe jy weet dis ‘n Hiëna wat hier geloop het?”

“Is jy ernstig?”

“Ja Innocent!”

Innocent sluk ‘n slag, dan maak hy keelskoon: “Julle outjies, ek wil julle gou iets wys. Kyk ‘n bietjie na die spore hier langs die voertuig. Dit lyk amper asof ‘n hond hier geloop het, maar ek verseker julle, hierdie een is g’n brakkie nie, dis ‘n Hiëna!”

Jacques se mond hang oop as hy luister hoedat Innocent vol selfversekering vir die kinders begin verduidelik. Hierdie outjie praat die kinders se taal en hulle hang aan sy lippe. Hulle ry verder en dan kry hulle die eienaar van die spore. Jacques is opgewonde, maar voordat hy nog kan begin verduidelik, draai Innocent om en begin vir die kinders in kleurvolle taal vertel van hierdie formidabele dier. Hy vertel dat die Hiëna gladnie die lafhartige aasdier is wat meeste mense dink nie, maar dat hy ‘n

gevaarlike jagter is. Jacques is stomgeslaan oor Innocent se kennis van die dier. Waar het hy skielik alles geleer? Skaars ‘n week gelede het hy nog niks geweet nie! Jacques ys dat Innocent vir die kinders gaan uitwei oor die wyfie se aanhangsels en swingels, maar gelukkig doen hy dit darem nie en Jacques slaak ‘n sug van verligting! Hierdie kinders is nog hééltemal te jonk om te leer van ‘n ekstra groot klit!

‘n Ent verder kry hulle skielik ‘n trop Leeus wat in die pad lê nét toe hulle om die draai kom. Natuurlik is die kinders in ekstase, maar Jacques se oë gaan dadelik na Innocent. Die arme mannetjie verstar op sy warm sitplekkie met niks buiten vars lug tussen hom en die Leeus! Jacques se gedagtes flits onmiddellik terug na die dag toe hy sélf op daardie plekkie gesit het en die Leeu aan sy skoen wou kom proe! Hy sal nie vir Innocent deur daardie trauma sit nie! Hy hou dus stil op ‘n veilige afstand van die groot katte af. “Innocent, moenie stres nie! Hulle sien jou

nie eers raak daar waar jy sit nie, wees net rustig en moenie beweeg nie.”

Innocent se oë is so groot soos pierings. Jacques begin vir die kinders vertel van Leeus. “Hulle is natuurlik katte, báie groot katte! En natúúrlik baie gevaarlik en hulle is só sterk dat hulle selfs ‘n dier so groot soos ‘n Buffel kan vang en doodmaak. Leeus is die enigste van die katte wat sosiaal is, met ander woorde om in troppe saam te bly en saam te jag.”

Hy vertel vir hulle dat ‘n Leeumannetjie tot 240kg kan weeg, dat hulle slagtande 60cm lank kan wees en dat hulle hoofsaaklik snags jag. Deur die dag lê hulle gewoonlik en slaap. En dis gewoonlik nie die mannetjies wat jag nie, maar die wyfies. Hulle jag saam in ‘n groep. Die mannetjies jag gewoonlik slegs wanneer daar ‘n baie groot dier soos ‘n Buffel is.

Intussen hou Jacques die Leeus fyn dop om seker te maak dat een nie dalk in Innocent

begin belangstel nie. Innocent is uiters verlig wanneer Jacques uiteindelik sy ry kry!

Jacques wou eers by die Leeus verbyskuur, maar toe besluit hy tog om ter wille van Innocent eerder om te draai en ‘n ander pad te kies. Ook maar goed, want Innocent se skerp oë vang skielik ‘n piepklein swart gesiggie wat by ‘n gat in ‘n miershoop uitloer. Ongelukkig ken hy die diertjie gladnie, dus trek hy opgewonde Jacques se aandag: “Kyk Jacques!”

“Kinders, ons is baie gelukkig, wie van julle kan raai wie se gesiggie hierdie is?”

Net een outjie waag dit om te raai: “’n Swart muis?”

Jacques lag: “Kom ek help julle, hierdie is ‘n Muishond. Maar dis nie sommer net enige Muishond nie, want hy is baie kleiner as die ander Muishonde. Om die waarheid te sê, hierdie is ‘n dwergie! Ons noem hom ‘n Dwerg Muishond. Hulle bly gewoonlik saam in familiegroepe van so tien.”

“Maar meneer Jac, hoekom is hierdie een dan alleen?”

“Nee, ek glo nie hy is alleen nie, die res is seker onder in die gat.” Dan loer ‘n tweede swart gesiggie by die gat uit, en ‘n derde én nog ‘n maatjie. Hulle pikswart kraalogies is gefokus op die kinders wat só na hulle staar.

“Wanneer hulle gaan kos soek, sprei hulle uit oor ‘n groot gebied, maar hulle gesels die hele tyd met mekaar. Hulle maak ‘tjoek-tjoek’ geluidjies om vir mekaar te sê waar hulle is. En as daar gevaar is skree enetjie ‘sjoe-sjwie’. Dan gaan staan hulle stokstyf op hulle agterpootjies om te sien waar die gevaar is.”

Die kinders lewer lewendig kommentaar met: “Ag is hulle nie te skatlik nie!” en “Ag sweet!”

“Kyk die ou piepklein neusies!”

“Ja, en die ou ronde oortjies!”

Wanneer die kinders klaar hulle kyk gekyk het, ry hulle verder, net om weer deur Innocent gestop te word met ‘n luide: “Kameelperd!”

Almal rek hulle nekke om te kan sien waar Innocent beduie. “Net agter die bome!” verduidelik hy.

Jacques ry stadig tot die lang nekke agter die bome verskyn. Die kinders snak na hulle asems! Hulle het al gehoor van hierdie verskriklike lang diere, maar nie een van hulle kon droom dat ‘n Kameelperd só lank kan wees nie!

Voordat Jacques nog iets kan vertel oor Kameelperde, val Innocent met die deur in die huis: “Luister ouens, hier voor julle sien julle die langste landdier in die hele wêreld! ‘n Kameelperd kan amper ses meter lank in sy sokkies staan! En nou wil ek julle ‘n amazing ding vertel. Maar eers ‘n vraag: julle het mos op skool geleer van ‘n mens se skelet. Hoeveel nekwerwels het ‘n mens?”

Een slim outjie steek hand op: “Sewe!”

“Ja, tien uit tien vir jou! Terloops meeste soogdiere het sewe nekwerwels. Nou die strikvraag: kyk na daardie verskriklike lang

nek van die Kameelperd. Hoeveel nekwerwels dink julle het daai ding?”

“’n Honderd!” waag een dit.

“Nee, moenie laf wees nie man! Net vyftig!”

“Ek het ‘n verrassing vir julle, ‘n Kameelperd het nét sewe nekwerwels, dieselfde as ‘n mens!”

Nou babbel dit deurmekaar en daar word heftig protes aangeteken: “Dis onmoontlik! Jy vertel stories!”

“Meneer Jac? Praat hy die waarheid meneer?”

Jacques lag lekker: “Kinders, hy praat inderdaad die waarheid! Daai lang nek het slegs sewe werwels. Dis báie lang werwels!”

Nou kyk die kinders met groter waardering na Innocent. Hy vat sommer dadelik die gaping. “Ouens, ‘n Kameelperd lyk so skadeloos en rustig, maar hulle is eintlik baie gevaarlike diere. Hulle bene en pote is verskriklik sterk. As hulle bedreig word deur

roofdiere, dan kap hulle met hulle voorpote na die dier. ‘n Kameelperd kan ‘n groot Leeu morsdood kap met sy pote! En hulle lyk so lomp, maar hulle kan maklik tot 50 kilometer per uur hardloop!”

“Wow!” Nou is die kinders sommer baie beïndruk!

Nou gooi Jacques ook sý stuiwer in die armbeurs: “Wie kan raai waar die dier sy naam vandaan kry?”

Nou is almal stil, niemand kan eers raai nie. “Baie jare gelede het ontdekkingsreisigers vir die eerste keer die diere gesien en nie geweet wat dit is nie. Toe dink hulle dat dit ‘n kruising moet wees tussen ‘n kameel en ‘n Luiperd, omdat hy soos ‘n kameel loop en die kolle van ‘n Luiperd het. Toe noem hulle dit ‘Cameloperdalis’. Toe die Hollanders in die Kaap kom was hierdie naam vreemd, toe verander hulle dit sommer na Kameelperd. Intussen het die Arabiere hulle eie naam vir die dier gehad – Zaráfa, wat beteken dat hy saamgestel is uit ‘n paar verskillende diere.

Die Engelse het toe sommer Zaráfa verander na Giraffe. Die wetenskaplike naam vir hom is vandag: Giraffa Camelopardalis. In Zoeloe word hy ‘uNomgodi’ genoem en dit beteken bloot die dier met die lang nek.”

En net so om die kersie op die koek te sit, merk hy op: “En terloops, hy is geensins familie van ‘n perd óf ‘n kameel nie. Sy naaste familie is die Okapi van Suid-Amerika!”

Innocent kyk die kinders deur: “Ek hoop julle het almal notas gemaak! Julle onderwyser gaan julle laat toets skryf hieroor!”

Ongelukkig kom alle goeie dinge tot ‘n einde, en so ook hierdie skooluitstappie. Na ‘n dag waar die kinders waarskynlik meer geleer het as in ‘n jaar op die skoolbanke, kom hulle voertuig tot stilstand voor die lodge. Dit was ‘n lang dag, maar een wat die kinders in hulle lewe nooit sal vergeet nie. Jacques is tevrede want hy weet dat die kinders waarde vir hulle tyd gekry het. Hy kyk in Innocent se rigting. Die jong man staan met ‘n glimlag op

sy bakkies wat dreig om reg rondom te gaan. Al die meisies wil aan hom raak, want hy is hulle held en die seuns dink dat hy die héél slimste is! Jacques se bors swel van trots vir sy briljante leerling. Nie een van die kinders sou ooit kon raai dat die outjie twee weke gelede absoluut niks geweet het van die bos nie!

Wanneer die bus by die lodge se hek uitry, stap Jacques na Innocent en gee hom ‘n stewige handdruk: “Wel gedaan ou maat, ek weet nie wanneer jy al hierdie dinge geleer het nie, maar wel gedaan!”

6

Mtunzini

Suzette sit-lê met haar kop op Jacques se skouer, haar hand om sy bobeen gevou en ‘n sielsalige uitdrukking op haar gesig terwyl hulle verby Kwambonambi ry. Dis hulle afdag en dis nog vroegoggend, waar hulle op pad is na Richardsbaai om vir Simphiwe te gaan kuier. Jacques het die vorige dag ‘n lang gesprek gehad met sy vriend se dokter, en uiteindelik kon hy hom oortuig dat dit net goed kan wees vir Simphiwe om hom uit die hospitaal vry te laat vir ‘n dag. Hy moes belowe dat hy die dokter se instruksies streng sou volg!

Suzette draai haar kop na Jacques se gesig: “Ek wonder nou net, wat maak Innocent vandag?”

“Innocent? O, ek het hom vir Vusi gegee vir die dag. Hy gaan saam met hom uit met sy groep, Vusi gaan hom op die warmsitplek

laat sit. Daardie outjie het soveel potensiaal, ons móét hom net eenvoudig oplei as ‘n gids! Ek het vir Vusi gesê hy moet asseblief vir Innocent geleentheid gee om vir die groep te vertel van spore en diere. Sy kennis is fenomenaal vir iemand wat nog so min ondervinding het.”

“Ek sien só uit na vandag, maar ek is bang.”

“Bang? Waarvoor?”

“Dat ons dalk iets verkeerd kan doen met Simphiwe! Ons sal hom só versigtig moet hanteer. Daar mag nie ‘n terugslag kom met sy been nie!”

oooooooOO0OOoooooooo

By die hospitaal aangekom loop hulle haastig na Simphiwe se saal. Hy is intussen verskuif uit die ICU na ‘n algemene saal. Daar aangekom, is alles in rep en roer. Die verpleegsters is nie gewoond daaraan dat pasiënte vir die dag uitgelaat word nie, en hulle weet nie mooi hoe om dit te hanteer nie. Mpho wag hulle in met ‘n breë glimlag.

Sy spring op en af van opgewondenheid en Simphiwe sit gereed in sy rolstoel, nét reg om te gaan. Hy strek sy arms uit na Jacques en omhels hom, baie bly om sy vriend te sien!

Jacques wil Simphiwe uitstoot, maar ‘n verpleegster keer hom: “Dis die portier se werk! Jy mag hom nie hier uitstoot nie!” Maar dan moet hulle eers luister as die saalsuster haar instruksies gee oor presies hoe die man hanteer moet word en al die moets en moenies. Hy is in ‘n spesiale rolstoel met sy been wat horisontaal lê op ‘n spesiale stut. Die been mag nie beweeg word nie.

Wanneer hulle onder kom, is dit omtrént ‘n operasie om hom agter in Jacques se Jimny te kry. Hy moet dwars sit met sy been op Mpho se skoot. Om die groot rolstoel in die klein motortjie se bak te kry, vat ‘n klomp beplanning, maar uiteindelik is almal en alles in.

“Waarheen gaan ons?”

“O, ek het jou nog nie eers vertel nie Simphiwe, ons gaan die dag by Mtunzini spandeer, dis so ‘n halfuur se ry.”

Simphiwe wil nou eers alles weet van wat gebeur het terwyl hy in die hospitaal was. Jacques vertel hom dat hy tydelik sy werk moes oorneem, en hy vertel hom van Innocent. Simphiwe is gladnie gelukkig dat hy nou ‘n handlangertjie het om op te pas nie. Maar dan verduidelik Jacques dat daar iemand móét wees wat kan uithelp as Simphiwe die dag siek is, of soos juis nou in die hospitaal. Ja, hy verstaan, maar Jacques kon darem ten minste iemand gekry het met ondervinding!

“Simphiwe,” raas Mpho, “Jy’s nou ‘n regte beer met ‘n seer kop! Kan jy nie rede insien nie? Jacques het net gedoen wat die beste vir jou is! En boonop lei hy nog die outjie vir jou op óók!”

“Ja, oukei!” brom Simphiwe.

Maar dan draai hulle af na Mtunzini. Mpho vergaap haar aan die skilderagtige

kusdorpie, sy was nog nooit voorheen hier nie. Die dorp is uitgelê teen die hang van ‘n bult wat uitkyk oor die pragtige kuswoud, en anderkant strek die wye Indiese Oseaan. “Dis asemrowend mooi!”

“Wag, voordat ons na die reservaat gaan, kom ons ry gou eers ‘n draai, daar’s iets wat ek julle wil wys.”

Hulle ry teen die bult af, en dan draai hulle regs af in ‘n grondpaadjie totdat hulle by ‘n bos reuse palmbome kom. Jacques verduidelik: “Hierdie is Mtunzini se beroemde Rafiapalmwoud. Dis terloops die palm met die grootste blare. Hulle kom nie natuurlik hier voor nie, so hulle is aangeplant. Maar wat dit so uniek maak, is dat hulle die Witaasvoël hierheen gelok het. In Engels is hy die Palm Nut vulture, wat iets vertel van sy eetgewoontes. Anders as ander aasvoëls, eet hierdie een hoofsaaklik die sade van die Raffia palm en die oliepalm.

“Daar is ‘n groot wit voël in daardie palmboom wat ek gladnie ken nie, lyk amper soos ‘n groot seemeeu.”

Jacques kyk waar Mpho beduie, dan raak hy baie opgewonde: “Dis sowáár ‘n Witaasvoël! Ons is baie gelukkig, want min mense het hom al ooit gesien!”

Verkykers word uitgepluk en die pragtige aasvoël word entoesiasties aan mekaar beskryf. Maar dan besluit die voël om ander weivelde te gaan soek, en die viertal draai terug en ry na die reservaat.

Jacques was al ‘n paar keer hier, maar elke keer wil hy hom verkyk aan al die mooi! Hulle ry oor ‘n lae bruggie wat gespan is oor ‘n vleiland wat dig begroei is met papkuil en fluitjiesriet. Dan ry hulle ‘n kort entjie al langs die vleiland af na die strandmeer. Aan hulle regterkant verrys ‘n digte kuswoud wat ‘n hoë duin bedek. Voor hulle loop die paadjie dood teen ‘n groot, spieëlgladde strandmeer. Daar is pragtige piekniekplekke uitgelê, en hier besluit hulle om uit te span vir die dag.

Nou begin die groot operasie eers weer om Simphiwe uit die motor te kry en op sy rolstoel, sonder om sy been te beweeg. Dan word hy in die skadu van ‘n wildevy geparkeer en die piekniekmandjie word uitgepak op ‘n sement tafeltjie. Jacques en Suzette vly hulleself neer op die welige groen gras terwyl hulle kyk vir die jong paartjie wat in twee kano’s in die meer opgeroei kom. “Is hier nie krokodille nie?”

“Inderdaad, kyk dáár teen die oorkantste bank lê juis een en bak in die son!”

“Maar dan vat hierdie tweetjies mos ‘n groot kans!”

“Ja Suzette, maar hier is baie mense wat hier roei, so ek dink dit moet seker veilig wees. Maar jy durf beslis nie hier probeer swem nie!”

‘n Groot rivierboot met ‘n klompie gaste op kom lui-lui in die meer afgeseil op pad na die rivier monding om die draai in die meer, en die mense waai vriendelik vir die vier.

“Ek kan nie heeldag hier lê en niksdoen nie, hoe voel julle, sal ons ‘n entjie gaan stap?”

Almal is geneë daarmee en die piekniekgoed word weggepak. Daar is ‘n pragtige wandelpaadjie wat al langs die meer uitgelê is, en Simphiwe kan al die pad saamgaan in sy rolstoel. Die paadjie kronkel oor houtbruggies tussen die manglietwoude deur. Die vier verkyk hulle aan die ingewikkelde ekosisteem van die wortelboom moerasse. Onder hulle is dit pure modder wat wemel van lewe. Dis veral krappe wat die moeras oorheers. Daar is die manglietkrappe wat in gaatjies in die modder bly, en die oomblik as ‘n blaar van een van die wortelbome afval, skarrel om die blaar te gryp voordat iemand anders dit kry. Met groot moeite word die blaar in sy gat ingesleep. En dan is daar natuurlik die vioolkrappe. Die mannetjie het een piepklein knypertjie en een reuse wit knyper wat hy die hele tyd rondswaai om te probeer om ‘n wyfie se aandag te trek.

Af en toe maak ‘n moddervissie ook sy opwagting. Die koddige klein vissie se ogies sit soos knoppies bo-op sy kop. As hy by ‘n modderbank kom, spring hy uit die water uit en “loop” op die modder rond.

Die paadjie kronkel deur die wonderwêreld van die wortelbome wat in die modder groei. Om te kan oorleef groei die bome se wortels soos stokkies opwaarts om te kan “asemhaal” bokant die verstikkende modder. Tussen die bome is ‘n magdom modderpoeletjies.

Simphiwe begin moeg raak en hulle besluit om om te draai. Alhoewel Simphiwe moeg is van al die opwinding, het hy sommer weer nuwe energie, en hy lyk tienkeer beter as die oggend in die hospitaal. Die dokter het inderdaad ‘n baie goeie ding gedoen om hom vry te laat!

Dis tyd vir middagete en ‘n vuurtjie word aangesteek in een van die braaiplekke. Hulle braai vir elkeen ‘n worsie en heerlike

braaibroodjies wat Suzette die vorige aand met kaas, uie en tamatie gemaak het.

Na ete stel Mpho voor: “Kom ons gaan kyk hoe lyk die woud, hoe voel julle?” Simphiwe is teen hierdie tyd al goed uitgerus, en hulle begin stap. Dis ‘n hele entjie om tot by die wandelpaadjie deur die woud te kom. Tot hulle groot teleurstelling is die paadjie deur die woud egter te rof vir Simphiwe se rolstoel.

Dan besluit Mpho: “Ek sal hier saam met Simphiwe sit, dan gaan stap julle deur die woud.”

Hulle stoot die rolstoel so diep in die woud in as wat dit begaanbaar is. Skielik is hulle in ‘n wonderwêreld van feëtjies en alles wat jou verbeelding kan aangryp. Die blaredak vou oor hulle toe en hulle word omring deur reuse Melkhout, Waterbessie en Witstinkhout bome. Reuse stompe van bome wat deur die jare omgeval het, bedek hier en daar die woud vloer. Hulle is toegegroei met sagte groen mos en kleurvolle swamme van helder

oranje, wit en bruin groei welig op hulle. Die geluid van voëls kom saggies deur die woud aangesweef, Bloukuifloeries, Papegaaiduiwe en ‘n klomp ander wat hulle nie herken nie. Hier naby hulle skrop en lawaai ‘n paar Boskrappers luidrugtig met hulle “tjirrup-tjirrup.”

Iewers sing ‘n klein voëltjie die mooiste liedjie: “Weewee, tjoerel-tjierie-tjoeeee. ”

Suzette giggel: “Daardie voëltjie sing die mooiste liedjie, wat is dit?”

“Dis ‘n valerige ou klein voëltjie, ‘n gewone Willie, en hy sing: ‘Willie, gee my ‘n soentjie toeeeee!’”

“Is dit nie sweet nie? Ek hoor presies die woorde!”

‘n Sagte “tjier-tjoer-tjier-tjoer” kom van iewers af aangesweef deur die klam woudlug. Simphiwe herken hom dadelik: “Natal Janfrederik! Dis die mooiste voëltjie, helder oranje lyfie en grys-blou rug. Dis absoluut hemels om maar net hier te kan sit. Suzette,

hoekom gaan stap jy en Jacques nie? Ek en Mpho sal hier sit en die woudklanke geniet.”

“Ons maak so!” en daarmee begin hulle die woudpaadjie volg wat kronkel tussen die eeue-oue woudreuse deur onder die geklank van ‘n paar boskraaie wat klink soos die gekerm van ‘n babatjie met ernstige koliek! Suzette se klokhelder lag weergalm deur die bos – die skreeulelike boskraaie se gekerm is skreeusnaaks!

Mpho trek Simphiwe se rolstoel tot teen ‘n mosbedekte boomstomp, dan kom sit sy styf teen hom op die stomp en lê met haar kop op sy skouer. Die heerlike klam geure van die woud vul hulle longe terwyl hulle hulle verlustig in die betowerende klanke van die woud.

Skielik kyk Mpho op: “Wat was daardie? Dit klink amper soos ‘n Bloukuifloerie, maar sy stem is meer kras.”

“Ek het hom nog net eenkeer voorheen gehoor, en ek dink hy het verdwaal! Dis ‘n Knysnaloerie!”

“Wat maak hy dan hier in KwaZulu-Natal? Kry jy hulle nie net in Knysna nie?”

“O, jy kry hulle in al die woude langs die Ooskus, nie net in Knysna nie.”

Hulle soek deur die blaredak totdat Mpho opgewonde ‘n gilletjie gee: “Ek sien hom! Kyk daar!” en sy beduie na die takke van ‘n reuse rooimelkhout. Dit is ‘n asemrowende mooi voël, olyfgroen lyf, maar waar die Bloukuifloerie se parmantige kuif pers is, is hierdie een groen met die punte van die vere wit. ‘n Ruk later is daar ‘n ritseling in die blare en ‘n Rooiduikertjie kom kalm verbygeloop. Hy steur hom skaars aan die twee. Baie duidelik is hy mense gewoond!

‘n Halfuur later kom Jacques en Suzette terug, al blosend en hulle hou handjies vas. Hulle lyk sommer skuldig! Maar Jacques kan sien dat Simphiwe ongemaklik en moeg is, en hulle besluit om dadelik terug te keer. Jacques stoot sy vriend die ent na sy Jimny. Dit het tyd geword dat hulle terugkeer na die hospitaal.

Skaars begin hulle ry of Simphiwe is vas aan die slaap! By die hospitaal aangekom, is dit ‘n baie bekommerde saalsuster wat hulle ontvang. “Ek hoop nie julle het hom te veel bemoei nie! Het julle sy been die hele tyd stil gehou? Ek hoop nie julle het hom te veel rondgestoot nie…… “

“Moenie worry nie Suster, hy het dit oorleef!”

“Oorleef?! As julle hom…… “

“Toemaar Suster, hy het die hele tyd op een plekkie doodstil gesit!”

Dis ‘n tranedal wanneer Jacques en Suzette terugry na Izimpondo Zenyathi.

7

Welkom Terug!

Die vreugdevure brand hoog! Jacques en Innocent het spesiaal vir die geleentheid ‘n groot hoop hout in die veld gaan optel. Die hele lodge se personeel is daar, want dis ‘n heuglike geleentheid, Simphiwe is terug! En boonop het hy twéé bene en altwee werk! Die lodge se kombuis het behoorlik uitgehang om eetgoed te voorsien vir sy verwelkomingspartytjie. En dan is daar boonop braaivleis wat die manne op die kole gaan gooi.

Meneer Dlamini is aan die woord en hy vertel hoe bly hy is om weer vir Simphiwe terug te kan hê in een stuk, en natúúrlik praat hy namens almal!

Dan begin die partytjie amptelik, en die drankies vloei vryelik terwyl almal klets en skerts en heerlik saam kuier. Baie later, wanneer dit begin stil raak, gesels ‘n paar

Leeus hier naby lekker saam in hulle diep basstemme, en ‘n Hiëna sing vir hulle ‘n liedjie, terwyl Naguiltjie sorg vir die byklanke.

Die aand raak baie mooi terwyl die viertal, Simphiwe, Mpho, Jacques en Suzette uitgestrek op die grasperk saam lê en kuier.

“Simphiwe, jy moet tog maar sag wees op Innocent, hy is hoog op sy senuwees oor die kwaai baas waarmee hy nou gaan saamwerk! Maar ek kan jou verseker, hy is ‘n baie oulike outjie en hy leer baie vinnig!”

“Ek dink nog steeds dit was onnodig! Maar nou ja, ek sal dit seker maar so moet aanvaar! Hy sal tenminste ‘n goeie hulp wees totdat my been heeltemal herstel het!”

oooooooOO0OOoooooooo

‘n Tinteling vloei deur Jacques, dis die eerste keer in maande wat hy weer ‘n toergroep kan uitneem, en hy is baie opgewonde. Die tyd met Simphiwe in die hospitaal het baie harde werk vir hom beteken. Dit was iets anders en hy het dit baie geniet. Maar toergroepe is

eintlik wat hy geniet, en hy sien uit na vanoggend se groep!

Die toerbussie hou voor die lodge stil en Jacques staan vinnig op. Voor die lodge word die gaste verwelkom deur twee aanvallige Zoeloemeisies in hulle tradisionele drag en ‘n skinkbord met bruisende vrugtesap vir elke besoeker. Jacques kom die besoekers tegemoet met uitgestrekte hand en ‘n innemende glimlag op sy gesig: “Hartlik welkom by Izimpondo Zenyathi! Ek is Jacques le Roux. Ek gaan vir die volgende paar dae na al julle behoeftes omsien!”

Hy reël met hulle dat die portiere hulle na hulle slaapkwartiere sal neem, en dan ontmoet hy hulle oor ‘n halfuur vir hulle eerste wildbesigtigings rit.

‘n Halfuur later vertrek Jacques met sy groep. Hulle ry ‘n kort entjie tot by ‘n dammetjie, waar hy stilhou. Dis ‘n pragtige opset, met ‘n klein eilandjie in die middel van die dam. Die blink watertjie weerkaats die bome aan die oorkant en dis heerlik rustig. ‘n

Kolgans ma swem naby die wal in die vlak water met haar klein bont bolletjies dons. Op die waterlelies loop ‘n langtoon en goggatjies soek en op die wal hardloop twee Bontkiewiete senuweeagtig op en af.

Jacques draai na die gaste: “Ek wil graag weet wat julle belangstellings is? Wat moet ek julle wys, is dit voëls, bome, die groot vyf?”

Natuurlik wil almal Leeus sien! Maar daar is ook ‘n paar voël liefhebbers by die groep, dus besluit Jacques dat hy op voëls gaan konsentreer, die Leeus en Olifante sal ‘n bonus wees!

Natuurlik is ou Hapoor vir hom prioriteit, want daardie ou grootpoot maak enige toeris se dag! Hy het voor die tyd al uitgevind waar die ou dierasie hom bevind, en na die rustige kuier by die dammetjie gaan soek hy hom. Natuurlik rep hy nie ‘n woord oor Hapoor aan sy gaste nie, dit moet ‘n groot verrassing wees. Hy hoop net sy ou mater is vandag in

‘n goeie bui en dat hy die klomp lekker die skrik op die lyf gaan jaag!

Hulle kry ‘n troppie rooibokkies langs die pad, en vir hierdie toeriste uit Europa is dit iets baie besonders. Twee groot koedoebulle met horings wat doer in die wolke draai, laat die mense snak na hulle asems.

En dan maak Hapoor sy opwagting, presies nes Jacques beplan het.

Hy ry tot ongemaklik naby die ou grys kolos en ‘n paar van die gaste begin klaar half kriewelrig raak. “Is dit nie gevaarlik om so naby ‘n Olifant te kom nie? Sê nou hy storm ons!”

“Aag nee wat, hy is rustig, kyk hoe vreedsaam waai hy sy ore.” Dan knipoog hy vir Hapoor en hy is seker die ou dierasie knipoog vir hom terug. Hulle twee ken mekaar mos nou al lankal en hulle het ‘n ooreenkoms!

Jacques begin vir die opgewonde gaste vertel van Olifante, dat hulle nie soos ons

mense kan sweet om hulle liggaamstemperatuur te reguleer nie en dat hulle ander metodes moet gebruik. So byvoorbeeld sal hulle gereeld ‘n modderbad neem. Hulle kan in die modder rol of modder oor hulleself gooi met die slurp. Dit koel hulle af, maar so raak hulle ook ontslae van parasiete soos bosluise. “So, hulle smeer modder aan soos julle dames gesigroom aansmeer!”

“Aag nee sies man!” Een vrou is gladnie beïndruk nie!

“Maar dis nie die enigste manier waarop hulle afkoel nie. Let op hoe groot sy ore is. Dis nie om beter te kan hoor nie, dis vir afkoeling. Kyk net hoe dik staan die are uit aan die agterkant van sy ore. ‘n Olifant kan sy bloed volledig deur sy liggaam laat sirkuleer elke ses minute!”

“Ongelooflik!” snak iemand na sy asem.

“Wanneer dit baie warm word, vergroot die are in sy ore om meer bloed daardeur te laat. Dan waai hy sy ore om meer lug oor hulle te

laat vloei, soos hy nou besig is om te doen. Hulle is dan as't ware reuse waaiers, en hulle koel die bloed af. En siedaar, die Olifant koel af!"

"Wow! Ongelooflik!"

Jacques vertel vir die klomp allerhande ander interessanthede omtrent die dikvelle, soos hoe die asemrowende slurp werk as neus om asem te haal, maar ook om te ruik, en dat sy reuksin veertien keer beter is as dié van honde! Maar dis ook 'n ongelooflike handige stuk gereedskap om kos te pluk en dinge op te tel. Dit word ook gebruik om water te drink. Hy kan tien liter water op 'n slag daarmee opsuig en in sy keel afgooi.

Intussen staan Hapoor soos 'n wafferse supermodel en poseer om die gaste goeie waarde vir hulle geld te gee. Maar dit het tyd geword om aan te skuif, en Hapoor kry die teken dat hy sy totsiens-roetine moet doen.

Hy draai skielik reguit na die voertuig toe, lig sy slurp en skud sy kop heftig sodat sy ore luidrugtig flap en 'n stofwolk om sy kop maak.

Van die vrouens gil histeries: “Ry Jacques, ry! Hy gaan ons storm!”

Jacques gooi die veldvoertuig in trurat en laat die wiele spin sodat stof en klippertjies spat. Dis die teken waarvoor Hapoor gewag het, en al trompetterende storm hy vorentoe. Jacques trap die petrol tot teen die vloer en al brullende skiet die voertuig agteruit. Angstige gille weerklink agter uit die voertuig op. Jacques glimlag: hierdie gaste kry beslis waarde vir hulle geld! Hierdie is al ‘n ou speletjie tussen hom en Hapoor, een wat hulle altwee baie geniet! Hapoor maak of hy verskriklik kwaad is en hy lawaai en flap sy ore wild, maar intussen glimlag hy vir Jacques!

Nadat hy hulle vir so vyftig treë gejaag het, stop hy skielik en gooi sy slurp in die lug terwyl hy oorverdowend trompetter. Vir oulaas skud hy sy kop vir hulle, en dan draai hy al swetsend om. Jacques trap rem en stop die voertuig. “Dit was nou vet pret, was dit nie?” lag hy.

Van agter uit die voertuig kom ‘n opgewonde gebabbel en almal praat gelyk. Hierdie klomp het beslis hulle adrenalien inspuiting vir die dag gehad! “Dankie Hapoor, dankie my ou maat!” prewel Jacques en hy glimlag vir die ou dierasie wat alweer rustig onder sy boom staan.

Dit het tyd geword vir ontbyt en Jacques neem die gaste na ‘n reuse jakkalsbessieboom waar die tafel gedek staan met kraakwit tafeldoek, en dit kreun onder die geurige ontbyt uit Mpho se kombuis. Hulle word bedien deur ‘n vriendelike kêrel geklee in ‘n kontinentale uniform.

Na ontbyt besluit Jacques dat die gaste genoeg opwinding gehad het vir een oggend, dus neem hy hulle na ‘n wildskuiling om ‘n bietjie te ontspan. In doodse stilte en afwagting loop hulle in die nou gangetjie af en klim die houttrappies op na die skuiling. Dit is ‘n rustige prentjie wat hulle begroet. Onder hulle blink die rustige water van die

watergat. ‘n Digte bos riete groei in die een hoek en aan die anderkant is ‘n oop, kaalgetrapte bank bedek met klippertjies.

Geluidloos soek elkeen ‘n sitplekkie op die houtbankies. Verkykers word nadergetrek en elkeen raak verdiep in sy eie gedagtes. Fluisterend beduie die gaste vir mekaar van voëltjies iewers daar onder. “Hierdie watergat is altyd ‘n wenner!” dink Jacques glimlaggend.

‘n Troppie tarentale borrel luidrugtig “Tjirrrrr-tje-tje-tjirrrrrr” uit die bosse. Klippertjies spat in alle rigtings soos die voëls mekaar uitbundig rondjaag op pad na die water. ‘n Paar Rooibokkies kom versigtig nader en begin senuweeagtig omkyk-omkyk te suip. In die rietbos is dit ‘n bedrywigheid van wewers wat nes bou. Tussen twee riete hang daar die halfgeboude nes van ‘n Dikbekwewer met die konstruksiewerker wat wydsbeen onderstebo tussen die riete hang, besig met pynlik-netjiese vlegwerk aan die nes wat jou asem wegslaan.

Twee Kameelperde maak uiters versigtig hulle verskyning. Vir ‘n lang ruk staan hulle net senuweeagtig en rondkyk. Dan tree een van hulle nader na die water. Met groot moeite begin hy sy voorpote wyd uitmekaar sprei en buig sy lang nek af na die water. Hy suig die koel lafenis behaaglik op in die ekstra-lang keel. Dan, in ‘n sierlike boog word die kop na bo gepluk, terwyl die water in ‘n pragtige patroon opspat. Almal “oeee” en “aaaaaah” oor die aanskoulike vertoning.

‘n Bontvisvangertjie sit op ‘n takkie wat oor die water hang, sy helder swart en wit vere afgeëts teen die blou lug. Hy sit en tuur regaf in die water in vir enige beweging. Dan skielik vlieg hy op en hang soos ‘n helikopter doodstil in die lug terwyl hy konsentreer op iets in die water. Blitsvinnig duik hy regaf in die water in om oomblikke later weer op te vlieg en op sy takkie te gaan sit met ‘n wriemelende, blink vissie in sy lang, skerp bekkie. Spontaan klap die besoekers hande terwyl die Visvangertjie sy prooi met ‘n heftige swaai van die kop teen die takkie klap

om hom dood en sag te kry. Dan draai hy die vissie vernuftig om sodat hy hom kop eerste in sy bek het. Dan begin hy sluk en sluk en sluk. Almal hou asem op en dit wil amper lyk asof die vissie te groot is om in daardie petit keeltjie af te wurg. Uiteindelik begin die vis pynlik-stadig afbeweeg. Die Visvangertjie gee ‘n paar rukbewegings. Dan glip die vis in en verdwyn in sy maag. Die voëltjie lek letterlik tevrede sy lippe af!

Dit gons in die wildskuiling soos die besoekers kommentaar lewer oor die voëltjie se eskapades.

Uiteindelik begewe die tweede Kameelperd hom ook tot by die water en suip wydsbeen terwyl sy maat wagstaan en uitkyk vir roofdiere.

Dan kom ‘n klompie Sebras uit die bosse gepeul en gaan staan half in die watergat om te suip. Hulle helder strepe maak die pragtigste weerkaatsing in die blink watertjie. Een van die Sebras loop te naby aan ‘n Bontkiewiet se nes verby, en die voël begin

paniekerig rondhardloop. Sy probeer die Sebra van haar nes af wegjaag met ‘n vlerkgeklap en ‘n groot lawaai,! Wonder bo wonder slaag sy om hierdie dier met die gevaarlike hoewe wat ‘n honderd keer groter as sy is te verdryf.

Die tyd het egter uitgeloop en Jacques kry sy groepie terug na die voertuig toe om betyds te wees vir middagete.

oooooooOO0OOoooooooo

Dit het nou al ‘n instelling geword dat Suzette saam met Jacques gaan wanneer hy ‘n nagrit doen met die gaste. Sy het die kuns nou al goed bemeester met die kollig. “Ek het so ‘n gevoel aan my dat ons vanaand een van die grotes gaan kry!”

“Soos wat, Suzette?”

“Nee ek weet nie, ek voel net ons gaan iets baie besonders kry!”

“Ek hoop jy’s reg, ek sou baie graag vir ons besoekers dit die moeite werd wil maak!”

Die besoekers is almal in die voertuig en hulle vertrek die pikdonker bosse in. Rondom hulle vou die geheimsinnige doringbome soos ‘n stekelrige kombers om die groep, en dit voel asof daar enige oomblik ‘n gevaarlike dier kan uitspring. Elkeen is gevul met ‘n opwindende gevoel van afwagting.

“Ek gaan nou ‘n baie gevaarlike ding vra: wat wil julle graag vanaand sien?”

“Luiperd!” pleit een, “asseblief?”

“Nee, aardvark,” versoek ‘n ander.

Jacques lag: “Suzette is die een wat die diere vir ons gaan uitsoek, ons sal maar moet sien wat sy vir ons bestel het vir vanaand!”

Die groep is baie opgewonde, vir ‘n paar van hulle is dit hulle heel eerste nag in die ruwe Afrikabos! Dis nogal baie intimiderend!

“Ek sien ‘n oog,” sê Suzette vir Jacques. Hy stop en sy laat haar kollig speel oor ‘n boompie. “Daar!” beduie sy as twee helderblink ogies uit die blare loer. “Dis ‘n nagapie. Hier is twee soorte, die groot

Bosnagaap wat jy in die digter woude kry, is byna so groot soos ‘n Blouaap. Hy is ‘n vrugtevreter. En dan hierdie een, die gewone nagapie, wat baie kleiner is. Hulle habitat is doringveld, en hulle is omnivore. Hulle eet meestal insekte, maar ook vrugte en selfs die gom van doringbome.”

“Aag maar dis ‘n skatlike ou dingetjie!”

“Ja, kyk net daai dik, wollerige stert!”

“Dis die mooiste ou apie wat ek nog ooit gesien het, kyk net hoe groot is sy oë!”

“Eintlik is dit gladnie ‘n aap nie,” help Suzette die vrou reg, “hy is verlangs familie van die lemurs.”

Met sy skatlike piepklein handjies het hy ‘n gogga in die hande gekry, en nou sit en smul hy daaraan. Die volgende oomblik is hy net weg! In een enkele sprong het hy tot in die volgende boom gespring. Die gaste snak na hulle asems.

Jacques rep nie ‘n woord nie, want hierdie nagrit is Suzette s’n en sy is die kundige een. Hy is só trots op haar!

‘n Ent verder gryp Suzette skielik vir Jacques aan die bobeen. Hy sien dadelik dat sy baie opgewonde is, en hy stop. Sy speel haar lig deur die lang gras terwyl sy bewe van opwinding. Die volgende oomblik is daar ‘n beweging in die gras en hulle kan nét die ligbruin vorm uitmaak. Opgewonde vertel Suzette: “Vriende, ons is uiters gelukkig, want wat ons hier sien, het ek nog nooit in my lewe in die natuur gesien nie. Dis ‘n aardwolf, ‘n baie skugter dier wat baie skaars is!”

Die aardwolf beweeg agter die gras uit en die besoekers snak na hulle asems. Hierdie is voorwaar ‘n pragtige en baie besonderse dier! Geelbruin staan hy daar vir hulle en loer, sewe donkerbruin strepe oor sy ribbes, ‘n swart smoel en masker en ‘n paar oorgroot ore. Sy hare is nogal lank en hy het ‘n dik swart stert. Sy voorbene is effens langer as

die agterbene soos dié van ‘n Hiëna. Dis ‘n koddige dierasie en hy lyk of hy baie gevaarlik kan wees.

“’n Aardwolf? Maar hy lyk dan nie soos ‘n wolf nie?”

“Nee, hy is gladnie ‘n wolf nie, hy’s eintlik familie van die Hiënas.”

“Is hy dan ‘n aasdier?”

“Nee geensins! Hy lyk na ‘n gevaarlike vleisvreter of jagter, maar sy tandjies is eintlik relatief klein, en hy eet meestal insekte, veral termiete. Nes aardvarke besoek hulle gereeld miershope om die termiete te vang.”

“Dis ‘n baie mooi dier!”

“Ja, en ons is baie bevoorreg om hom vanaand te kon sien, baie min mense het al ooit daardie voorreg gehad, selfs die personeel in wildtuine!”

Dan verdwyn die skugter dier weer in die lang gras.

Maar die aand is nog gladnie verby nie en hulle kry selfs ‘n paar nagvoëls: ‘n Naguiltjie wat in die pad kom sit voor hulle en later weer ‘n koddige Waterdikkop wat ál voor die voertuig uithardloop en weier om pad te gee. Maar die mooiste is die piepklein Witkoluiltjie, skaars 18cm. lank en met wit strepe oor sy bors is hy te skatlik. Maar daardie paar oranje oë voel of hulle dwarsdeur jou kyk. En om die oë te aksentueer, het hy ‘n paar prominente, spierwit wenkbroue.

Terwyl hulle hulle nog sit en verwonder aan die klein uiltjie, is daar skielik ‘n beweging regs van die voertuig. Suzette swaai haar kollig in die rigting en dan snak almal na hulle asems, want uit die gras sluip ‘n Luiperd en stap ewe rustig in die pad af voor die voertuig uit. Soos ‘n model op ‘n loopplank stap sy vol selfvertroue al boudswaaiend en steur haar gladnie aan die voertuig en die insittendes nie. Die wit punt van haar stert krul parmantig in die lug op. Stadig ry Jacques al agter haar aan terwyl almal “oeee” en “aaah”. Hulle kan nie genoeg indrink van hierdie manjifieke kat

nie. Selfs vir Jacques en Suzette wat die wildlewe gewoond is, is dit iets baie besonders. Vir ‘n lang ruk loop die Luiperd ál voor hulle uit, maar dan besluit sy om liewer in die bos in te verdwyn. Dit het ook tyd geword dat die groep huiswaarts moet keer.

“Kom drink ‘n slaapdoppie,” nooi Suzette vir Jacques wanneer hulle die gaste afgelaai het. Jacques laat hom nie tweekeer nooi nie en hulle gaan sit knus teenmekaar op haar rusbank, elkeen met ‘n drankie in die hand. Hy druk haar styf teen hom vas en sy kom lê behaaglik met haar kop op sy bors. Sy lippe soek hare en sy antwoord sy soen hartstogtelik met passie. “Jacques, ek is lief vir jou! Ek wil nie meer sonder jou wees nie. Dis só lekker om saam met jou op die nagrit te kan gaan, dis vir my baie spesiaal om só die aand saam met jou deur te bring.”

“Suzette, jy’s ‘n baie spesiale meisie, ek het nog nooit iemand soos jy in my lewe gehad nie, ek is ‘n baie gelukkige man!”

Sy lippe soek haar sagte lippe weer op, en hy soen haar dat haar tone krul van pure lekkerkry! Sy gee ‘n kreun van euforia en kom lê nóg stywer teen hom. Die aand is mooi! Die Luiperd was spesiaal, en die Aardwolf was baie, baie spesiaal! Maar om so saam te kan wees troef dit alles!

8

Vlerke en Vere

Jacques is opgewonde om die groep op ‘n uitstappie in die veld uit te neem. Dis altyd opwindend om in die vrye natuur te wees sonder om gebonde te wees aan ‘n voertuig, en vir die toeriste is dit groot opwinding, want hulle staan die kans om wilde diere te voet teë te kom. Dis amper soos ‘n safari deur Donker Afrika!

Soos gewoonlik verduidelik Jacques eers vir die groep hoe die bos hanteer moet word, en al die moet’s en moenie’s. Moenie vir ‘n Leeu weghardloop nie, want dan word jy opgevreet! Ensovoorts. Dan val hulle in die pad met Joseph, een van die veldwagters wat die agterhoede dek met ‘n .303 geweer.

Hulle kom ‘n vars miskoek teë, en Jacques is dankbaar om te sien dat daar klaar ‘n paar miskruiers besig is om kleingeld te maak van die mis. Hy gaan hurk by die hoop mis en

begin vir hulle vertel van die wonderlike werk wat die miskruiers doen. Hy ril as hy terugdink aan daardie Duitse meisie wat so hard probeer het om by hom aan te lê! Dis juis toe hy nét soos nou by miskruiers gehurk het toe sy haar sagte rondings teen sy rug kom skuur het. Ja, dis daardie selfde enetjie wat later kaalbors in die veld gaan stap het en haar tietie in ‘n wag-‘n-bietjie se dorinkies verstrengel gekry het! Hý was natuurlik die een wat haar moes gaan losmaak! Waar moet ‘n man dan nou vashou om só ‘n netelige taak af te handel? Dit was nogal ‘n verleentheid!

Hy skud die gedagte af en bepaal hom tot die huidige. Die gaste hang aan sy lippe as hy vertel hoedat die miskruier die mis in ‘n bol rol om elders te gaan begrawe vir ‘n wiegie vir klein Missie. En hy kan boonop prakties vir hulle wys, want daar is juis een besig om presies net dit te doen.

“Wat maak daardie geluid? Dit klink amper of iemand besig is om op ‘n basviool te speel!”

Die eentonige diep basklanke klink al die hele oggend oor die veld: “Oemph-oemph, doeee-doeee-doeee.”

“Dis ‘n Bromvoël, een van die hoogs-bedreigde voëls. Dit klink of hulle nie te ver weg kan wees nie, alhoewel jy hulle roep kilometers ver kan hoor.”

Hulle het nie ver geloop nie, of hulle kom by ‘n stukkie oop grasveld. Dan raak Jacques sommer opgewonde: “Kyk daar!” Hy beduie na iets swart wat net-net sigbaar is in die lang gras.

Almal gryp na verkykers. “Ek sien hom!” skree een vrou. “Daar loop ‘n reuse swart voël in die gras!”

“Nou sien ek hom ook! Hy’s swart met ‘n bloedrooi gesig en keel en ‘n reuse swart snawel! En daai wimpers! Hy het asemrowende lang wimpers!”

“Ja,” sê Jacques opgewonde, “dis net hý, die Bromvoël! Ons is uiters bevoorreg om hulle te sien, want hulle is baie skaars. Ek vertel

julle graag iets vertel oor die voël. Hy is groot, staan amper ‘n meter in sy sokkies. Hulle vlieg nie graag nie, seker omdat hulle so groot en swaar is, daarom loop hulle eerder waar hulle wil kom. Hulle bly gewoonlik in familiegroepe.”

“Wat eet hulle, Jacques?”

“Vleisvreters, hulle eet enigiets wat beweeg en klein genoeg is om baas te raak, muise, akkedisse, selfs slange!”

Dan slaan Jacques se hart ‘n slag bollemakiesie, want uit die hoek van sy oog merk hy ‘n beweging uit ‘n ander rigting. “Vriende, dis ons dag vandag! Kyk net dáár!” Hy beduie na nóg ‘n reuse voël ‘n ent regs van die bromvoël, maar hierdie een is grys-wit met swart “broekspype” en lang geel bene.

“Wow! Wat is dit?”

“Dit, vriende, is die meester-slangvanger! Hierdie is nóg een van die bedreigde voëls,

‘n sekretarisvoël. Hy is nog selfs groter as die bromvoël, ‘n volle 1,4m in sy stewels!”

“Waarom word hy ‘n Sekretarisvoël genoem?”

“Kyk na sy kop. Sien julle die vere wat soos deurmekaar penne op sy kop staan?”

“O ja! Dit lyk nes ‘n outydse sekretaris met ‘n paar potlode agter sy ore! Nou verstaan ek!”

“Kyk net hoe lank sy bene is. Hy is spesifiek so aangepas dat hy ‘n slang kan doodmaak met sy pote sonder dat die slang sy lyf kan bykom met sy giftande. En sou die slang hom aan die been pik, het die gif geen uitwerking op hom nie! Is dit nie wonderlik hoe hy aangepas is nie?”

“Is jy ernstig, Jacques? ‘n Slang kan hom maar pik aan sy bene, maar die gif affekteer hom gladnie?” Die man skud sy kop: “Ongelooflik!”

“Net ‘n vragie Jacques, hoe maak hy die slang dood?”

“Sy pote is só dodelik dat hy letterlik die slang dood skop!”

“Soos ‘n skop bokser? Wow!”

“Maar daar is meer: kyk ‘n bietjie na sy bek. Sien julle dat sy snawel soos die van ‘n arend lyk? Dit sê vir ons dat hy eintlik ‘n roofvoël is en dat hy sy prooi, in hierdie geval slange, met sy snawel verskeur nadat hy hulle gevang het.”

Een van die vrouens is baie opgewonde: “Weet julle wat, as ons sulke interessante voëls kan sien, wie het dan nog die Groot Vyf nodig?!”

“Gepraat van voëls, ek het iets wat ek julle graag wil wys. Ek het ‘n paar dae gelede ‘n baie interessante nes hier ontdek.”

Hy lei hulle van die paadjie af so twintig meter in die bos in, en dan wys hy na ‘n groot knoppiesdoringboom: “Kan julle die nes sien?”

Almal staar na die boom, maar niemand sien iets raak nie. “Kyk baie mooi teen die stam!”

Dan sien een jong meisie dit: “Iets het teen die stam beweeg, dis donker rooi, maar dis baie klein! En dit lyk amper of daar ‘n krakie in die stam is?”

“Ja jy’s reg! En dit is die nes! Gebruik julle verkykers, dan sal julle sien dat dit nie ‘n kraak is nie, maar ‘n spleet. Dis die nes van ‘n Rooibekneushoringvoël.”

Juis op daardie oomblik klink daar ‘n opgewonde gepiep op uit die boom se rigting. Die volgende oomblik vlieg ‘n Neushoring tot by die boom en gaan sit teen die stam. In sy bek is ‘n groot sprinkaan. ‘n Rooi bek maak sy verskyning uit die gleuf en vat die sprinkaan by die Neushoring. Dan vlieg hy weer vinnig weg.

Jacques verduidelik: “Broeityd klim die wyfie van die Rooibekneushoring in ‘n holte in die stam. Daar word die nes uitgelê met haar eie vere terwyl die mannetjie modder aandra en die opening toebou. Hy los net ‘n nou gleuf waardeur hy haar kan voer. Intussen lê sy haar eiers en broei die kleintjies uit. Die

mannetjie se taak is om die wyfie en kleintjies van genoeg kos te voorsien.”

Terwyl hy nog staan en vertel, kom Meneer Rooibek alweer aangevlieg met sy volgende besending kos, en weereens klink die kleinspan se opgewonde gepiep uit die nes op.

“Wanneer die kleintjies gereed is om te kan vlieg, breek hulle die nes oop om Ma en die kleinspan te bevry uit hulle tronk.”

“Kyk, ek het nog nooit juis in voëls belang gestel nie,” merk ‘n kêrel op, “maar nou het die gogga my óók gebyt! Dit is só interessant! Ek is gehoek! ”

“Vriende, die tyd het verbygevlieg! Ongelukkig moet ons nou omdraai, maar wie weet, dalk loop ons nog ‘n paar interessante dinge raak op ons pad terug!”

Hulle word beslis nie teleurgestel nie, want skielik klink daar ‘n lawaai op wat klink soos ‘n skril, histeriese gelag.

“Wat is dit daai? Dit gee ‘n mens skoon die creeps!”

Jacques lag: “Dit, vriende is niks anders nie as ‘n familie Kakelaars! Kom ons gaan soek hulle!”

Hulle loop agter die geluid aan en kry sommer gou die spul lawaaibekke. ‘n Groepie van agt voëls so groot soos Spreeus is besig om in ‘n boom rond te fladder. Hulle vere is glansend groen-swart en hulle het lang sterte en lang, dun, rooi bekkies.

“Hierdie is die Rooibekkakelaars. Die groep hier bymekaar is ‘n broeigroep – pa, ma, kinders en kleinkinders. Ek is bly ons het hulle gekry, want hulle is van ons interessantste voëls.”

“Hulle kan tog seker nie meer interessant wees as dié wat ons klaar gesien het nie?”

“O inderdaad! Kom ek vertel julle. Hierdie groepie vlieg oral saam. Die wyfie lê haar eiers in ‘n gat in ‘n boomstam, nes die Neushoring daar anderkant. Maar die verskil

is dat hierdie hele gesin help. Wanneer die wyfie en kleintjies moet kos kry, dra die hele lot vir haar kos aan.”

Dan gebeur daar iets eienaardig. Terwyl hulle vir die voëls staan en kyk, daag daar nóg ‘n groep Kakelaars op en hulle maak hulle tuis in dieselfde boom. Daar breek weer ‘n oorverdowend lawaai los. Die twee groepe gaan sit teenoor mekaar, en dit lyk kompleet of hulle met mekaar gesels. Van die voëls tel blare of stokkies op en dit word op en af gewaai amper asof hulle mekaar dreig met hulle “wapens”.

Jacques verduidelik: ”Hulle noem dit ‘flagging’. Dis ‘n manier om te kommunikeer.”

“Daai klomp kan darem verskriklik lawaai! Ek het al so iets gehoor toe ‘n spul vrouens eenkeer ‘n partytjie gehou het en daar te veel drank was……. “

“Ag nee sies man! Hoe kan jy dan so sleg van ons vrouens dink?”

Nou lag Jacques lekker. Hy wink Joseph, die Zoeloe veldwag nader: “Joseph, wat noem die Zoeloes hierdie voël?”

“Hlegabafazi.”

“Nou hoekom noem julle hom so?”

“Wanneer ‘n paar vrouens bymekaar is, dan vertel hulle grappies, en dan lag hulle dat dit klink of hulle kekkel. Daai voëls klink nes ‘n klom vrouens bymekaar wat kekkellag. Hlegabafazi beteken: hulle lag soos vrouens!”

Nou dreun dit soos almal lag, veral die mans!

Maar so kom alle goeie dinge tot ‘n einde, want hulle bereik hulle voertuig en ook die einde van ‘n baie interessante kort safari deur die Afrika bos.

9

Vleisvreters

Die Leeus het die vorige aand ‘n Buffel platgetrek en Jacques besluit om sy groep na die vangs te neem. ‘n Buffel is ‘n groot stuk vleis, en Vuilbaard en sy aanhangsels sal sékerlik nog daar wees.

Van ver af al sien hulle presies waar die geveg plaasgevind het, jy volg net die aasvoëls soos hulle aansirkel na die groot stuk vleis. Wanneer hulle daar aankom, hang die reuk van dood swaar in die lug. Jacques se maag gee ‘n ruk en die naar stoot in hom op, want onwillekeurig dink hy terug aan daardie aaklige doodsreuk toe hy en Simphiwe die oorblyfsels van die wildstroper gekry het wat deur Leeus verskeur was. Hy sal dit nooit óóit vergeet nie.

Jacques skud die gedagtes af want hierdie is ‘n totaal ander situasie, en hier moet hy sy gaste begelei by ‘n vangs. “Die Leeus is

lankal dikgevreet, maar hulle gaan waarskynlik hier by die Buffel bly solank daar nog redelik vleis aan die karkas is," verduidelik Jacques vir die gaste.

"Terloops, 'n Leeu kan tot 20% van sy liggaamsgewig op 'n slag eet, so 'n groot Leeumannetjie van 250kg kan maklik 50kg vleis in een enkele maaltyd verorber!"

"G'n wonder daardie Leeu se pens staan soos 'n opgeblaasde wynvat nie!"

Die trop Leeus lê wydverspreid en slaap. Een ou mannetjie is besig by die karkas, en halfhartig knibbel hy aan iets sonder om werklik te eet. Ooglopend is hy te dik om nog een enkele krieseltjie in te kry. 'n Paar Hiënas drentel daar rond, maar selfs húlle het nou al genoeg gehad.

Die enigste werklik hoopvolles is twee rooijakkalse wat kort-kort vinnig iets kom gryp. Hulle is egter baie lugtig vir die groot Oom met die maanhare wat die karkas bewaak. En dan is daar natuurlik die aasvoëls! Geduldig sit hulle oral in die bome

rond en wag hulle beurt af. Die oorgrote meerderheid is Witrugaasvoëls, maar daar is ook ‘n paar van die bedreigde Swartaasvoël en enkele van die klein Monnikaasvoëls. Op die grond stap ‘n paar Mariboe ooievaars op en af soos langgesig begrafnisondernemers.

“Ek sou nou baie graag wou sien hoe die Leeus die Buffel gevang het! Hy is mos baie groter as die Leeus?”

“Ja, jy’s reg, gewoonlik is dit die wyfies wat al die jagwerk doen, maar hulle is te lig in die broek vir ‘n Buffel! Dis slegs die groot Leeumannetjie wat ‘n Buffel so groot soos hierdie een kan plattrek, en dan moet dit boonop ‘n spanpoging wees waar ‘n paar mannetjies saamwerk. Maar selfs dan – dit kan maklik gebeur dat dit die Leeu is wat tweedebeste daarvan afkom en deur die Buffel doodgemaak word!”

“Ek het nie besef ‘n Buffel is so gevaarlik nie, die trop wat ons gesien het, het so vreedsaam gelyk?”

“Moenie jou laat flous nie! Wie kan my sê wat die groot vyf is, of liewer waarom hulle so genoem word?”

“Is dit omdat hulle die vyf grootste diere van hulle soort is?”

“Nee, dit is omdat hulle deur die jagters beskou word as die vyf gevaarlikste diere om te jag. Eintlik is hulle nie heeltemal reg nie, want daar is diere wat gevaarliker is.”

“Soos?”

“Krokodille is verantwoordelik vir die meeste mense se dood. Seekoeie is ook uiters gevaarlik! Maar die feit bly dat die Buffel beskou word as een van Afrika se héél gevaarlikste diere! En hulle het al baie mense se dood veroorsaak!”

Die gaste het nou genoeg gesien van hierdie dooie spul, dus ry Jacques aan. ‘n Ent verder kry hulle ‘n paar Hiënas, waarskynlik op pad van die karkas af. “Flippin’ stinkende aasdiere!” snou iemand hulle toe. “Te lui om hulle eie kos te soek!”

“Ek sou nie so gou praat nie,” antwoord Jacques hom. “Meeste mense het ‘n totale wanpersepsie van Hiënas!”

Die vier diere wat hier voor hulle uitdraf lyk sommer soos ‘n spul vuil, motgevrete goed met pense wat oorvreet hang. Boonop lyk dit asof hulle agterbene mank is, want hulle is korter as die voorbene. “Moenie dat hulle voorkoms jou flous nie!”

“Waarom sê jy so, Jacques?”

“Hulle mag lafhartig voorkom, maar hulle is uiters gevaarlike jagters! Dikwels is dit nie die Hiënas wat kom aas waar Leeus iets gevang het nie, maar andersom, dat die Leeus kom aas by ‘n Hiëna vangs!”

“Dis moeilik om te glo!”

“Ja, maar hulle kan selfs baie groot diere baasraak. Waterbokke, Sebras, Blouwildebeeste en Koedoes is gereeld hulle prooi. Maar hulle sal selfs ‘n ou of siek Buffel vang en doodmaak. Dit is nie ongewoon nie. Hiënas is egter baie slim jagters, hulle sal

hulleself nie ooreis nie. As daar dus alreeds iets deur ‘n ander roofdier gevang is, sal hulle eerder aas. Maar as daar nie sulke maklike kos is nie, is hulle baie suksesvolle jagters!”

“Ek het iewers gehoor dat hulle sulke sterk kakebene het, is dit waar?”

“Inderdaad! Hy kan ‘n Buffel se dybeen middeldeur byt! So bly maar weg van sy tande af!”

Jacques besluit dat hulle nou genoeg gehad het van vleis! Koek en tee by die lodge sal nou ‘n baie welkome afwisseling wees! Almal stem saam!

oooooooOO0OOoooooooo

Laatmiddag ry Jacques met sy groep toeriste na die rivier om die sonsondergang te geniet. Hy neem ‘n koelkassie met drankies saam vir ‘n “sundowner” en parkeer die voertuig by ‘n piekniekplekkie op die rivieroewer. Daar pak hulle opvoustoele uit en gaan sit om die son te groet vir die nag.

Dit is weer een van daardie tipiese Afrika sononder tonele wat voor hulle ontvou. In die poel hier onderkant hulle is daar ‘n onderonsie tussen twee groot seekoeibulle. Met bekke wawyd oop meet hulle mekaar terwyl hulle kort-kort brul en die water laat spat. Uiteindelik bereik hulle darem ‘n vredesooreenkoms en die stilte sak toe oor die poel. Dis slegs ‘n paar Kolganse wat die stilte verbreek wanneer hulle luidrugtig verbyvlieg op pad nes toe.

Die son sak bloedrooi agter die doringbome in en kleur die lug eers geel, dan oranje en later ‘n dieprooi met skakerings van oranje, pers en blou-grys. Iewers anderkant die rivier begin ‘n Leeu brul en sy diep basklanke vul die lug. Nie een van die toeriste waag dit om iets te sê nie, uit vrees dat hulle dalk die betowering kan verbreek.

Dis ‘n perfekte aand en niemand wil huiswaarts keer nie…..

10

Vuur! Vuur!

Jacques stap rustig met sy gaste deur ‘n baie ruie strook bos. Iets knaag aan sy maag senuwees, en dan weet hy: hy moes nooit met die gaste hierlangs gekom het nie. Wat het hom besiel om met hulle deur sulke digte bos te loop? Kommer vreet hom op as die takke rondom hulle begin toemaak. Dit voel vir hom ál asof hulle in ‘n doodstrik instap, ‘n dodelike lokval! Hy wil omdraai, maar hy kry dit nie reg nie! Iets verskriklik is verkeerd!

Dan hoor hy die rammeling, soos ‘n stoomtrein kom dit aangedonder, al harder en nader! “Draai om!” skreeu hy beangs vir die gaste. “Hardloop so vinnig as wat julle kan!”

Takke breek en kraak oorverdowend hard en daar is ‘n onaardse geskreeu, ‘n hoë, skril klank. Dan bars die gruwelike grys gevaarte deur die doringbome, reg op hom af. Hy sien

die vurige, gloeiende rooi oë gevul met wraak en die lang vlymskerp horing wat mik vir hom. Die volgende oomblik weergalm ‘n oorverdowende slag!

Jacques spring regop, sopnat gesweet. Sy hart klop “doef-doef” in sy borskas! Wat ‘n verskriklike droom, ‘n nagmerrie!

Skielik raak hy bewus van ‘n paar geluide wat gelyk dreig om hom mal te maak. Blits op helderwit blits flits deur die vensterruite terwyl donderslae weergalm oor die bosse. Terselfdertyd lui sy selfoon knaend, dringend. Dis Suzette. Sy is histeries en sy huil: “Jacques, ek is bang!”

Onmiddellik besef Jacques wat fout is, sy het ‘n vrees, eerder ‘n fobie vir swaar weer. Hierdie is egter ‘n elektriese storm soos wat hy lanklaas beleef het. “Ek kom!”

Hy spring uit sy kooi en hardloop so vinnig hy kan na Suzette se rondawel. Hy word verblind deur ‘n helder weerligstraal. Amper oombliklik volg die knal soos ‘n oorverdowende geweerskoot. “Hierdie een

was bitter naby," flits dit deur hom terwyl hy hardloop. Met kommer in sy hart besef hy skielik dat dit nie reën nie! Dit beteken dat as die weerlig die veld aan die brand slaan, dan is daar groot moeilikheid, want die reën is nodig om dit te blus!

Die deur is nie gesluit nie, en hy storm in. Sy sit ineengekrimp soos 'n bang hasie op haar bed, haar knieë teen haar ken opgetrek. Sy het haar arms styf om haar bene geklem en sy bewe soos 'n riet terwyl trane oor haar wange stroom en sy histeries snik!

Jacques haas hom na haar toe. Hy gaan lê langs haar op die bed en trek haar styf in sy arms in. Die nagmerrie wat hy so pas beleef het is 'n mak vulletjie teen die een wat sy nou beleef! Sy kom lê met haar kop op sy bors en klem haar arms om hom in 'n wurgklem asof sy daardeur wil sê : "Moenie my óóit los nie!"

Hy begin haar lyf saggies en gerusstellend streel. Deur haar dun nagrokkie voel hy hoe haar liggaam gespanne bewe. Sy huil onophoudelik, maar stelselmatig begin sy

ontspan onder die kalmerende, rowwe hande. Haar lyf is heerlik warm so styf teen hom en hy glimlag van pure euforie. “Jacques, beteuel jouself!” sê hy vererg vir homself!

Stadig voel hy hoe haar ystergreep om hom begin verslap. Die storm is besig om verby te trek en die rammelings raak al hoe sagter in die verte. Haar rustige asemhaling vertel hom dat sy aan die slaap geraak het. Hy durf haar egter nie nou los nie, want dan gaan sy wakker word, dus bly lê hy maar so. Saggies streel hy haar oor haar lang, sagte hare, verdiep in sy eie gedagtes. Sy ooglede begin swaar word. Hy sweef in ‘n diep, pikswart tonnel in…..

Skielik ruk Jacques soos hy skrik. “Vuur! Vuur!” skree iemand histeries! “Kom help, almal!”

Jacques vlieg regop en in die proses skrik Suzette wakker. “Wat’s fout?”

“Ek weet nie, daar’s iewers ‘n brand, ek moet gaan help!”

Hy hardloop uit Suzette se rondawel uit na syne. Oral is die manne besig om uit hulle rondawels te peul. Haastig trek hy vir hom ou klere aan en ‘n paar stewige stewels. Hy gryp ‘n hoed en ou baadjie in die hardloop en voeg hom by die groot groep wat reeds op die grasperk bymekaargekom het. “Wat het gebeur?”

“Weerlig het die veld aan die brand geslaan!” Saam met Simphiwe hardloop hy na dié se ou afgeleefde Landrover bakkie. Nog ses manne spring agterop nadat hulle kanne water en vuurplakke gegryp het. Dan jaag hulle na waar die gloed reeds helder uitslaan teen die horison.

“Simphiwe, ek was nog nooit betrokke by ‘n bosbrand nie, wat gaan ons maak?”

“Ons kan nie werklik die brand blus nie, die veld is te droog. Al wat ons kan doen is om dit te probeer keer met voorbrande. Wanneer ons daar kom, moet ons almal saam besluit op ‘n strategie.”

‘n Entjie van die brand af staan daar alreeds ‘n paar voertuie. Jacques en Simphiwe spring uit. Onmiddellik neem Simphiwe beheer van die situasie, hy is immers die een met die meeste ervaring van sulke situasies. “Kêrels, kom ons verdeel in drie groepe. Joseph, vat jy ‘n groep noord en begin daar teen die grensdraad en maak ‘n voorbrand. Werk af na die pad toe. Fanele, jy gaan suid van die vuur en doen dieselfde. Ek en Jacques sal met die derde groep ‘n voorbrand begin al met die pad af. Asseblief ouens, pasop tog net dat julle nie julleself vaskeer in die vuur nie! Verstaan almal?”

Fanele en Joseph het al voorheen brande beheer, so hulle weet presies wat om te doen. Eintlik klink dit heel eenvoudig: jy maak ‘n paar voorbrande en laat die vuur homself uitwoed in daardie blok. Reg?

Die manne spring weg na hulle onderskeie posisies en dan begin die harde werk. Maar baie gou ontdek Jacques dat dit gladnie so maklik is as wat dit klink nie. Die wind wil nie

so lekker saamspeel nie, en hier op die stertkant van die storm verander die wind kort-kort van rigting, of dit begin dwarrel. Dan gooi dit ál hulle deeglike beplanning totaal deurmekaar.

Die idee is eenvoudig: Jacques en Simphiwe kry elkeen ‘n gasfakkel. Hulle werk van die middel af buitentoe en steek die bos aan die brand. Die res van die span volg hulle en slaan die vlamme teen die kant van die pad dood sodat dit nie dalk oor die pad spring en die bos aan die anderkant aan die brand steek nie. Die vuur mag net in een rigting versprei, na die grensdraad toe. Teen die grensdraad behoort dit dood te loop want daar is ‘n wye strook skoongemaak.

Maar dis hoe dit in teorie behoort te werk. In die praktyk werk dinge egter ‘n bietjie baie anders! Baie gou kom hy agter dat die vuur sy eie wind maak. Die koel naglug veroorsaak dat wanneer ‘n kol digte, droë gras vlamvat, dan kan die opwaartse lugstroom gras en vlamme gryp en die lug

inslinger. Hy kyk om wanneer iemand beangs skree, net betyds om juis so ‘n bol vlamme oor die pad te sien vlieg. Die volgende oomblik is die bos aan die verkeerde kant van die pad in ligte laaie! Haastig moet almal los waarmee hulle besig is en skarrel om die vlamme te probeer blus, geen geringe taak met kurkdroë gras nie!

Gou sien hy dat die manne met die nat vuurplakke nie die mas opkom nie. Hy het nie ‘n vuurplak nie, dus soek hy ‘n stewige tak met groen blare. In die donker is dit weereens nie ‘n maklike taak nie! Uiteindelik kry hy ‘n geskikte een, maar hy sukkel om die groenhout tak afgebreek te kry. Tot sy ontsteltenis moet hy boonop uitvind dat daar dorings aan die tak is. Maar hy druk deur en verwoed begin hy die vlamme takel. Uitgeput en so nat gesweet van die hitte van die inferno, wen hulle uiteindelik, net om moedeloos te moet sien dat dieselfde op ‘n ander plek gebeur het. Haastig hardloop almal daarheen en begin om die woedende vlamme aan te val. Na ‘n lang gespook en

spartel sien hulle uiteindelik die lig, of dalk eerder die donker, want die wegholvuur is onder bedwang.

Dan kom daar voertuigligte deur die digte rookwolk aan. Jacques is verbaas om Suzette te sien uitklim. “Wat maak jy hier?”

Sy verstik amper in die rook: “Ek het vir julle iets gebring om te drink!”

Met brandende oë bring sy ‘n mandjie te voorskyn met bottels water. Dankbaar gryp die manne elkeen ‘n bottel en gooi die lawende vloeistof in hulle brandende, droë kele af. “Jy’s ‘n lewensredder! Baie dankie dat jy aan so ‘n ding gedink het, dis die laaste ding wat deur my gedagtes gegaan het!”

“Jou gesig!” hyg sy en haar oë rek groot. “Dis pikswart!” In die lig van haar lantern sien sy nou eers hoe hy lyk! Al wat herkenbaar is aan hom is die wit van sy oë. Sy gesig, hande, arms en bene is alles pikswart besmeer met roet, en van die sweet maak dit boonop ‘n groot gemors!

Al proesende van die rook spring Suzette in haar voertuig en ry na die volgende span toe om ook húlle te lawe.

Met groot ontsag kyk Jacques na die angswekkende vuur wat aangestorm kom uit die middel van die bos. Vlamme word vyftig, sestig meter hoog al bulderend die lug ingeslinger en kleur die naglug ‘n vuil oranje. Jacques se hart klop in sy keel, sal hulle voorbrand genoeg wees om die vlammehel te stuit?

‘n Duidelik uitgeputte Simphiwe kom staan langs Jacques en kyk na die skouspel. Hy kon duidelik sien dat vanaand een te veel was vir die man se beseerde been, toe hy hier in die pad afgestap kom, het hy duidelik mank geloop, hy het beslis baie ongemak! “Dink jy dit gaan werk, Simphiwe?“

“Net tyd sal leer!”

Saam staan hulle hulleself en verwonder aan die vuurvertoning. Dit is terselfdertyd skrikwekkend én asemrowend mooi! Die donker nag is helder verlig deur die vlamme.

Die een oomblik kom die vlammegeweld nog woedend op hulle afgestorm, en die volgende is die vuur feitlik weg en so mak soos ‘n lammetjie. Die voorbrand het dit gestuit!

Al drie groepe brandslaners is nou bymekaar in die pad. Suzette en Mpho het hulle ook nou by hulle aangesluit, Mpho het toebroodjies gebring. Spontaan gaan daar ‘n luide gejuig op terwyl almal dankbaar handeklap! Die vuur is gewen! In die ooste begin die lug nou stadig oranje kleur, nou nie meer van die vuur nie, maar dagbreek wat op hande is. ‘n Nuwe dag het aangebreek!

11

‘n Luiperd, ‘n Kampvuur en ‘n Stort

Met die groot brand nog vars in sy geheue, ry Jacques om sy gaste vir die volgende paar dae te ontmoet, ses vrouens. Hulle het gekom vir ‘n driedag wildernis staptog. Hulle parkeer hulle voertuig by die lodge en pak hulle bagasie oor op ‘n safarivoertuig. Dan vertrek hulle na die boskamp waar hulle die nag gaan deurbring. Daar wag Jacques hulle in. “Hartlik welkom in die bos! Ek is julle gids vir die volgende paar dae, my naam is Jacques le Roux, en hierdie is Fanela, ons veldwag. Hy gaan sorg dat die Leeus ons nie opvreet nie! Gaan pak gou julle goedjies af, dan vertel ek julle van wat ons gaan doen.”

Nadat hulle afgepak het, word hulle getrakteer op koffie en beskuit. “Vertel my eers gou oor julleself.”

“Ek is Sunelle en die vurige rooikop is Rusty. Blondie hier langs my se naam is Zoniah en

die brunette is Angelique. Die krullebol is Annie en die skaam enetjie is May.”

“Lekker om julle te ontmoet! Is julle reg vir die stap?”

“Ja, ons is almal fiks! Ons is eintlik gholfmaats, en om fiks te bly vir gholf stap ons gereeld saam. So, ja ons is gereed!”

“Wonderlik, maar kom ek gaan wys julle gou hoe ons wildtuin lyk, dan stel ek julle voor aan ‘n paar van ons inwoners vir ingeval ons van hulle op ons stappie ontmoet.”

Dit is al laatmiddag wanneer hulle opgewonde in Jacques se veldvoertuig klim vir ‘n rit deur Izimpondo Zenyathi. Fanela bly in die kamp agter om solank ‘n vuur aan die gang te kry en voor te berei vir aandete.

Hulle rit stel beslis nie teleur nie, en hulle sien ‘n verskeidenheid van diere, drie WitRenosters, ‘n troppie Olifante, Koedoes en Sebras. Maar die hoogtepunt is wanneer hulle om ‘n draai kom en ‘n Luiperd kry. Jacques en die meisies is almal baie

opgewonde, want die kat lê daar hygend in die gras, besig met ‘n Rooibok wat sy so pas gevang het. Sy het die pens oopgeskeur en die binnegoed is alles reeds uit.

Die kameras klik soos ‘n jong oorloggie en almal babbel gelyk. Dis nie aldag dat jy só ‘n toneel teëkom nie! Maar baie gou is dit duidelik dat hierdie kat baie onrustig is, sy kyk kort-kort om. Dan besluit sy dat haar swaarverdiende vangs nie veilig is nie, en sy begin dit wegsleep. Gelukkig vir Jacques en sy meisies is daar ‘n geskikte boom sommer naby die pad, en sy sleep dit daarheen. Almal hou asem op as sy, bok in die bek die boom deeglik bekyk. Dis ‘n groot Rooibok en dit moet baie naby aan haar eie gewig wees. Gaan sy óóit die groot gewig in die boom opgehys kry?

Skielik merk Jacques uit die hoek van sy oog ‘n beweging. “Ag nee!” sug hy en almal volg sy blik. ‘n Hiëna het die vangs geruik en hy is reguit op pad na die Luiperd.

“Maak gou! Maak gou!” skree Annie paniekerig. Die Luiperd staal haar spiere en sy spring en gryp die boomstam vas in haar kloue. Die bok ruk en lig van die grond af. Met brute krag verskuif die kat haar kragtige kloue en hys die bok ‘n entjie op. Die Hiëna sien dat sy aandete gaan wegkom en hy hardloop kwylend op die Luiperd af. Met ‘n bomenslike kraginspanning klouter die kat teen die stam op. Gaan sy betyds wegkom?

Dan is die kwylende Hiëna reg onder haar! Die bok se agterpote is binne sy bereik, en hy spring, sy magtige kake wyd oop! Nou staan almal regop in die voertuig met kloppende harte die drama oopmond en dophou. Net betyds trek die groot kat die bok buite bereik van die klappende kake! Maar steeds is die drama ver van verby, want die bok is baie swaar en die Luiperd sukkel om dit deur die takke te sleep na ‘n mik in die boom. By een besonderse moeilike plek verloor sy so amper-amper haar prooi! ‘n Paar vrouens gil hard! Die Hiëna raak opgewonde en die kwyl stroom uit sy bek.

Maar Luiperd se kind laat nie sommer haar prooi val nie en sy sleep hom tot in die mik. Behendig skuif sy die bok sodat dit deeglik vashaak en veilig hang. Uitgeput van al die harde en stresvolle werk gaan lê sy en hyg na asem met haar voorlyf oor die bok gedrapeer. Spontaan klap almal hande. “Jou bulperd!” skree Rusty, en almal bars uit van die lag!

Vir ‘n volle uur sit hulle net daar en verwonder hulle aan die manjifieke dier in die boom. Die Hiëna stap intussen op en af onder die boom terwyl hy hoopvol na bo kyk vir enige stukkies afval wat dalk uit die lug mag kom vir hom.

Dit begin egter donker raak en hulle moet hulle terug haas na die kamp.

oooooooOO0OOoooooooo

Fanela was beslis nie skaam met sy hout nie, en ‘n reuse kampvuur van doringhout het die groep begroet toe hulle by die kamp aankom. Jacques stap vinnig ‘n draai deur die kamp om dóódseker te maak dat alles 100% reg is.

Daar is sewe eenvoudige safaritente op klein houtplatforms opgeslaan in ‘n halfsirkel, Jacques merk dat die vrouens slegs drie tente beset, hulle slaap twee-twee in ‘n tent. Dan is daar ‘n gesamentlike badkamer, ‘n eenvoudige ronde rietskerm sonder ‘n deur, maar met slegs ‘n riet skermmuurtjie voor die opening. Binne is daar slegs ‘n toilet, wasbak en stort, alles oop sonder enige afskortings. Jacques stap agterom die geboutjie om seker te maak dat die vuur in die “donkie” brand sodat daar warm water sal wees vir stort.

Langs die donkie troon die toring met die watertenk die aandlug in. Die water kom uit ‘n boorgat met ‘n pomp wat met sonkrag werk.

By die vuur sit almal reeds en ontspan. Jacques gaan sit op die enigste oop sitplek langs die blonde Zoniah.

Die Luiperdvangs oorheers die gesprek en elkeen wil haar eie gewaarwordinge vertel. Jacques glimlag as hy na die lewendige

gesprek luister. Kon hy óóit vir ‘n beter begin gevra het vir ‘n safari? Intussen het Fanela ‘n pot op die kole staangemaak. Die heerlike geur van potbrood wat bak vul die aandluggie. Langs dit stoom ‘n pot stywe pap en ‘n potjie tamatie en uie smoor. Fanela krap ‘n hopie gloeiende kole uit die vuur vir die vleis en weldra sis die skaaptjops en geurige boerewors op die kole. Jy hoor eintlik hoe die meisies se mae grom!

As Fanela die bruingebakte potbrood op die broodplank uitgooi, begin die monde water! Wanneer daardie eerste dik sny stomende brood egter gesny word, snak almal na hulle asems. Dis hemels! Dit word dik met botter geplak en ‘n doodse stilte sak oor die groep toe as almal smul aan die geurige kos, en veral die potbrood.

Na ete pak Fanela al die skottelgoed op en ry huistoe vir die nag. Jacques bly agter om die vrouens veilig te hou.

Skaars verdwyn die dreuning van die voertuig oor die bult, of die eerste note van

die boskonsert breek uit as die diep basstem van ‘n Leeu deur die kamp dreun. Dit voel asof dit dwarsdeur jou lyf vibreer! Zoniah gryp vir Jacques aan die bobeen, haar blou oë so groot soos pierings! ‘n Doodse stilte sak oor die groep toe. Die boskamp is gladnie omhein nie en diere kan vryelik deurloop. Almal voel bitter broos om só aan die genade van die natuur oorgelewer te wees, en vir die eerste keer begin hulle dit nou besef. Stadig raak Vuilbaard se woedende brul al sagter en sagter totdat dit wegsterf. Dan begin twee Leeus uit ‘n ander rigting ‘n duet brul.

Sommer hier baie naby aan die kamp styg die grillerige “hoeeeeeep” op uit die ruigtes. May gee ‘n senuweeagtig gilletjie. “Gattapatatta!” prewel Rusty. Zoniah verskuif haar greep van Jacques se been na sy boarm en trek hom tot teen haar vas. Hy voel hoedat sy liggies bewe. Hy besef dat dit tyd geword het dat hy die meisies gerusstel.

“Ek besef dat dit vir julle vreesaanjaend moet klink, maar glo my, dis gladnie so erg as wat dit klink nie, julle kan gerus maar ontspan!”

“Dis maklik vir jou om te praat…..!”

“Natuurlik is ek dit al gewoond want ek het dit al verskeie kere beleef. Dit maak my gladnie bang nie, maar een ding is seker: dit bly vir my een van die mooiste geluide, of eerder musiek wat ek al óóit beleef het! Maar kom ek stel julle gerus, ons is doodveilig hier waar ons sit en verseker nóg veiliger in ons tente waar ons slaap vannag.”

“Daai Leeu het darem vrek naby gebrul! Sal hy ons aanval as hy nou hier sou instap?”

“Kom ons wees eerlik, Leeus is gevaarlike diere. Daar was ook al gevalle aangeteken waar ‘n Leeu iemand by ‘n kampvuur aangeval het. Maar….. en dis ‘n baie groot ‘Maar’ dit is uiters raar dat dit sou gebeur.”

“Hoekom Jacques?” Sunelle het ‘n groot vraagteken op haar gesig.

“Sunelle, wilde diere - en dit sluit Leeus in – is oor die algemeen baie skaam. Hulle word nie soseer afgeskrik deur die vuur nie, maar eerder die lig en veral die mense wat gesels of geraas maak. So hulle sal dit nie hier waag nie en julle kan almal maar rustig wees.”

“Maar Jacques, jy het gesê dat daar tog al aanvalle was?”

“Ja, maar dit gebeur slegs wanneer ‘n Leeu siek of gewond is of as hy bedreig voel. Maar Hiënas is totaal ‘n ander saak. Hulle is nuuskierig en hulle sal dit selfs waag om die vleis van jou braaivleis rooster af te kom gryp!”

“Dis gevaarlik!”

“Nee, nie rêrag nie, dit is uiters raar dat hulle mense aanval. Maar moenie sy koppie probeer streel nie, hy kan jou hand afbyt!”

Jacques merk dat Zoniah steeds nie haar greep op hom verslap het nie, en dat sy

steeds styf teen hom sit. Haar lyf is warm teen syne!

Daar sak weer ‘n doodse stilte toe oor die groepie. Almal drink die hemelse nagmusiek in, die krieke, die paddas hier onder in die rivier, die naguiltjie. En daardie Hiëna is besig om sirkels rondom hulle kamp te loop, en hy sing so ver hy gaan! Twee Gevlekte Ooruile sing ‘n duet hier naby: “Hoe-hoeeee.”

“Vriende, ek wil nou nie ‘n nat vadoek wees nie, maar môreoggend gaan ons baie vroeg begin!”

“Ja, ek dink ek gaan inkruip!”

Almal beweeg tente toe, en dan streep hulle twee-twee na die badkamer toe om te gaan stort. Jacques gaan sit buite sy tent in die donker om te kyk dat almal veilig is. In die stort giggel en babbel dit asof dit ‘n groot sosiale aangeleentheid is, en Jacques kry groot lag vir die klomp. Die laaste twee gaan uiteindelik af na die stort, en Jacques kry sy goedjies bymekaar om sy beurt te kry wanneer hulle klaar is. Al geselsende en

giggelend kom die twee vroumense uit die badkamer uitgeloop met ‘n helder lantern geklee in slegs hulle dun nagrokkies. Vir ‘n oomblik verstar hulle as die Hiëna baie naby sy klaag-roep gee. Een van hulle gee ‘n gilletjie en dan versnel hulle en hardloop na hulle tent.

Jacques bars amper uit van die lag! Dan draf hy vinnig af na die badkamer om sélf die dag se stof te gaan afspoel. Hy stroop sy klere af en klim behaaglik onder die stort se stomende warm water in terwyl hy ‘n liedjie neurie wat al van vroegoggend af in sy kop bly maal. Hy masseer seep in sy hare in totdat ‘n groot skuimbol sy kop bedek en oor sy gesig loop. Dis salig so onder die stort!

oooooooooOO0OOoooooooo

Zoniah loer by haar tent uit of alles veilig is. In die maanlig sien sy geen gevaarlike roofdiere rondkruip nie. Sy het haar tittewysakkie in die badkamer vergeet en sy het hom nodig. Sy merk dat daar ‘n liggie skyn in die badkamer, so sy is darem nie

hééltemal alleen hier buite nie, een van haar maats is darem in die badkamer.

Haastig draf sy die entjie na die badkamer en storm in. Dan snak sy na haar asem, want hier reg voor haar staan die mooiste, perfekte beeldhouwerk van Dawid, nogal sonder daardie beroemde vyeblaartjie, in sy volle glorie. Haar hart gaan wild aan die bons, en sy kan haar oë nie van die perfekgeboude lyf afhou nie.

Haar mond hang onbeskaamd oop. Hy kan haar nie sien nie want hy het seep in sy oë, en hy sing, dus is hy salig onbewus van haar. Haar oë rek groot as hy seep smeer presies dáár waar die vyeblaartjie moes gehang het.

Dan glip die koekie seep uit sy hand uit. Onwillekeurig buk sy, tel dit op en gee dit vir hom aan in sy soekende hand.

“Dankie,” prewel Jacques, dan gee hy ‘n gil as dit tot hom deurdring dat iemand dit vir hom aangegee het: “Wie’s daar?”

Oorhaastig spoel hy die seep uit sy oë. Dan skrik hy hom asvaal as Zoniah hier vlak voor hom staan, amper teen hom. Hy probeer verbete toemaak waar die vyeblaartjie moes hang, maar dis klaar te laat, want sy't gesien wat sy wou sien.

Haar gesiggie getuig van skok, verbystering, verwondering en begeerte, alles deurmekaar, nie dat Jacques enigsins haar gesig eers raaksien nie.

"Jammer....." stotter sy, draai om en hardloop haastig uit.

Dan staan hy daar reg voor haar, tussen haar en haar tent! Nee, nie Jacques nie, maar die Hiëna met sy kwylende bek wawyd oop. Sy word yskoud! 'n Bloedstollende gil stoot onwillekeurig uit haar binneste op. Gil op gil klief deur die naglug. Sy spring om en hardloop terug in die badkamer in.

Jacques gryp sy handdoek en storm uit, net betyds om hom trompop teen Zoniah vas te hardloop in die badkamer se ingang. Sy gryp hom vas om die lyf en gaan onbedaarlik aan

die huil, terwyl hy desparaat die handdoek vasklou om sy waardigheid toe te hou. Oor haar skouer sien hy net die stertkant van die Hiëna waar hy in die donker verdwyn. Maar hy sien ook vyf angstige gesigte by die tente uitloer om te sien wat gaande is.

Hy pluk haar vinnig in die badkamer in en plak haar op ‘n houtbankie neer. Eers dan kry hy kans om die handdoek om sy onderlyf vas te knoop voordat hy langs haar gaan sit en sy arms om haar skouers sit om haar te kalmeer.

“Kom ek vat jou gou na jou tent toe,” troos hy wanneer snikke nie meer deur haar ruk nie. Sy is baie huiwerig om die veiligheid van die badkamer te verlaat, en Jacques moet eers sy arms om haar sit om haar aan te por. Hy is nog sopnat as hulle oor die grasperk loop na haar tent.

“Wat het gebeur?” wil almal weet as sy veilig in haar tent is, en Jacques moet verduidelik terwyl hy steeds net in sy handdoek daar staan, deeglik bewus dat hy dit nie kan

wegsteek dat hy baie opgewerk is deur Zoniah se nabyheid nie!

“Maar nou moet ons almal vinnig aan die slaap kom want môre begin ons baie vroeg!” Daarmee draai hy om en draf terug badkamer toe om sy klere te gaan kry sodat hy in die bed kan kom.

12

In die Wildernis

Dis nog pikdonker as Jacques ‘n vuurtjie aanmekaarslaan. Hy maal ‘n handvol koffiebone in sy handmeuletjie en die heerlike geur van varsgemaalde koffie vul sy neus en longe. Hy het ‘n lied in die hart as die ketel met koffie begin prut op die knetterende vuurtjie.

Hy hoor dat daar stadig ‘n beweging begin kom in die tente. Zoniah is die eerste uit, en sy loop reguit na hom toe, steeds geklee in slegs haar nagrokkie. Sy gee hom ‘n drukkie: “Ek is jammer oor gisteraand! En dankie dat jy my gered het!”

“Toemaar, alles reg! Koffie?”

“Asseblief, dit sal heerlik wees!”

Hy skink sewe bekers koffie en gee vir haar twee. Vat sommer een vir jou kamermaat. En nou beter jy vinnig iets ordentliks gaan

aantrek, die ander manne gaan enige oomblik hier wees! Ek stap saam dan vat ek sommer vir die ander meisies ook hulle koffie."

Terwyl hulle tente toe loop, klink die dreuning van Fanela se voertuig op. Kort op sy hakke volg nóg 'n voertuig. Jacques is verbaas as Mpho glimlaggend uitklim. "Goeiemôre Jacques!"

"En wat bring die hoof sjef van Izimpondo Zenyathi persoonlik na ons nederige nedersetting?" Jacques lag hartlik.

"Aag, ek het maar net lus gevoel om 'n bietjie uit die kombuis te kom. En boonop het 'n sekere mejuffrou Suzette Malan my gestuur om te kom kyk of jy jou gedra saam met die klomp aanvallige meisies!"

Jacques kry skielik 'n knop op sy maag en onwillekeurig gaan sy gedagtes terug na gisteraand. Gelukkig is dit nog donker sodat Mpho nie kan sien hoedat hy bloos nie. "Maar natuurlik! Vra hulle maar sélf!"

“O ja, hy gedra hom soos ‘n ware heer!” Die vrouens het nou al almal om hulle saamgedrom om te sien wat aan die gang is.

“’n Ware heer nogal? Dis nét waarvoor ek bang is!” Intussen het Mpho al ‘n tafel gedek met ontbyt goed genoeg vir ‘n koning, of dalk eerder ‘n koningin! “Dames, kom sit gerus aan en eet, julle sal dit nodig hê vir vandag se staptog!”

Intussen het Fanela hom kom aansluit by die groep en hy, Jacques en Mpho sit aan saam met die ses dames by ‘n geurige ontbyt. Daar is van te kies en te keur!

Skielik klink die klaende gebalk van ‘n donkie op. Angelique skrik só dat sy byna van haar stoel afval: “Bliksem!” swets sy en dit dawer soos almal lag.

“Kom ek verduidelik eers gou, daar is géén paaie waar ons vandag heen gaan nie. Dis ‘n wildernisgebied, en die enigste manier om al julle bagasie en die kos daar te kry is per donkie. Ons kok en nog ‘n helper gaan al ons goed met die donkies vooruit neem en solank

ons kampplek gereed kry. Dis die rede waarom julle al julle bagasie in sakke moes pak. Al wat julle gaan saamdra is ‘n klein rugsakkie met padkos, spaar skoene en sokkies en natuurlik water. Ek vertrou almal het rugsakke?”

Almal knik koppe.

“Goed, sodra ons klaar is met ontbyt moet julle asseblief julle bagasie hiernatoe bring, en dan gaan ons begin met ons groot avontuur!”

Daar volg ‘n spontane applous en soos een man staan die dames op om te gaan gereed maak.

oooooooOO0OOooooooo

Op die rivier se oewer kom almal bymekaar. “Die rivier is breed hier, maar dis vlak, op die diepste nie meer as kniediep nie. Maak asseblief net baie seker dat daar niks sand aan julle voete is voordat julle weer kouse en skoene aantrek nie. Enkele sandkorreltjies kan jou blase skaaf!”

Vir die spul vroumense is dit vet pret om deur die rivier te loop, en dit giggel en lag die hele pad. As almal weer skoene aanhet, begin die safari in alle erns. Jacques loop voor en almal volg in enkelgelid met Fanela heel agter met sy geweer oor sy skouer. Die son kom op in ‘n bloedrooi bal agter die doringbome uit en kleur die lug in ‘n kaleidoskoop van kleure. ‘n Paar Fisante kondig die dagbreek luidrugtig aan en iewers kwetter Tarentale in luide stem om die Fisante te ondersteun. Dis ‘n perfekte oggend!

Die dou hang swaar aan die grashalms en duisende klein spinnerakke blink in die vroeë oggend sonnetjie. Een reuse spinnerak vang dadelik die oog en Jacques is vinnig om dit vir hulle uit te wys. “Dis die net van ‘n Goue Wawiel spinnekop,” verduidelik hy. Hulle loop tot by die spinnerak en dan wys Jacques hulle die kompleksiteit van die net. Lang, dik ankerdrade het die net vas aan ‘n stewige boomtak aan die bokant en teen die grond aan struike of graspolle. Die ankerdrade is

styf gespan, soos ‘n kitaarsnaar. “Daardie drade is sterker as staal!”

Doudruppeltjies skitter soos diamante aan die drade. In die middel van die net sit die koningin op haar troon, nogal ‘n goue troon want die drade skitter goud in die son. Hierdie koningin is waarlik edel, met ‘n lyf van ‘n volle 30mm lank en dan daardie langer as lank bene! Sy is geklee in helder kleure, goudgeel, oranje, pikswart en spierwit. Die Koning is óók daar, maar hy is byna onsigbaar, ‘n verpotte ou mannetjie ‘n volle duisend keer kleiner as sy. “Die mannetjie hou maar sy afstand van haar af, want as sy hom in die hande kry, vreet sy hom op!”

May skud haar kop: “Maar hoe….. Hoe het hulle…. Jy weet mos?” Sy bloos bloedrooi.

“Jy bedoel hoe paar hulle? Hy wag totdat sy besig is om haar prooi te eet, dan spring hy vinnig sodat sy hom nie sien nie, doen sy ding en hardloop vir sy lewe!”

“Dis wreed!” Nou is May sommer omgekrap!

Hulle stap verder, en dan merk hulle ‘n tiental Aasvoëls wat in ‘n droë boom sit. “Waarom sit hulle daar? Ek het gehoor dat Aasvoëls agter Leeus aanvlieg. Is hier Leeus? Hulle is sommer baie naby! Jacques…..?”

Jacques lag: “Ja, jy is reg, hulle volg wel Leeus. Maar nee, dit beteken nie dat hier Leeus naby is nie. Sien, aasvoëls vlieg nie in die nag rond nie, hulle soek ‘n plek om te gaan slaap, soos hierdie boom.”

“Ja goed, maar hoekom het hulle dan nog nie weer gevlieg nie? Die son is al op!”

“Dis ‘n baie goeie vraag, Annie! Aasvoëls is baie swaar en dit neem groot inspanning om in die lug te kom. Jy het seker ook al gesien dat hulle nie hulle vlerke klap wanneer hulle hoog bo rondsweef nie. Hulle gebruik lugstrome om hulle in die lug te hou. Maar om eers daar bo te kom, gebruik hulle ook lugstrome. Hierdie tyd van die oggend is dit nog te koud vir lugstrome om te vorm, so dan wag hulle totdat dit warmer word sodat hulle lugstrome kan kry om hulle te help om daar

bo te kom. Terloops, hierdie is die meer algemene Witrug Aasvoëls. Hulle is natuurlik die skoonmakers van die veld. As hulle nie daar was nie, sou die veld vol vrot karkasse gelê het. Net vir interessantheid, wanneer hulle by ‘n karkas kom, gaan hulle heel eerste vir die dier se oë en bek, en daarna pik hulle gate in die vel om by die vleis uit te kom. Dikwels sien jy dat ‘n aasvoël sy hele kop binne-in die gat steek!”

“Gross!” Angelique is gladnie beïndruk nie!

Hulle safari neem hulle langs ‘n klipkoppie verby, bestrooi met groot granietrotse. Jacques se oë bly op die koppie gevestig want hy weet presies wat om hier te verwag. Dan sien hy dit. Hy beduie vir die groep om te stop. “Kry julle verkykers uit.” Hy is opgewonde want hy het ‘n baie besonderse dier gesien. “Kyk baie mooi na daardie groot rots daar links op die koppie.” Almal soek met hulle verkykers.

“Ek sien hom! Wow! Watse soort bokkie is dit? Hoe kry hy dit reg om so op die skuins

klip te staan? Wat is daar in elk geval vir hom op te eet?”

“Hokaai Rusty! Een vraag op ‘n slag asseblief! Hierdie is ‘n baie spesiale bokkie, ‘n Klipspringer. Jy sal hulle altyd by sulke klipkoppe of in berge sien want hulle is spesiaal aangepas vir hierdie soort habitat.”

“Maar hoekom gly hy nie op die klip nie? Dis vrek skuins waar hy staan!”

“Baie goeie vraag Rusty! Kyk baie mooi, dan sal jy sien dat hy op die punte van sy toontjies staan, amper soos ‘n ballerina. ‘n Plat hoef sou maklik op die rots gly, maar sy gepunte hoef gee hom uitstekende vastrap sodat hy vinnig oor rotse kan hardloop sonder om te gly.”

Die grys-bruin bokkie staan kiertsregop met sy vier pootjies styf teenmekaar en kenmerkend die rug wat rondgetrek is. “Kyk mooi na sy hare, dis baie grof, maar dis ook bros. Dit beskerm die bokkie teen skerp punte van die rotse.”

Die Klipspringertjie begin skielik hardloop. Almal snak na hulle asems as die bokkie rats van klip tot klip spring sonder om een keer te gly. “Rusty, jy wou weet wat hulle eet? Hoofsaaklik gras, maar hulle eet ook blare. Jy kry hulle soms aan die voet van ‘n koppie waar hulle staan en wei, maar hulle is nooit ver van die rotse af nie, want dis waar hulle veilig is.”

“Kyk!” Jacques wys in die lug op. “Wie kan raai watse voël daardie is?”

“Dis ‘n Arend?”

Jacques lag: “Ja Sunelle, maar watter soort arend?”

“Ek dink dis ‘n Breëkop Arend…..?”

“Goeie raaiskoot Annie, maar nee. Daar is drie baie kenmerkende dinge wat hierdie arend identifiseer. Die eerste is die swart lyf en spierwit vlerke met ‘n swart randjie aan die agterkant en swart vingers. Die tweede is die besonderse kort stert en die derde gee sy Engelse naam weg. Let op na die manier wat

hy vlieg: dit lyk soos iemand wat op ‘n tou loop en balanseer. Toe, wie wil nou raai?”

“Ek weet!”

“Wat sê jy Angelique?”

“’n Bateleur!”

“Kolskoot! In Afrikaans is dit ‘n Berghaan. Terloops, hierdie is ‘n mannetjie, die wyfie se swart band aan die vlerk se agterkand is heelwat breër. Die rede waarom hy so koddig vlieg, is om hom te stuur omdat sy stert so kort is. ‘n Voël stuur hom gewoonlik met sy stert, nes ‘n vliegtuig.”

Dit het tyd geword vir middagete en hulle gaan vly hulleself neer op die groen gras in die skadu van ‘n reuse rots aan die voet van die koppie. “Wat’s dit daai?” May wys met haar vinger na ‘n koddige klein diertjie wat tussen die klippe uitloer.

“Dis ‘n dassie, May. Hierdie is een van drie spesies. Jy kry Geelkol Dassies, Boomdassies en dan hierdie een, ‘n Klipdassie.”

“Ek het iewers gehoor dat Dassies familie is van Olifante, is dit waar?”

“Rusty, hulle naels en tande toon ooreenkomste met dié van Olifante, maar dis waar dit eindig. Hulle verwantskap aan Olifante is so ver weg as wat hulle groottes verskil! Ja, die slim mense sê wél dat hulle verlangs familie is van Olifante sowel as Dugongs, maar dis baie ver!”

Die Dassie sit doodstil en kyk hulle aan met sy kraalogies, ronde oortjies en swart neus. “Kom ek vertel julle ‘n storie omtrent die dassie wat wél ‘n feit is: as jy ‘n Dassie aan sy stert optel, val sy ogies uit!”

“Aag nee, jy praat bog!”

“Nee rêrag, Rusty!”

“Ek dink jy lieg nou soos ‘n tandetrekker!”

Jacques lag lekker: “Nee, dis ‘n feit! Jy kannie ‘n dassie aan sy stert optel nie, want hy hét nie ‘n stert nie!”

Rusty mik na Jacques en gee hom ‘n hou op die arm. “Jy’s nie snaaks nie!” Almal bars uit van die lag!

Iewers baie ver klink die roep van ‘n Visarend op. “Kom ons kyk wie kan hom eerste sien!” Nou is almal se oë op skrefies getrek terwyl hulle die lug fynkam vir die manjifieke voël.

“Ek het hom!” May se stemmetjie bewe eintlik van opwinding. “Dáár!” Almal volg haar vinger.

“Ja, ek sien hom!” Annie is opgewonde. “Maar hy is net ‘n klein spikkeltjie! Hy moet seker verskriklik hoog in die lug wees!”

“Daar’s twee! Ek sien twéé spikkeltjies!”

In verwondering hou die ses vrouens die twee Visarende dop wat in ‘n groot sirkel vlieg. Wanneer een se roep weerklink, antwoord die ander een. “Die mannetjie het die hoë stem en die wyfie die laer een,” verduidelik Jacques. “Hierdie is seker een van die mees ikoniese voëls in die wêreld!”

“Vang hulle net vis?”

“Nee Angelique, hulle vang dikwels ander watervoëls soos Flaminke en Eende, selfs klein Krokodilletjies! ‘n Visarend kan ‘n vis so groot as drie en ‘n half kilogram vang!”

“Wow!”

“Maar dames, nou sal ons weer moet begin stap. Ons kamp wag vir ons!”

Daar is ‘n baie groot verskil tussen gewoonweg stap en stap deur die rowwe veld, so het die ses dames baie gou agtergekom. Hier moet jy deur riviere stap, en as jy gelukkig is op wildspaadjies. Dikwels is dit egter deur lang gras, oor graspolle, oor los klippe, deur sand en dit kan baie vermoeiend wees! Jacques kom baie gou agter dat die ses se gemoedere na middagete nie meer so vol huppel is nie. Dit begin stil raak, dus kies hy die kortste pad na die boskamp. Hy probeer ook nie eers meer om hulle van interessante bome en goggas te vertel nie, want hy sien sommer dat hulle nie eers meer luister nie. As hulle twee Renosters so ‘n honderd treë van hulle af

teëkom, is Annie se reaksie bloot: “Whatever…..”

Hulle stap sleepvoet oor ‘n bultjie en dan wys Sunelle na iets blouerig wat deur die bosse skyn: “Wat’s dit daai?”

Jacques lag: “Dít vriende, is ons kamp vir vanaand!”

‘n Spontane juigkreet gaan op van al ses vrouens: “Jippieeeeeee! Meisies, daar wag bier!”

Dis nog ‘n volle kilometer ver, maar skielik het die vrouens ‘n nuwe huppel in hulle stap! Wanneer hulle ‘n rukkie later al singende die kamp binnemarsjeer, staan die kampkok hulle en inwag met yskoue bier. Dankbaar gryp hulle die bruin botteltjies en sluk dit weg sonder dat enigiets kante raak! Dis eers wanneer elkeen ‘n tweede bottel het, wat hulle rustig drink terwyl hulle op die groen gras uitgespalk lê soos uitgespanne donkiekarre!

“Dames, terwyl julle ontspan wil ek gou vir julle vertel van ons kamp. Eerstens die goeie nuus: ons het ‘n toilet. Nou die slegte nuus: dis nie ‘n toilet soos julle gewoond is nie! Dis net hier agter die bome…..”

“Moenie my sê dis ‘n longdrop nie, ek haat longdrops!”

“O, maar dan het ek goeie nuus vir jou Angelique, dis nie ‘n longdrop nie, dis die oop veld!”

Die meisies se monde val onbeskaamd oop: “Wat presies bedoel jy, Jacques?”

“Wel, sien julle die graaf met die toiletrol op? Dis die deur na die toilet. As jy nood het neem jy die graaf en maak vir jou ‘n gaatjie anderkant die bome. En wanneer jy klaar is, gooi jy weer die gaatjie toe. Ons is baie naby die rivier, en dis alles sagte riviersand hier anderkant die bome. Verstaan julle?”

Met gesigte wat straal van ongeloof, skud hulle bloot die koppe dat hulle verstaan. “So ons is nou rêrag in die bos?”

“Ja, inderdaad! Net so terloops, julle het seker opgemerk dat die bome hier om die kamp almal baie groot is? Hierdie is ‘n stukkie oewerwoud wat oorgebly het nadat die groot oorstromings meeste van die bome weggespoel het.” Reuse Jakkalsbessie, Waterbessie, Rooiessenhout en Trosvye pronk om die kamp.

“Dames, welkom in die wildernis!”

13

Om die Kampvuur

Die boskamp se geriewe is baie basies. Baie gou kom die ses dames agter dat hier géén teken is van luukshede nie. Om mee te begin is die tente baie dieselfde as die basiskamp, maar daar is geen beddens nie, slegs twee dun matrassies op die plank platform in elke tent. Hulle het tot dusver ook nog nie ‘n badkamer opgemerk nie.

Fanela verkies om nie by die gaste te slaap nie maar eerder sy intrek te neem in die kok se kwartiere, ‘n entjie van hulle kamp af. Dis ook waar die kombuis is, ‘n eenvoudige afdak op vier houtpilare. Dit kan gladnie van die kamp af gesien word nie.

“Dames, staan nader asseblief, ek het iets baie belangrik om julle mee te deel!”

“Dit beter baie belangrik wees! Ek wou nou net my seer lyf op my luukse matras kom neervly!”

“O inderdaad is dit baie belangrik, as julle nie nou kom nie gaan julle badwater koud word!“ Skielik kry die dames lewe.

“Badwater? Maar ek het nog nie ‘n badkamer gesien nie, waar is dit?”

Jacques lag: “Reg agter daardie digte bos. Ons kok het so pas die stort vir julle gereed gekry.”

“Ek verstaan nie, ek sien nie ‘n gebou nie, waar is die badkamer?”

“Julle sal wél verstaan as julle daar kom. Ek stel voor dat julle almal saam daarheen gaan. Vat julle handdoeke en seep en julle tittewygoedjies alles saam. En sorg dat julle klaar is voor sononder, want ek moet ook nog gaan stort!”

Huiwerig vertrek die groep na die bos en dan skielik klink ‘n gilletjie op en ‘n gegiggel. Rusty loer om die bos na Jacques: “Moet ons sowaar hier stort? Dis dan oop! Iemand gaan vir ons loer!”

“Rusty, daar is absoluut niemand anderkant daardie bos nie! Dis net die Blouape wat vir jou gaan loer!”

Weldra weergalm dit soos wat daar luidrugtig geklets en gelag en gegiggel word. Kort-kort klink daar ‘n gil op van pure plesier, en Jacques wens dat hy ‘n vlieg op ‘n takkie anderkant die bos kon wees. Hy oorweeg dit nogal sterk om ‘n hommeltuigie aan te skaf! Dan lag hy hardop vir sy eie lawwigheid!

‘n Driekwartuur later kom die ses vrouens al singende uitgemarsjeer, geklee in slegs handdoeke om hulle lywe gedrapeer. Skielik is al hulle moeg en seer weggespoel en een en elk is dolgelukkig. “Hierdie was die lekkerste stort wat ek nog óóit in my lewe beleef het!”

“Ja, ek stem saam, en ons het selfs ‘n paar Rooibokkies gesien terwyl ons onder die stort gestaan het!”

“Ek stem saam, ek het so vry gevoel om daar in my alltogether te staan en my bates aan die hele wêreld te vertoon!”

Almal bars uit van die lag: “May! En jy is altyd so skaam! Ons is trots op jou!” Skielik bloos May bloedrooi, en nou lag almal éérs lekker!

Jacques skreeu in die kombuis se rigting dat hy water nodig het, en die kok kom uit met ‘n emmer stomende water. Hy gryp sy handdoek en seep en draf na die stort toe om klaar te kry voor donker. Nie dat hy bang is vir die donker nie, maar omdat hy nie die vrouens alleen wil los in die donker nie. Hy maak die emmer met die stortkop weer vol water en hys dit in die boom op. Die stomende warm water oor sy lyf is waarlik ‘n luukse so in die wildernis. Hy geniet die asemrowende uitsig terwyl hy sy lyf seep smeer. “Wat kyk julle?” snou hy twee Geelbek Neushoringvoëls toe wat op ‘n takkie vir hom kom sit en loer.

Wanneer Jacques terugloop begin dit klaar skemer raak. Fanela en die kok het intussen ‘n reuse kampvuur gepak en die vlamme begin al hoog staan. Een vir een kom maak die vrouens hulle gemaklik op groot

houtstompe wat rondom die vuur gepak is. Dis weer een van daardie perfekte sonsondergange, waar die klein wolkies die mees asemrowende kleure geskilder is. Jy durf net nie vir een oomblik ophou kyk nie want dit verander elke minuut totaal!

Skielik vul heerlike geure die aandlug en Jacques se mond begin sommer te water. Uit die donker kom die kok en sy handlangers te voorskyn met ‘n pot stywe pap, tamatie en uie smoor, ‘n potbrood en ‘n bak geurige, perfek gebraaide lamtjops. Agter hulle kom Fanela aan met ‘n paar bottels wyn en wynglase. “Ek dog dan ons is in die wildernis?” merk iemand op, “maar die diens is beter as ‘n vyfster hotel!”

Spontaan klap almal hande vir die koningsmaal wat vir hulle voorgesit word.

“Hierdie is die één groot bederf wat ons vir ons gaste gee,” verduidelik Jacques, “maar nie almal word so bederf nie. Ek weet nie of julle besef nie, maar daar is ook ‘n ander opsie vir ‘n wildernis staptog. Sommige van

ons gaste verkies om dit totaal rof te vat. Hulle dra dan al hulle bagasie self, kos, tente en klere. Dan slaan hulle snags kamp op waar hulle kom, moontlik iewers langs die rivier. Hulle maak self vuur en maak hulle eie kos gaar. Maar dis slegs vir die hardebaarde bedoel!"

"Sjoe, dit klink rof!"

"Inderdaad, maar dames, bon apetit!"

Daar sak 'n doodse stilte toe oor die kamp terwyl almal smul aan 'n aandete uit die boonste rakke. Dan klink die groot koning se brul op en almal hou vir 'n oomblik op eet om eers met groot ontsag te luister na die stem wat een en elk laat bewe. 'n Naguiltje sing sy nostalgiese liedjie en 'n Bosuil en sy maat sing liefdesliedjies vir mekaar.

Na ete staan Jacques op en verdwyn in sy tent. "Moenie ons verlaat nie!" kerm Annie. Maar dan kom Jacques terug met 'n kitaar.

"Waar het jy daardie ding weggesteek?" lag Angelique.

“O, hy het saam met die donkie gekom. Dis ‘n stokou kitaar wat ek vir ‘n appel en ‘n ei by ‘n kerkbasaar gekoop het. Die ou ding was stukkend, maar ‘n klein bietjie werk en baie TLC het hom heel speelbaar gemaak.”

Hy gaan sit weer op die stomp en begin die kitaar saggies kielie met goed-geoefende vingers. Soet klanke borrel uit die stokou instrument, en dan begin Jacques ‘n sagte melodie fluister-sing: “There’s a world of sun and sand, full of sky and far from land, where evening breezes caress the shore like a gentle comforting hand. Listen to the ocean, echoes of a million seashells, where-ever it’s in motion, moving to a rhythmic and unwritten music that plays eternally!” Sy sagte, diep stem roer die gemoedere en dit raak doodstil om die vuur.

May pik ‘n traan weg: “Dis soooo mooi!”

Zoniah skuif nader aan Jacques. Duidelik is sy diep geraak deur die rustige, soet musiek. Sy leun teen hom aan en sit haar kop op sy skouer. Hy sing rustige, nostalgiese ver-

verlang liedjies. Galway Bay vloei voort uit die vorige lied. Jacques voel haar hand op sy bobeen. Saggies streel sy sy been, haar hand is warm en sag.

Een na die ander borrel die sagte klanke oor sy lippe, musiek diep uit die hart wat die vrouens se hartsnare roer. Zoniah skuif nog stywer teen hom aan, hy weet nie mooi hoe om dit te hanteer nie. Haar warm hand streel al dringender oor sy been. Hy voel die warmte in hom opstyg!

Skielik gil Annie asof haar laaste oomblikke aangebreek het. Die kitaar val amper uit Jacques se hande soos hy skrik. Annie gil weer en weer en spring bo-op haar stomp. ‘n Doodsvrees vul haar gesig. Voor haar loop ‘n reuse pikswart skerpioen ewe ongeërg verby terwyl die arme Annie tien dode sterf. Die vrouens het almal hulle voete opgetrek om die angswekkende dierasie te probeer ontwyk. Dis nou almal buiten Rusty! Sy vind die situasie baie komies. Dan buk sy en tel die skerpioen aan sy stert op en sit hom op

haar handpalm neer. Annie is op die punt om flou te val van vrees en afsku. Rusty lag: “Kyk, dis ‘n skadelose ou diertjie! Hy sal niks doen nie!”

“Rusty! Jy’s stapelgek! Daai ding gaan jou gaffel met sy angel!” Angelique is hoogs ontsteld oor Rusty se roekelose gedrag!

“Toemaar, ek ken Skerpioene baie goed. Daar is natúúrlik Skerpioene wat ek gladnie sal hanteer nie want hulle is dodelik giftig, maar hierdie een is feitlik skadeloos.”

Jacques staan die petalje geamuseerd en dophou met ‘n glimlag op sy bakkies. Rusty is hééltemal reg! Boonop voel Jacques asof hy die Skerpioen kan soen van dankbaarheid want daardie oergedroggie het hom uit ‘n gróót penarie gered! Zoniah se amôreuse toenaderings het bitter gevaarlik begin raak! Daai Skerpioen het nét, nét betyds sy opwagting gemaak!

Rusty gaan verlos die Skerpioen in die lang gras en die meisies waag dit om versigtig van hulle stompe af te klim. Mens weet nooit

watter ander gevaarlike goed nog hier mag rondsluip nie!

“Meisies, ek gaan kooi toe!” Duidelik het Sunelle genoeg opwinding vir een aand gehad!

“Wag vir my! Ek kom saam!” May wil beslis nie hier saam met die wilde diere agtergelaat word nie.

Jacques wag tot almal veilig in hulle tente is voordat hy na sy tent gaan. Hy trek sy klere uit en trek ‘n bokser nagbroekie aan. Dan maak hy sy tentflap wawyd oop sodat hy kan sien wat buite aangaan en strek hom behaaglik op sy matrassie uit. Dit klink of daar ‘n ernstige debat gevoer word waaraan al ses vrouens gelyk deelneem. Hy wonder nog wat hulle probleem kan wees, dan word hy aangespreek: “Jacques…..”

“Kan ek help?”

“Jacques, ons het ‘n probleem! Ons moet almal gaan piepie, maar ons is bang!

Asseblief Jacques, sal jy saam met ons gaan? Asseblief…..?!”

“Ja goed!” Hy vat sy flitslig en die ses meisies bondel styf teen hom saam terwyl hulle deur die digte rivierwoud loop tot by die oop sandbank langs die rivieroewer. In die sagte riviersand maak hulle ‘n gaatjie met die graaf terwyl Jacques aangesê word om dóódseker te maak dat hulle nie deur die een of ander vleisvretende gedrog bekruip word nie. “As jy omkyk is jy dood!” dreig hulle hom terwyl hulle al giggelend hurk om hulle besigheid af te handel.

Uiteindelik is almal klaar en nadat hulle weer die gat toegegooi het bondel hulle weer styf teen Jacques saam terug deur die donker. Skielik gaan Jacques staan en hy begin lag. “Wat’s fout?” wil Sunelle weet.

“Dis eintlik baie snaaks, as hier nou ‘n Tier of ‘n ding uit die bos sou spring, is ek die enigste een wat beskerm is. Dankie dat julle só vir my omgee!”

“Wat bedoel jy?”

“Julle vorm ‘n sirkel reg rondom my!”

Annie klou krampagtig aan sy arm en May het hom aan die hand beet. Zoniah het hom in ‘n stewige greep om sy lyf en Angelique klou verbete agter aan sy slaapbroekie, hy vrees dat sy dit enige oomblik van sy lyf af kan ruk!

Nou giggel dit dat die bome bewe en Angelique los summier sy broek! Die ander weier om te los waar hulle vasgevat het. “Dis lekker om só ‘n sterk man te beskerm!”

Hy wag eers totdat almal veilig in hulle tente is voordat hy self inkruip. Nou is hy egter nugter wakker. Deur die oop tentflap kan hy die kampvuur se kole nog bloedrooi sien gloei. ‘n Skynsel op die horison vertel vir hom dat die maan besig is om op te kom. Weldra loer die halfmaan blinkhelder deur die bome, en baai die hele kamp in helder maanlig. Hy sien ‘n beweging aan die rand van die kamp en sy hart bons in sy keel. Tot sy verligting herken hy die Grysduikertjie wat skugter op die groen gras kom wei. ‘n Rustigheid en

vrede sak oor hom toe en baie gou is hy in droomland.....

14

‘n Dag in die Bos

“Koffie! Lekker swart Boerekoffie!”

Vererg loer die vroumense uit hulle tente uit. “Wie lawaai so? Dis dan nog nag!”

“Kom, kom dames, sluk julle koffie en maak gou reg vir ons vroegoggend wandeling!”

“Is jy ernstig, Jacques?”

“Ja Annie, doodernstig! Julle hoef nie nou al julle oorlogsverf op te sit nie, die diere sal nie omgee hoe julle lyk nie, julle kan kom mooimaak wanneer ons terugkom vir ontbyt.”

“Mag ek darem eers my tande borsel?”

“Ja, sien julle oor vyftien minute!”

Jacques spoel vinnig sy gesig af, borsel sy tande en kam sy hare. Dan’s hy reg vir die dag! Een-vir-een kom die vroumense uit hulle tente gestrompel. “Dit beter ‘n baie goeie

stappie wees anders gaan verkla ek jou by die DBV!”

“Die DBV? Wat het dit met die Dierebeskermingsvereniging te doen?”

“Nee Jacques, Dames se Basiese Voorregte!”

Dit begin net lig word wanneer die groep uit die boskamp vertrek. Die gras is sopnat van die dou en in die eerste lig skitter doudruppeltjies soos miljoene pêreltjies op elke grashalmpie en blaartjie. Derduisende klein spinnerakkies bedek die veld so ver as die oog kan sien, elkeen skitterend in die vroeë oggendlig. Jacques volg ‘n klein voetpaadjie wat uiteindelik teen ‘n skuinste uitloop. Wanneer hulle bo kom, eindig die voetpaadjie teen ‘n loodregte krans sowat dertig meter hoog. Die meisies snak na hulle asems, want die uitsig hier is asemrowend! Hulle gaan sit op die groot ronde klippe wat die koppie bedek om die uitsig hier onder te bewonder.

“Dankie Jacques! Dit was die moeite werd om so vroeg uit die kooi geboender te word!”

Jacques glimlag breed: “Ek het gewéét julle sou dit waardeer!”

Hier van bo kyk hulle af op die rivier wat rustig hier onder hulle lê en sluimer. Aan die oorkantste oewer is ‘n sandbank wat omsoom word deur ‘n lowergroen, digte oewerwoud van wildevyebome. Op die horison kruip die bloedrooi son agter die bome uit en verf die wolke al die kleure van die reënboog. In doodse stilte sit die groepie hulle en vergaap aan al die mooi, gans te veel om op een slag in te neem.

Skielik trek Rusty haar asem vinnig in: “K-k-kyk!” Sy wys na die oorkant waar sy ‘n beweging aan die kant van die woud opgemerk het. “Ek dink dis ‘n Luiperd!”

“Sowaar! Jy’s reg Rusty! Julle sal nooit besef hoe gelukkig ons is nie! Dis iets wat ons bitter selde op ‘n staptog sien!”

Die Luiperd kom doodluiters uit die ruigte geloop oor die sandbank tot teen die kant van die water. Daar gaan hurk sy. Sy draai haar kop links en regs om dóódseker te maak dat sy alleen is voordat sy haar kop laat sak en behaaglik die koel water met haar tong oplek. “Wow! Dis awesome!”

“Verseker, Angelique! Min mense kry óóit die voorreg om dit te kan aanskou! “

Die groot kat lig haar kop en kyk eers weer ‘n slag behóórlik rond voordat sy haar verder verlustig in die verkwikkende water. Wanneer sy klaar is, begin sy terugloop, maar dan besluit sy dat sy eers die sand wil geniet. Sy gaan lê op die naat van haar rug en rol eers behaaglik op die sagte riviersand rond voordat sy opstaan en rustig terugloop. Dan verdwyn sy weer in die ruigtes.

Skielik is die tonge los en almal praat gelyk: “Ek kan nie glo dat ons so gelukkig kan wees nie! Dis die tweede keer wat ons nou al ‘n Luiperd sien in hierdie wildtuin! Wow!

Jacques, dankie dat jy ons hierheen gebring het!”

“Het julle ouens daai snorbaarde gesien? Dis om oor huistoe te skryf! Hulle is sóóó lank!” en Zoniah beduie met haar hande soos ‘n visserman wat sy groot vangs beskryf.

“Ja, en daai pels! Ek kan my verkyk aan die aangrypende patrone op haar pels. Dit lyk so sag en streelbaar!”

“Ek sou dit nie sommer probeer nie…..! Daai katjie vat jy nie sonder handskoene aan nie!”

Dit raak weer stil en elkeen sit verdiep in hulle eie gedagtes terwyl hulle probeer om al die mooi wat hier voor hulle afspeel in te drink. Twee Kolganse snater luidrugtig hier onder in die vlak water terwyl ‘n Reuse Reier roerloos in die dieptes staan en intuur. ‘n Visarend sit op die tak van ‘n Wildevy, besig om sy veredos reg te kam. ‘n Sestal Rietduikers kom laag oor die mistige rivier verbygevlieg, hulle weerkaatsing op die gladde water is swart afgeëts. Alles is so mooi dat die gemoedere vol skiet. Niemand

durf iets sê nie, uit vrees dat dit die sprokieswêreld hier onder kan verbreek.

Na ‘n lang ruk van stilte, staan Jacques op: ”Ons moet ongelukkig nou terug, ontbyt wag vir ons in die kamp.” Die terugtog word in doodse stilte aangepak, elkeen nog steeds verdiep in hulle eie gedagtes.

In die kamp wag daar ‘n opvoutafel op die gaste, gedek met ‘n spierwit tafeldoek en kos om van te kies en keur: varkworsies, spek, gebakte eiers, graankos, vrugtesap en vars vrugte. Skielik is almal sommer rasend van die honger en gulsig val hulle weg aan die feesmaal.

In die bome kwetter en gesels die voëls luidrugtig. ‘n Glansspreeu waag dit om op die tafel te kom sit. Hy gryp ‘n stuk spek uit die bak uit en vlieg vinnig weg. Nou begin die ander klomp ook moed kry en volgende is dit ‘n Geelbek Neushoring wat oorweldig word deur sy hongerpyne, of dalk sy lus vir iets lekker. Hy gryp ‘n stuk brood uit Annie se bord en gooi sy kop agteroor sodat die brood

in sy keel val en verdwyn. “Verpestelike dierasie!” snou Annie hom toe en verwilder hom. “Dit was my laaste stukkie brood, en ek was só lus vir hom!”

Teen hierdie tyd is almal klaar met ontbyt en hulle gaan staan eenkant en klets. Nou is die ark oop en die veervolkies sak op die tafel toe. Jacques verwilder die spul met arms wat swaai soos ‘n windmeul terwyl hy swets soos ‘n matroos. Skaars draai hy sy rug of die hele lot is weer terug! Dis ‘n verbete stryd!

Intussen geniet die spul vroumense die hele sirkus terdeë! Jacques besluit dat daar in elk geval amper niks op die tafel oor is nie, en dan gee hy maar gelate die stryd gewonne!

“Dames, gaan kry julleself gereed vir vandag se staptog. Oor ‘n halfuur val ons in die pad. Ons hoef nie eetgoed saam te vat nie, want ons gaan teen middagete weer terug wees in die kamp. Vat net vir julle genoeg water saam.”

‘n Halfuur later streep hulle uit die kamp uit. Jacques volg ‘n roete wat begin in die

oewerwoud. Dis nie ‘n gemaklike stap nie, want die woud is plek-plek baie ruig. Die voëllewe maak egter op vir die ongemaklike stap. Bloukuifloeries se skor roepe weergalm deur die woud. En kort-kort vlieg hulle oor die groepie se koppe met vlerke wat roes-rooi gloei as hulle deur ‘n sonkolletjie vlieg. “Net vir interressantheid, die rooi in hulle vlerkvere is turacin, ‘n stof wat groot hoeveelhede koper bevat. Hierdie kleurvolle voëls is naby-familie van die Knysna Loerie maar ook die ou vaalgrys Kwêvoël.”

‘n Groepie Papegaaiduiwe het hulle kom tuismaak in ‘n Wildevyeboom en dit baljaar onder die vye. Die gaste verkyk hulle aan die kaskenades van hierdie pragtige groen duiwe. “Ek kan sien waar hulle naam vandaan kom. Kyk net hoe hang daardie een onderstebo aan ‘n takkie, presies nes ‘n papegaai!”

“Ja Rusty, jy is heeltemal reg! Sy naam is inderdaad baie gepas!”

Skielik stop Jacques hulle en beduie dat hulle doodstil moet bly. ‘n Entjie voor hulle staan die piepklein bokkie rustig en wei. “Is dit nie die skatlikste ou dingetjie wat jy al ooit gesien het nie!” fluister May. “Wat is dit?”

“Die kleinste bokkie in Suider-Afrika, ‘n Blouduiker.”

“Hy’s dan niks groter as ‘n haas nie! Amazing!”

‘n Klein gesiggie loer skaam-skaam deur die blaredak af vir hulle. “Daar’s iets snaaks aan daardie Blouaap!”

“Jy’s reg Sunelle, dis omdat dit nie ‘n Blouaap is nie. Hierdie is ‘n Samango aap. Baie dieselfde as hulle blou boeties, maar daar is tog ‘n paar verskille, veral in hulle kleur. Terloops, weet julle waar ‘n Blouaap sy naam vandaan kry? Hulle is beslis nie blou nie maar grys?” Die vrouens skud hulle koppe.

“Dis omdat die dominante mannetjie se klokkies tussen sy boude die helderste blou

is. Hoe blouer hulle is, hoe groter aanspraak het hy as koning van die trop!”

“So, grootte maak dan tóg saak, in ‘n sekere sin?!”

Jacques bloos bloedrooi: “Ek dink ons het nou genoeg gesien van die woud. Nou gaan ons eers ‘n bietjie klimwerk doen. Is julle reg vir ‘n stewige steilte?” Daarmee draai hy summier regs en binne minute is hulle uit die skemer van die woud in die helder amper verblindende son.

“Eina!” kreun Annie, “eina, maar die son is skerp!”

“En dit verskroei ons bleek kantoorvelletjies! Dankie tog vir sonblok! Maar ongelukkig keer dit nie dat jy braai nie!” Sommer vinnig stroom die sweet van hulle gesigte af en die waterbottels se vlakke daal teen ‘n ontstellende tempo.

Na ‘n entjie se worstel deur doringveld, doem ‘n steil klipkoppie voor hulle op. “Staal

julleself vir hierdie een, dames! Is julle reg vir hom?”

“Het ons ‘n keuse?” brom Angelique. Die koppie is nie baie hoog nie, maar die kombinasie van steil en talle los klippe maak dit ‘n harde en ongemaklike klim. Halfpad teen die koppie op hyg en blaas die hele lot van hulle soos ’n klomp ou rokers. Die moordende son maak dit ook gladnie makliker nie. Dis net Jacques wat lyk asof hy nog so vars soos ‘n oggendblommetjie is!

“Kom ons rus eers ‘n bietjie. Dit lyk asof die ou bultjie julle baasraak?”

Niemand antwoord nie, maar hy kry ‘n paar baie vuil kyke. Die vroumense val behoorlik op die grond neer. Na tien minute se rus is dit weer voorwaarts en opwaarts en uiteindelik maak almal dit wonder bo wonder tog tot heel bo. Hulle vlei hulleself behaaglik neer in die skaduwee van ‘n reuse rots op die gelykte op die koppie. Die uitsig van daar is asemrowend! Jy sien letterlik kilometers ver. Naby die voet van die koppie kronkel die

rivier verby op pad na die groot oseaan. Sy walle is omsoom met ‘n digte lowergroen woud.

“Ek dink ek sien Renosters!”

“Waar, waar?”

“Sien jy daardie groot boom? Net so ‘n entjie links van hom.”

“Ja, ek sien hulle. Wow!”

“Daar’s Blouwildebeeste ook, regs van dieselfde boom.”

Nou begin hulle oral diere sien, op ‘n sandbank in die rivier staan ‘n troppie Waterbokke, een van hulle ‘n manjifieke bul!

“Die uitsig hier is baie mooi, maar dit is nie eintlik waarvoor ek julle hierheen gebring het nie, dames. Kom ek gaan wys julle iets baie besonders.”

Hy staan op en lei hulle aan die rivierkant van die koppie af. Dis aansienlik steiler as die roete op, en boonop nóg moeiliker. Maar dan kom hulle uit by ‘n vlak grot, eintlik

eerder ‘n oorhang krans. Teen die agterste muur van die grot wys Jacques hulle die rotstekeninge.

“Wow! Kyk net hoe duidelik is party van hulle, daar’s ‘n Renoster met ‘n baie lang horing!”

“‘n Kameelperd en ‘n Olifant. En daardie een is seker ‘n volstruis! Hoe oud dink jy is hierdie amazing tekeninge, Jacques?”

“Nee Rusty, ek is nie ‘n argeoloog nie, so ek wil nie ‘n persoonlike mening waag nie, maar hier was ‘n tyd gelede ‘n professor en sy span, en hulle is oortuig dat sommige van die tekeninge tot twaalfduisend jaar oud kan wees. Hulle is oor ‘n tydperk van duisende jare gemaak deur verskillende mense.”

“Wie was dit, die San?”

“Ja beslis, dit is tipies van tekeninge wat deur die San mense gemaak was. Kyk byvoorbeeld hier waar hulle tekeninge van hulleself gemaak het, hier herken jy die San jagters met hulle klein bogies en gifpyle.”

“Twaalfduisend jaar! En jy kan nog steeds die kunswerk sien! Dis merkwaardig! Hulle moes ‘n baie goeie kennis gehad het van verf om iets te kon gebruik wat so lank sou hou!”

“Julle is seker bewus dat dit nie sommer enige San persoon was wat die tekeninge gemaak het nie? Dit was altyd gedoen deur die shaman, die toordokter of geestelike leier, noem hom maar wat jy wil. Hy het in ‘n beswyming gegaan, en terwyl hy in sy geestelike vervoering was het hy die tekening gemaak. Dis dus nie net mooi prentjies nie maar dit het altyd ‘n baie dieper betekenis!”

Dit het tyd geword vir middagete en die groep klouter met groot moeite weer teen die rotsbestrooide koppie af. Gelukkig is hulle nie ver van die boskamp af nie en ‘n kort rukkie later is hulle tuis, waar middagete reeds op hulle wag onder die wakende oog van die kok. Hy moet net bontstaan om die Spreeus en Neushorings al swetsend te verwilder!

“Dames, julle is welkom om ‘n bietjie te gaan rus. Ons gaan weer so oor ‘n uur in die pad val vir ons middagstappie.”

oooooooOO0OOoooooooo

Dis so warm dat die kraaie gaap as die groep in die pad val. Jacques het die kok se assistent teen die koppie opgestuur om te gaan kyk presies waar die Renosters is. Hy wil die vroumense daarheen neem.

Op ‘n vlak plek gaan hulle oor die rivier, en stap dan reguit in die Renosters se rigting. Dis ‘n stywe ent se stap en hulle mors nie tyd nie. Die meisies is opgewonde oor die vooruitsig om Renosters te kan sien terwyl hulle te voet is. Dis opwindend! Jacques het hulle vooraf presies vertel wat om te doen om veilig te wees. Renosters se sig is swak, maar hulle gehoor en reuksin is baie goed. Jy moet dus net sorg dat jy onderkant die wind is en dat daar ‘n boom tussen jou en die logge dierasie is.

Dan kry hulle die twee dikvelle presies waar hulle geskat het dat hulle moes wees. Daar is

slegs ‘n ligte briesie en Jacques maak doodseker dat hulle van die regte rigting af doodstil op die oerdiere afsluip.

‘n Skamele twintig treë van die diere af gaan staan hulle verskuil agter ‘n groot Maroelaboom. Die vrouens hou hulle asems op. Hulle harte klop in hulle kele. Nou kan jy eers werklik sien hoe groot die diere is en hoe gevaarlik daardie horings op hulle neuse is. Hulle durf nie eers iets vir mekaar fluister nie.

Rusty beduie met handgebare vir die ander van die horings: die een Renoster se horing is kort en stomp, maar dis baie dik. Die ander Renoster se horing is so byna ‘n meter lank, maar dis weer dun en skerp soos ‘n swaard en dit lyk verskriklik gevaarlik.

Rustig staan die twee ou dikvelkolosse en wei. Nou kan die vroumense ook duidelik sien presies hoe die WitRenoster se lippe werk, amper soos ‘n grassnyer. Dis plat en wyd om sommer ‘n groot hap gras op ‘n slag kort teen die grond af te knip.

Die stilte is oorverdowend en die spanning is op breekpunt. Dis slegs die twee Renosters wat rustig is en lyk asof hulle nie ‘n bekommernis in die wêreld het nie. Hulle ore lyk buite proporsie groot en dit draai die hele tyd om geluide uit alle rigtings in die twee tregters op te vang. In teenstelling hiermee is die twee verpotte ou ogies net twee spikkeltjies op die massiewe kop.

Vir ‘n lang ruk staan die agttal die twee ton omgesukkelde spiere en dophou van bitter naby. Hulle drink elke klein detail in sodat ‘n WitRenoster in ál sy glorie ingebrand is in die geheues.

Dan warrel die luggie so effens en die twee kolosse kry ‘n asempie van die mensreuk, dalk een van die vrouens se parfuum. Skielik raak hulle opgestres! Hulle trippel rond. Weet nie mooi waarvandaan hierdie gevaarlike walm skielik vandaan kom nie. Al wat hulle weet is dat dit net gevaar spel, en dit beteken veg of vlug! Gelukkig vir die groepie is die vlug-drang groter as veg, en met ‘n swaar

hoewegedonder storm hulle blindweg deur die bosse soos twee Bulldozers en trap alles plat wat voorkom. Met oë so groot soos pierings staan die dames die brute krag van die wegstormende diere en dophou. Die hele lot van hulle staan eintlik en bewe soos riete van pure opwinding!

Skielik is die tonge los! Vir só lank moes hulle tjoepstil bly en dis beslis nie deel van ‘n vrou se DNA nie! Nou babbel almal gelyk aanmekaar! Die arme Jacques probeer sin maak van die gebabbel, maar hy kan nie kop of stert uitmaak van wat hulle probeer sê of vra nie!

“Dames, kom ons loop! Ek sal vanaand om die kampvuur ál julle vrae antwoord!”

Gedwee val hulle in die pad. Jacques kies ‘n roete reguit rivier toe. Almal voel al skoon flou van die hitte, die son brand genadeloos op hulle neer. Wanneer hulle die rivier bereik, stap hulle al op die oewer langs op pad terug kamp toe.

Op een plek maak die rivier ‘n groot poel en die meisies kyk met verlangende ogies na die koel lafenis. “Jacques, kan ons nie asseblief gou vir ’n dip gaan nie? Asseblief? Ons kry verskriklik warm…..”

Jacques skud sy kop: “Nee Rusty, ek weet nie jong, hier’s krokodille.”

“Asseblief Jacques, ons sal net in die vlak water afkoel. Toe Jacques?”

Hy bespied die poel, nêrens sien hy enige teken van die groot reptiele nie. Dan roep hy vir Fanela nader: “Die meisies wil swem, dink jy dis veilig?”

Fanela trek sy skouers op: “Angwazi!”

“Fanela, kom ons loop om die poel, dan kyk ons of ons iets sien.”

Wanneer hulle tevrede is dat daar geen krokodille naby is nie, kry die meisies die teken. Fanela gaan staan aan die bopunt van die poel met sy geweer en hou wag. Jacques sal naby die meisies staan en die water dophou.

Binne sekondes het die ses vrouens hulle klere afgestroop en is hulle pens en pootjies in die koel water in. Jacques se oë rek groot, hy het gedink dat hulle darem minstens in hulle onderklere in die water sou klim, maar nou sien hy net boobs en boude! Hy sukkel om sy oë weg te skeur van die welgevormde blink lywe. Maar hy besef dat hy ál sy aandag moet vestig op die water vir enige teken van ‘n honger krokodil.

Na die dag se versengende en uitputtende hitte is die vrouens nou uitgelate. Dit spat en speel en lag en giggel uitbundig! Kort-kort loer Jacques skelm in hulle rigting. “Kom swem saam Jacques!” nooi een hom uit, maar hy weier botweg want hulle lewens is in sy hande!

Skielik skree Fanele beangs: “Ngwenya! Ngwenya!” (krokodil!) Sonder om eers te bevestig skree Jacques so hard hy kan: “Almal uit die water uit! Nou! Dadelik!”

Die vrouens gil beangs sonder om te weet waarvoor hulle so skielik moet vlug. Jacques

kyk na waar Fanela beduie. Dan sien hy dit: slegs ‘n klein strepie borreltjies op die water. Die ontstellende is dat dit reguit op die groep vrouens afpeil. “Maak gou!” wil hy nog skree, maar dan staan hulle almal alreeds in ‘n halfmaan agter hom. Twee van hulle het sy arms in ‘n ystergreep beet.

“Wat is dit?” wil hulle met bewende stemmetjies weet.

Hy beduie vir hulle waar hy die borreltjies gesien het. Dan verskyn daar skielik ‘n klein bruin “dobbertjie” op die water. Jacques voel hoe hy yskoud word! “Kyk, daar steek sy neus uit!” Een van die meisies gee spontaan ‘n beangste gil. Hy voel hoedat die meisies styf teen hom saamdrom en hy voel hoedat hulle bewe ten spyte van die hitte.

Terwyl hulle nog in die poel staan en intuur, verskyn die drie meter lange krokodil bo die water. Hy draai en swem lui-lui weg.

Jacques draai om. Die meisies staan nog almal agter hom. “Toe, trek gou aan dat ons kan huistoe gaan!”

15

Kuiergaste by die Kampvuur

Die groep se laaste aand in die wildernis het aangebreek. Die Kampvuur brand hoog en almal sit gesellig na die vlamme en tuur, gedagtes totaal verlore. Twee dinge oorweldig egter elke gedagte, Renosters en krokodille!

Die kok het ‘n stomende potbrood gebak en ‘n geurige drieboontjieslaai met ‘n bietjie groen kruie wat hy in die veld versamel het. Jacques krap ‘n hopie gloeiende kole uit die vuur. Drie klippe word om die vuur geplaas vir die braairooster en weldra sis die geurige boerewors en lamtjops op die kole en vul die soel naglug met watertand geure.

‘n Hiëna sing baie naby aan die kamp en Jacques sien sommer hoe May ril. Hy lag vir haar en sy gluur hom vererg aan.

Dik hompe vuurwarm potbrood word dik gepleister met geel botter. Daar sak ‘n

doodse stilte toe oor die kamp en jy hoor net die ritmiese gekou van kakebene. En natuurlik die naguiltjie wat soetsappig sing: “Maak dood – die wewenaar!”

Daar is nou twee Hiënas wat om die kamp sing. Hulle ruik die vleis! En hulle bekke kwyl van lus! En begeerte! Iemand anders brand ook van begeerte en sy kyk met sulke leepogies na Jacques. En haar mond kwyl, maar om totaal ander redes as dié van die Hiëna!

Die meisies neul by Jacques om asseblief sy kitaar te gaan haal. Gisteraand se musiek het elke hartsnaar om die vuur geroer. “Op een voorwaarde, dat julle nie weer gaan gil as die agtpotige gaste opdaag nie!”

Almal lag lekker en Annie lyk baie afgehaal. “Toemaar Annie, ek trek net jou been!” Hy staan op en gaan kry sy ou flenter kitaar.

Wanneer Jacques sy sit kry op die stomp, raak dit doodstil om die vuur. In perfekte Skotse aksent sing hy saggies en nostalgies: “By yon bonnie banks and by yon bonnie

braes, where the sun shines bright on Loch Lomond, where me and my true love were ever wont to gae, on the bonnie, bonnie banks o' Loch Lomond."

Daar word 'n paar trane weggepik wanneer die soet klanke wegsterf. Zoniah het gesorg dat sy langs hom haar sitplek kry, en sy skuif weer styf teen hom aan.

Nou verander Jacques totaal sy styl en in 'n baie diep basstem val hy weg met: "An old cowpoke went riding out one dark and windy day, Upon a ridge he rested as he went along his way, When all at once a mighty herd of red-eyed cows he saw, A ploughin' through the ragged skies and up a cloudy draw. Yippee-yi-ay, yippee-yi-o, the ghost herd in the sky." Die diep basnote vibreer eintlik deur die meisies se borskaste en hulle snak na hulle asems. Hy voel alweer Zoniah se hand op sy bobeen en hy wens dat hier nou weer 'n skerpioen opdaag! Hy kan mos nie haar hand wegklap nie!

Nou bring hy eers ‘n stukkie Zoeloe-kultuur in en hy sing in perfekte Zoeloe-aksent die Click Song: “Igqirhha lendlela nguqo ngqothwane..... Selequbule gqi thapha nguqo ngqothwane”

In die bome is ‘n paar paraffien lanterns opgehang sodat dit darem nie so pikdonker in die kamp is nie. Skielik merk Jacques ‘n paar groot oë skyn in die lamplig. Hy hou op sing en wys sy vinger in die rigting van die oë. “Ons het ‘n besoeker!”

Zoniah gee ‘n gil en klou verbete aan Jacques se been. Net twee aande gelede het sy haar trompop vasgeloop in daardie gedrog! “Hiëna!” hyg sy dit uit. Die dierasie verdwyn net so geheimsinnig as wat hy verskyn het, en Jacques weet sommer dat hierdie nie die laaste sien is van hom nie!

Hy gaan doodluiters voort met die soet klanke van “Lisa se klavier,” en daarna volg weer die diep basklanke as hy die Duitse drinkliedjie: “Im tiefen Keller sitz' ich hier Bei

einem Faß voll Reben. Bin frohen Mut's und lasse mir vom Allerbesten geben." sing.

Maar dan word die musiek weer onderbreek, die slag deur twee honger Hiënas. Die meisies wil histeries raak, maar Jacques is doodkalm. "Hulle sal ons nie aanval nie. Terloops, die oumense het 'n ander naam gehad vir hulle: 'Die ou wolf met die mank been.' Dis omdat hulle agterbene korter is as die voorbene en dit lyk asof hulle mank loop."

"Maar hy's mos nie 'n wolf nie?"

"Nee Angelique, maar hulle het dikwels baie snaakse en verkeerde name vir diere gegee. Ek dink dit is dalk waar baie van ons 'Jakkals en Wolf' stories vandaan kom. Hiëna het sommer wolf geword!"

Jacques sien hoedat 'n donker wolk oor May se gesig trek. "Wat's fout May?"

"Ek's bang!"

"Waarvoor? Daai ding sal jou nie hier aanval nie!"

“Miskien, maar ek…. ons moet netnou gaan piepie en dan gaan daardie wrede goed ons opvreet! Wat gaan ons maak?”

“Toemaar, ek sal weer saam met julle gaan!”

“Ja, maar jy het nie eers ‘n geweer nie! Wat kan jy teen hom doen?”

“May, as dit jou sal troos, ek het altyd ‘n pistool in my rugsak nét vir ‘n noodgeval. Ek sal hom saamvat, oukei?”

“Dankie! Kan ons nie sommer maar nóú loop nie, asseblief?”

“May, dis nog te vroeg! Netnou moet ons middernag opstaan om weer ‘n slag te hardloop!”

“Maar ek het nóú ‘n nood!”

Jacques sug: “Kom dames, ek kry my skietding dan gaan pluk ons blommetjies! Sorg net dat julle tente behóórlik toe is voor ons loop. En moenie iets buite los nie, veral nie skoene nie!“

Die ses bondel weer styf teen Jacques saam deur die donker woud. En wanneer hulle oor hulle gaatjies hurk, moet hy reg langs hulle staan. Vanaand word hulle besigheid oorhaastig afgehandel. Wanneer hulle weer by die kamp aankom, staan die twee Hiënas langs die vuur, besig om die braairooster silwerskoon te lek. Hulle laat spaander wanneer die mense opdaag.

“Ek dink ek wil sommer nou gaan slaap!” kerm May.

“Nee wag eers, ek dink ons het almal nou ‘n versterkinkie nodig, ek het nét die regte ding!” Hy verdwyn in sy tent en kom te voorskyn met ‘n bottel Old Brown Sherry en sewe klein blikbekertjies. Skielik glimlag almal sommer weer en die bekertjies word volgeskink. Dan volg ‘n tweede en derde rondte totdat die bottel dolleeg is. Jacques sorg dat hy net een drink want hy wil nugter bly.

Dis ses aansienlik vroliker meisies wat luidrugtig na hulle tente marsjeer!

Jacques gaan sit in sy tent met die tentflap wawyd oop. Hy vertrou hierdie twee skarminkels gladnie, en hy gaan vanaand wakkerbly so lank as wat hy kan.

Dis ‘n wolklose aand en hy verlustig hom in die sterre terwyl hy luister na die boskonsert wat weereens vanaand ‘n uitvoering gee uit die boonste rakke. Naguiltjies, Bosuile, Gevlekte Ooruile, Leeus wat brul, en natuurlik sy twee skelm vriende wat hier om die kamp kuier. Hulle maak die lewe vanaand vir hom moeilik!

Hy luister na die rustige klanke wat opstyg uit sy ses bure se tente. Hy bars amper hardop uit van die lag as hy dink dat ‘n paar van die snorkgeluide gladnie pas by die mooi gesiggies en lyfies nie. Hy bloos sommer weer by die blote gedagte aan die ses kaal lywe vanmiddag daar in die poel. Maar dan gaan ‘n rilling onwillekeurig langs sy ruggraat af as hy weer die krokodil sien! Só maklik kon sake daar gruwelik skeefgeloop het! Hy neem ‘n besluit om nooit weer op een van sy

staptogte so ‘n ding toe te laat nie. Hy is immers verantwoordelik vir hulle!

Hy skud die gedagtes van hom af en verlustig hom weer in die sterreprag.

oooooooOO0OOoooooooo

“Jacques! Jacques!”

Hy spring verward regop. Het hy sowaar aan die slaap geraak? So met oop tentflap?

“Jacques, ek het ‘n probleem!”

“Zoniah…. jammer, ek is ‘n bietjie deur die slaap! Wat’s fout?”

“Ek moet dringend gaan piepie! Al daai sjerrie is reguit na my blaas toe!”

Geklee slegs in sy slaapbroekie, loop hy saam met die mooie Zoniah deur die beklemmende woud tot op die sandbank. Sy weier om sy hand te los terwyl sy hurk. Wanneer sy klaar is, klou sy styf om Jacques se lyf vas terwyl hulle terugloop. As hulle in die donker van die woud instap, is sy skielik voor hom. Sy gryp hom om die nek en begin

hom hartstogtelik soen terwyl sy haar sagte lyf styf teen hom druk. Dit voel of hy wil bars, en hy begin haar terugsoen.

Skielik besef hy wat hy doen! Hy druk haar weg: “Zoniah! Nee, ons kan nie!”

“Hoekom nie Jacques?”

“Ek is in ‘n vaste verhouding, dis nie reg nie!”

“Dis tog net één keer, asseblief Jacques!”

“Nee Zoniah! Dis verkeerd!”

In trane hardloop sy na haar tent toe. Jacques gaan val op sy matras neer. Nou het alle slaap van hom gewyk! Hy voel skuldig! Hoe gaan hy ooit weer vir Suzette in die oë kan kyk? Boonop het hy vir Zoniah bitter seergemaak. Alles is een groot gemors!

Kort voor dit begin lig word, raak Jacques uiteindelik aan die slaap, net om ‘n halfuur later weer met ‘n kloppende hart wakker te skrik. Dis opstaantyd!

oooooooOO0OOoooooooo

Dis ‘n lang ent se stap terug. Jacques se hart is nie vanoggend in sy werk as veldgids nie. Sy gedagtes bly dwaal. Hy het vanoggend vir Zoniah eenkant geneem, haar ‘n drukkie gegee en haar op die voorkop gesoen. Hy het haar om verskoning gevra omdat hy haar seergemaak het, maar mooi verduidelik dat hy baie lief is vir Suzette en dat hy haar nooit óóit wil seermaak nie. Zoniah het gesê sy verstaan. Sy het gehuil.

Hoe gaan hy óóit vir Suzette kan vertel wat alles op hierdie staptog gebeur het? Hy sug swaar!

“Wat’s fout, Jacques?” wil Fanela weet wanneer hulle onder ‘n boom sit en rus.

“Is dit só ooglopend?”

“Ja, ek kan sien dat iets baie swaar op jou hart druk!”

“Vroumense, Fanela! Vroumense!”

Teen die tyd dat hulle die laaste rivier oorsteek by die basiskamp, het Jacques se gemoed darem al gelig. Dis ‘n klomp

giggelende meisies wat deur die vlak water dans en sopnat anderkant uitkom in die basiskamp waar die voertuig staan. Selfs Zoniah is uitspattig en dit lag en maak grappies.

“Jacques, hierdie was die grootste ondervinding óóit in my lewe. Ek sal dit nooit óóit vergeet nie!”

“Ja, ek stem! En jy is die een wat dit alles die moeite werd gemaak het, Jacques! Jy is ‘n ster!”

Zoniah kyk hom diep in die oë, dan vat sy hom om die nek. “Dankie Jacques! Jy het my ‘n totale nuwe perspektief op die lewe gegee! Ek is só jammer vir wat ek aan jou gedoen het, vergewe my?”

“Jy’s totaal vergewe Zoniah! Jy’s maar net ‘n mens!”

“Dankie Jacques, ek sal jou nooit vergeet nie!”

Dis ‘n tranedal wanneer die ses van Jacques afskeid neem. Hy word gedruk en gesoen, en

die klomp belowe dat hierdie nou ‘n gereelde instelling gaan word. Moontlik gaan hulle dit nog oorweeg om die oorlewings stap te doen! Maar hulle sal eers superfiks moet word!

Met ‘n swaar hart waai hy vir die sestal wanneer hulle wegry. Nou moet hy vir Suzette in die oë gaan kyk!

16

Onaangename Vooruitsig

Jacques val op sy bed neer, skielik is hy doodmoeg, uitgeput en der dagen sat! Dis nog maar vieruur in die middag, maar hierdie laaste paar dae het hom geestelik totaal gedreineer en nou het hy net een begeerte, om te slaap!

oooooooooOO0OOoooooooo

Met ‘n ruk en met bonsende hart skrik hy wakker. Hy het ‘n nare droom gehad, maar hy kan nie onthou wat hy gedroom het nie. Hy kyk op sy horlosie: dis twaalfuur, middernag. Sy lig is steeds aan en hy lê met al sy klere aan op die bed.

Skielik voel Jacques baie skuldig, hy het nie eers vir Suzette gaan groet nadat hy teruggekom het nie. Wat moet sy van hom dink? Hy sal maar môrevroeg by haar ‘n draai maak voordat sy gaan werk.

Hy staan op, loop yskas toe en soek vir iets om te eet. Hy's honger! Daars niks na sy smaak nie. Hy sny 'n stuk polonie en 'n stukkie kaas af en loop al kouende badkamer toe en klim onder die stort in.

Skielik herinner die stort hom weer aan sy onderonsie met Zoniah in die stort. 'n Knop vorm op die krop van sy maag en hy voel naar. Hy voel verskriklik skuldig! Hy probeer die skuldgevoel afskud, want dit was mos nie hy wat nonsens aangejaag het nie!

Hy stort klaar en klim weer in die kooi, maar die slaap bly hom ontwyk. Hoe gaan hy vir Suzette verduidelik? Hy sien weer vir Zoniah in haar sopnat nagrokkie wat deurskyn en hy voel haar teen sy kaal lyf. Hy sien weer die ses kaal meisies baljaar in die poel, en die krokodil wat op hulle afgeswem kom. Hy voel die suur in sy keel opstyg! Hy voel weer hoe Zoniah hom vasgryp in die donker woud…..

Uiteindelik raak hy aan die slaap, maar dis 'n rustelose slaap gevul met deurmekaar

drome. Wanneer hy wakker skrik, is hy uitgeput!

Hy sleep sy moeë liggaam uit die kooi, was en skeer en gryp iets vir ontbyt in die verbygaan, dan haas hy hom na Suzette se rondawel. Sy's nie daar nie, seker weer 'n noodgeval by die hospitaal. Daar's nie nou tyd om daar 'n draai te gaan maak nie, want hy moet vanoggend vroeg 'n groep uitneem op 'n wildrit. Dis eintlik Vusi se groep, maar hy moes dringend sy siek kind dokter toe neem en Pieter en Smiley het alreeds albei groepe wat hulle uitneem.

ooooooooOO0OOoooooooo

Jacques stap vinnig na die Lodge toe. Vusi se gaste is alreeds besig om by die voertuig saam te drom. 'n Reuse knop vorm op die krop van sy maag – hoe gaan hy vandag hierdie gaste waarde vir hulle geld gee?

"Ruk jou reg, Jacques! Jy is mos 'n professionele wildgids! Kry lewe!"

Hy sit sy vriendelikste gesig op en selfs sy oë wys dit, maar in sy binneste pak die pikdonker wolke saam en ‘n reuse donderstorm dreig om tot uitbarsting te kom. “Vandag beter niemand vir my ‘n skewe woord sê nie!”

“Goeiemôre vriende, ek hoop julle het almal sommer heerlik geslaap! Ek moet eers verskoning maak dat julle vandag met my moet opgeskeep sit, maar Vusi moes onverwags dringend elders wees en die uwe is die enigste een wat oorgebly het wat wildritte kan doen. O terloops, my naam is Jacques.”

‘n Sestal besoekers bestyg opgewonde die veldvoertuig. “Ek gaan nou ‘n gevaarlike ding vra: wat wil julle graag vandag sien? Eintlik wil ek weet waarin julle belangstel – is dit voëls, Olifante, roofdiere, plante en bome? Of is dit dalk goggas?”

Skielik is almal se tonge los, en dit babbel en stry oor wat hulle nou éintlik wil sien, want die een is ‘n boomliefhebber en die ander is

versot op voëltjies. Een vrou met ‘n skril stemmetjie probeer weer almal oortuig dat hulle Maanhaarleeus móét sien anders was hulle nie in die wildtuin nie. Jacques kannie help om uit te bars van die lag nie. Maar hy durf nie hardop lag nie dus proes-proes hy in sy mou! Nou voel hy ook sommer dadelik beter – ‘n bietjie lekkerlag doen wondere aan ‘n donker gemoed!

Die rit is ‘n reuse sukses en wonder-bo-wonder kry hulle daai Maanhaarleeu wat Skrilstemmetjie vereis het. Hulle sien al die belangrikste voëltjies en selfs ou Hapoor het sy deeltjie gedoen en hulle in ‘n groot stofwolk gestorm. Een ou antie het so ampertjies flougeval. Hapoor wou hom vrek lag!

Teetyd stop hulle onder ‘n skaduryke ou Jakkalsbessie waar die tafel reeds gedek staan met watertandlekker eetgoedjies en tee. Opgewonde klim die spul uit en sit aan vir versnaperings uit die boonste rakke.

Skielik weerklink ‘n skril gil! Dis Skrilstemmetjie..... “My skon,” hyg sy verwilderd, “hy’t my skon gegryp!” Almal se oë draai na die takkie bokant haar. Met ‘n breë glimlag op sy bakkies, sit die selfvoldane Geelbek Neushoring daar, besig om die oorblyfsels van Skrilstemmetjie se skon in sy gulsige keelgat af te gooi.

Vir ‘n oomblik heers doodse, geskokte stilte, dan bars die hele groep uit van die lag. Net nie Skrilstemmetjie nie – sy is hoogs verontwaardig! “Dis nie snaaks nie! Dit was die laaste skon! En ek was júís so lus vir hom! Simpele voël!”

Op daardie oomblik lig die Neushoring sy stert so ‘n effe, en Jacques sien sommer wat gaan kom. “Pasop!” wil hy nog sê, maar dis klaar te laat, want ‘n wit blêrts plop na benede, reg in Skrilstemmetjie se bordjie in sodat dit in haar gesig spat. Weereens gil sy oorverdowend! Rooigesig spring sy op en gaan klim summier in die veldvoertuig. Dis bitter moeilik om nie dawerend te lag nie.....

Die rit terug na die lodge later die oggend verloop sonder veel opwinding. Maar met hulle aankoms soebat die groep vir Jacques om saam met hulle middagete te eet. Hulle sal vir hom betaal - hulle het soveel wat hulle nog vir hom wil vra want tydens die wildrit is daar nie die geleentheid daarvoor nie. Huiwerig stem hy uiteindelik in toe hulle aanhou soebat.

Jacques voel half ongemaklik en uit sy plek aan die deftige etenstafel in die lodge. Dis nie sy plek om saam met die gaste aan te sit nie. Sy middagetes is maar altyd bitter eenvoudig - net gou iets gryp uit die yskas. En hier moet hy nou aansit en grênd wees met een van Mpho se luukse disse! Sy kom maak spesiaal 'n draai daar by hulle tafel en dan behandel sy hom boonop soos een van haar belangrike gaste. Hy weet nie wáár om te kyk nie! Sy knipoog darem vir hom…..

Jacques moet egter hard werk vir sy ete - kry skaars geleentheid om te eet. Hy word die hele tyd van alkante af gepeper met vrae.

Daai Hapoor Olifant - is hy rêrag so gevaarlik as wat hy vanoggend gelyk het? Sou hy hulle vermorsel het as hulle nie so vinnig weggery het nie? Is hy so befoeterd omdat hy in muskus is?

Skrilstemmetjie wil weet wat muskus is? Een van die manne verduidelik dat dit is wanneer 'n Olifantbul se hormone deurmekaar raak en hy koeie ruik. Dan los sy kop hom en hy jaag al wat voorkom. En dan raak daai groot stuk geváárlik! Net annerdag nog het een ou bul op 'n kar gaan sit. Hy was glo so plat soos n pannekoek! Die mense het nét betyds uitgespring of hulle was gesquash!

Jacques sug swaar. Hoe kan hy nou sy ou maat Hapoor se geheim weggee? Hy kan mos nie vir hulle vertel dat hy en daai spesiale ou Olifant so 'n unieke verstandhouding het nie? Hulle sal dink hy praat stron…. strooi!

Jacques se redding daag nét betyds op in die vorm van Mpho wat baie dramaties ingewals kom met 'n groot roomys wat soos 'n koek

versier is. Met groot fanfare steek sy die roomys aan die brand en die vlamme staan twee meter hoog. Almal snak na hulle asems en spontaan klap hulle hande vir die asemrowende skouspel. Jacques pik 'n traan weg en sy hart swel van trots vir sy baie spesiale vriendin.

Met middagete iets van die verlede, val hulle weer in die pad. Die gaste hang aan sy lippe as hy hulle die wondere van die veld wys en verduidelik. Hulle lê soos hulle lag toe hy by 'n ander Blinkblaar Wag-'n-bietjie stop en hy hulle vertel van die vroumens wat haar bloes uitgetrek het op 'n staptog. Hy het haar gewaarsku, maar sy wou nie hoor nie, en toe loop sy in so 'n boom vas en die haakdorinkies gryp haar aan die tepeltjie. Met groot smaak vertel Jacques hoedat hy die arme vrou daar moes loswikkel. Hy vertel egter nie van die deel toe hy moes salfies insmeer waar die dorings gebrand het nie…..

Wanneer die son sak, sit hulle langs die rivier. Dit raak doodstil terwyl elkeen met sy eie gadagtes sit. ‘n Kolgans snater luidrugtig op ‘n sandbank. Twee Rietduikers skeer nét bokant die water oppervlak rivierop. Die aand is perfek-mooi. Iemand sug behaaglik.

Skielik trek Jacques se maag op 'n knop - vanaand móét hy en Suzette gesels!

17

Die Waarheid moet uit

Met swaar voetstap slof Jacques die kilometer af van die lodge na die personeel kwartiere. 'n Leeu brul baie naby, maar Jacques hoor hom skaars. Sy gedagtes word vasgegryp deur wat hy vir Suzette gaan sê. Hoe voer 'n mens so 'n moeilike gesprek aan? Hy sug swaar. Sy skouers hang…..

Jacques stap reguit na Suzette se huisie. By die deur huiwer hy vir 'n oomblik. Dan klop hy.

Die deur swaai oop. “Jacques! Dis ‘n verrassing, jy’s skaars deesdae! Ek mis jou. Kom in!”

Jacques val op die bank neer. Daar hang ’n donker wolk oor hom.

“Wat’s fout? Lyk of die honde jou kos afgeneem het!”

“Ons moet praat, Suzette….. “

“Dit lyk ernstig!” Sy kom sit langs hom op die bank, haar hand gerusstellend op sy been. “Toe, vertel my wat jou pla.”

Jacques sug swaar: “Dis nie maklik nie….” Suzette kry ‘n ongemaklike knop op haar maag. Dit klink baie ernstig.

“Op die wildernis staptog het iets gebeur…..” Hy huiwer en die woorde kom swaar. Suzette kyk hom grootoog aan.

“Daar was ‘n meisie - Zoniah. Sy het alles probeer om my te verlei…..“ Suzette kry die aakligste gevoel. Het hy geval vir daardie Zoniah?

“Eers was dit die stort - ek was besig om te stort, toe kom sy daar in sonder om eers te klop. Sy het my aangestaar asof ek ‘n stoetbul was! Sy wou my hê! Ek het probeer toehou so goed ek kon, en toe storm sy weer uit.”

Suzette proes - dis baie snaaks!

“Maar dit was nie die einde nie - die volgende oomblik gaan sy verskriklik aan die gil buite.

Ek gryp my handdoek om te gaan kyk wat aangaan, toe storm sy weer terug, teen my vas, en sy klou vir al wat sy werd is. Sy het teen ‘n Hiëna vasgehol en sy was histeries. Ek moes haar tot bedaring kry. Met net die handdoek om my. En sy in ‘n dun nagrokkie….. “

Nou begin Suzette verstaan hoekom hy so sleg voel oor die situasie. “En toe?“

“Ek moes haar maar na haar tent toe vat.”

Jacques bly liewer stil oor Zoniah se nagrokkie wat nat was en aan haar lyf vasgeplak het. En dat sy niks onder aangehad het nie. Hy bloos bloedrooi aan die blote gedagte.

“Maar dis nie al nie, Suzette. Daar was nóg insidente later in die Boskamp.”

“Ja?”

“In die middel van die nag kom maak die einste vroumens my wakker - sy wou gaan piepie en sy was bang om alleen te loop. Ek moes opsluit saam. Alles was goed en wel,

maar toe ons terugkom, net toe ons deur die donker bos loop, gryp sy my. Ek moes my met geweld van haar af wegskeur! “

“Jy sê daar was insidente - was daar dan nóg?”

“Ja, die laaste een was toe ons gaan stap het. Dit was vrekwarm. Toe ons by die poel in die rivier kom, smeek die spul vroumense my om te gaan afkoel. Uiteindelik het ek ingestem. Toe stroop hulle al hulle klere nét daar af en skinnydip! Ek moes uitkyk vir krokodille terwyl hulle poedelkaal in die water baljaar!”

“Ek hoop nie jy het geloer nie!”

“Wel, daar het skielik ‘n krokodil uit die niet verskyn. Dit was chaos! En toe kom drom die spul kaal vroumense hier om my saam…..”

“Sjoe! Ek weet nie wat om te sê nie…..”

“Suzette, dis een van die dinge wat gebeur in die bedryf waarin ek is.”

“Ja, ek….. ek….. dis moeilik…..”

“En ek kan nie sê dat dit nie weer sal gebeur nie. Ek het nie beheer daaroor nie…. “

“Jacques…. “

“Suzette, ek sal verstaan as jy sê dat jy nie met ons verhouding wil voortgaan nie.“

“Alles het my net totaal onkant gevang! Ek wil eers hieroor dink.”

“Ek verstaan.”

‘n Traan loop oor Suzette se wang. “Ek is moeg. Ek gaan nou inkruip.”

Jacques sug swaar. “Nag Suzette.”

oooooooOO0OOoooooooo

Die volgende week gaan in ‘n waas vir Jacques verby. Suzette vermy hom. Hy neem haar nie kwalik nie - hy sou ook as hy sy was.

Sy hart is nie in sy werk nie. Hy neem ‘n toergroep uit en probeer sy bes om vriendelik en entoesiasties te wees, maar hy kry dit nie heeltemal reg nie. Wanneer hulle na die rit by

die lodge stilhou, glimlag hy breed vir sy gaste en groet hulle vriendelik.

Dan draai een van die ouer dames skielik om en stap na Jacques toe. Sy lyk bekommerd: “Jacques, ek kan sien dat iets jou pla. Jy sit ‘n front op van gelukkig wees, maar ek sien in jou oë dat jy te hard probeer. Jou oë wys kommer…..”

Jacques se mond hang onbeskaamd oop. “Ons ken mekaar nie eers nie - hoe…. hoe het jy dit agtergekom?”

Die vrou glimlag innemend vir hom: “Wil jy daaroor praat?”

Jacques huiwer vir ‘n oomblik. Om sy diepste hartsake met ‘n wildvreemde persoon te deel? “Kom ons gaan drink ‘n koppie koffie!”

Buite die restaurant gaan sit hulle onder die ou groot Maroelaboom. Haar naam is Lorraine. Jacques weet nie waar hy die moed gekry het nie, maar hy maak sy hart teenoor haar oop. Hy vertel van Zoniah en hoe sy lyf reageer het toe sy hom vasdruk. En hoe

skaam hy voel daaroor! En nou neem hy Suzette gladnie kwalik dat sy hom verwerp nie. Maar dit maak bitterseer!

“Jacques, dis natuurlik dat jy so voel. Maar dis in die verlede. Vergeet daarvan - ja ek weet dis nie maklik nie, maar probeer baie hard! Maar dan die belangrikste: hanteer Suzette met al die liefde wat in jou is - maar moenie jouself aan haar opdwing nie! Laat haar sélf besluit of sy weer julle verhouding wil hervat!”

oooooooOO0OOooooooooo

Jacques lê op sy bed, verdiep in ‘n boek oor roofvoëls, as iemand aan sy deur klop. Dis laatmiddag. “Kom in, dis oop!”

Jacques skrik hom yskoud as Suzette skielik hier by sy bed staan. Hy spring vervaard op en hy sien sommer dat iets verkeerd is. “Jacques, kom gou asseblief!”

“Wat’s fout Suzette, dit lyk asof jy ‘n spook gesien het.”

“Dalk het ek. Hier is iemand wat ons twee dringend wil sien.”

“Wie’s dit?”

“Jy wil nie weet nie!”

Met kloppende hart loop hy vinnig saam met Suzette. Dan word Jacques spierwit in die gesig van skok. Op Suzette se bank sit niemand anders nie as Zoniah! “W…w…wat maak jy hier?”

Skielik bars Zoniah uit in trane en sy huil snikkend sodat haar liggaam onbedaarlik ruk. “Ek het kom jammer sê,” kry sy dit tussen die snikke uit. “Ek is so verskriklik jammer oor wat ek aan julle twee gedoen het!”

“Ek verstaan nie?” stotter Jacques terwyl Suzette vir Zoniah ‘n glas brandewyn ingooi om haar te probeer kalmeer.

Wanneer sy uiteindelik bedaar het, verduidelik sy: “Ek het al die pad van Johannesburg af gery om met julle te kom praat. Ek het so pas hier aangekom, en dit

kon nie wag nie. Een van julle personeel het my na Suzette se rondawel gebring."

Sy vat weer 'n groot sluk brandewyn en dan gaan sy voort: "Suzette, ek weet nie of jy weet van my eskapades tydens daardie staptog nie - of Jacques jou vertel het nie?"

"Ja, hy was in trane toe hy my vertel het. Ek weet nog nie of ek hom moet vergewe nie!"

"Dan wil ek pleit dat jy hom vergewe - hy het géén skuld hieraan nie! Hy het alles baie professioneel hanteer. Maar ek wil julle vertel wat met my gebeur het. Een van die meisies het vir Willem, dis nou my verloofde vertel wat ek alles aangevang het."

"Wat? Jy's verloof? En dan probeer jy ander mans verlei!"

"Ja, julle sal nie weet hoe skaam dit my maak nie. Maar Willem was só geskok dat hy my net 'n WhatsApp gestuur het om te sê dat die verlowing af was. En toe blokkeer hy my sodat ek nie eers kon antwoord nie. Ek was stukkend! Ek was kwaad vir Willem. Ek was

kwaad vir May, die klikbek! Ek was kwaad vir myself! Ek het op my bed gaan lê en heelnag deur getjank en myself jammer gekry!”

“Ek het uiteindelik, kort voor dagbreek aan die slaap geraak. Toe skrik ek wakker met ‘n afgryslike nagmerrie! En skielik besef ek wat ek werklik gedoen het. Ek het my en Willem se mooi verhouding geruïneer!”

“Maar….” wil Suzette begin, maar Zoniah hou haar hand op: “Laat ek eers klaar vertel. Ek het óók besef dat ek julle twee se verhouding waarskynlik geruïneer het! En dit deur my selfsugtigheid. Ek het dadelik geweet presies wat ek moes doen. Ek weet nie of ek dit werd is om julle vergifnis te vra vir wat ek gedoen het nie. Ek sal dit so aanvaar as julle my nie kan vergewe nie, want ek verdien dit nie.”

Suzette en Jacques gaap haar oopmond aan….

“Gisteroggend besluit ek om met julle twee te kom gesels. Ek het gou verlof ingesit en ‘n

nag in die lodge bespreek. En toe ry ek vanoggend."

Skielik raak dit nét te veel vir Zoniah en sy bars weer in trane uit. Suzette kom sit by haar op die bank en druk haar styf vas: "Ek vergewe jou, Zoniah. Jy het my volle vergifnis. Ek kan mos sien dat jy jammer is oor wat jy gedoen het. Jacques, kom gee haar 'n drukkie asseblief!"

Jacques gaan sit aan die anderkant van Zoniah en hy hou haar styf vas. Nou stroom die trane éérs! Ook Suzette en Jacques s'n!

Uiteindelik bedaar Zoniah darem. Sy gaan was haar gesig en dan nooi sy die twee, wat intussen styf in mekaar se arms sit: "Kom eet vanaand saam met my by die lodge. Asseblief? Ek ken 'n sjef daar wat die heerlikste geregte kan voorberei….."

18

Die Lugruim Roep

“Jacques, jy moet gou kom! Die baas soek jou bloed!”

“Wat het ek nou weer verkeerd gedoen, Innocent?”

“Nee, hy wou nie sê nie, maar hy het darem nie kwaad gelyk nie…..”

Die twee spring in Jacques se Jimny en ry vinnig na die lodge. Hier is nie nou tyd om eers te stap nie!

“Stap maar in Jacques, Meneer Dlamini wag vir jou!”

“Dankie Thombi. Goeiemôre Thombi!”

“‘Skuus Jacques, goeiemôre!”

Jacques klop, al staan die deur wawyd oop. “Kom sit Jacques. Ons het lanklaas gesels - geniet jy darem nog jou werk?”

“Jy vra nog? Dis die beste ding wat my óóit getref het! Beslis ja, elke dag is opwindend!”

“Ja ek sien sommer dat jy dit geniet!” Richard lag: “En daar is iemand anders wat dit óók raakgesien het - die direkteure. En dit is waarom ek jou laat inkom het vanoggend.”

“Ek hoop nie ek is in die moeilikheid nie?”

“Wel, dit hang af…..” Richard gee ‘n skalkse laggie: “Hulle is baie tevrede met jou werk. Hulle reken dat jy baie vir die park doen, meer as wat jou plig is.”

‘n Warmte styg in Jacques op. Hy bloos. Hy is nie sulke mooi woorde gewoond nie! Hoe harder hy gewerk het, hoe meer het ou Suzannah McTavish op hom geskel!

“Hulle het besluit om jou ‘n lekker vet bonus te gee vir al jou onbaatsugtige diens!”

Jacques se mond val onbeskaamd oop: “Ek…. ek verdien dit nie! Baie dankie Meneer Dlamini!”

“O nee, jy verdien dit beslis! En wat gaan jy met jou bonus doen?” Hy lag weer hartlik.

Sonder om tweekeer te dink antwoord hy: “Ek gaan vir Suzette ‘n ring koop. En as daar iets oorbly….. ek droom al lankal daavan om vir my ‘n hommeltuig te koop.”

“‘n Watse ding?”

“‘n ‘Drone.’ Daardie klein vlieg goetertjies wat jy met ‘n stuurstokkie beheer.”

“Hmmmm. Dink jy mens kan dalk só ‘n ding in die park gebruik?”

“O, baie beslis. Jy kan dit baie goed gebruik. Jy kan byvoorbeeld roofdiere opspoor vir die gaste. Jy kan dalk selfs diere opspoor wat in wildstrikke gevang is. Jou verbeelding is die limiet vir wat jy met daai vliegtuigie kan doen.”

“Ek wil beslis meer daaroor hoor. As dit die moeite werd is, betaal ek helfte van die koste!”

“Sjoe! Dankie meneer Dlamini!”

ooooooooOO0OOoooooooo

Dis Maandag, Jacques se afdag. Hy sing uit volle bors wanneer hy die afdraai vat na Richardsbaai. Sy eerste afspraak is by die juwelier. Suzette weet absoluut niks hiervan nie. Sy bonus was groot genoeg om ‘n baie mooi ring te kan bekostig en dan is daar nog genoeg oor om vir hom ‘n spoggerige speelding te koop. Hy maak gou sy draai by die juwelier om die ring op te tel. Dit kos hom nogal ‘n aardige bedraggie! Maar dis baie spesiaal en hy weet sommer dat Suzette mal gaan wees hieroor.

Dan draai hy die Jimny se neus na die elektronika winkel. Hy word hartlik ontvang en die kêrel haal sy hommeltuig onder die toonbank uit. “Ek moes ver soek om iets te kry met jou spesifikasies. Maar ek verseker jou, hierdie is toegerus met die nuutste tegnologie.”

Hy haal die tuig uit sy verpakking. Jacques kan sy oë nie glo nie. Die dingetjie is so klein

dat dit op jou handpalm pas. “Is jy seker so ‘n klein dingetjie kan die werk doen?”

“Alles wat jy gevra het en nog baie meer!”

“Maar waar is sy kontroles?”

Die man wys na ‘n “stokkie” kleiner as ‘n piesang. “Dis sy volledige kontrole! Druk jy die rooi knoppie, dan skakel hy aan. Druk jy die sneller dan beweeg hy en hoe harder jy druk hoe vinniger vlieg hy.”

“Maar…. Hoe stuur jy hom dan?”

“O, dis die mooi van die stelsel. Draai jy die stang links, dan draai hy links. Draai hom op dan styg hy op en draai dit af dan sak hy. Eenvoudig! Kom ek wys jou.”

Hy sit die hommeltuigie op die toonbank en druk die rooi knoppie. Skielik kry die dingetjie lewe. Dan druk hy die sneller saggies en die tuig styg op. Meesterlik navigeer hy die tuig om in die winkel rond te vlieg sonder om teen enigiets vas te vlieg. Jacques se mond hang oop van verbasing.

“Kyk nou!” Hy vlieg die tuigie vinnig reg op die muur af. Sentimeters van die muur af stop die tuig skielik. “Hy het sensors wat keer dat hy teen iets vasvlieg. En kyk hier na my selfoon.” Daar is hoë kwaliteit foto’s en videos van hulle twee en die winkel. Jacques is verstom oor die kwaliteit.

oooooooooOO0OOoooooooo

Jacques sit die hommeltuig neer in die middel van die grasperk by die personeel kwartiere. Hy het seker gemaak dat daar niemand anders is nie, want hy wil nie ‘n gek van homself maak voor die ander ouens nie. Hy druk die rooi knoppie. Die masjientjie kry lewe. Hy wys sy stuurstok na bo en druk die sneller saggies. Stadig styg die hommeltuigie reguit op. Jacques bewe skoon van opwinding.

Dan druk hy die sneller harder en skielik skiet die masjientjie soos ‘n pyl uit 'n boog reguit op in die lug. Jacques se hart klop vinniger. Die oomblik as hy die sneller los, gaan staan die dingetjie doodstil in die lug. Hy draai die

stang links en druk die sneller. Die hommeltuigie reageer onmiddellik en vlieg links. Soos hy die stang beweeg, doen die tuigie presies soos hy dit wil hê. Jacques is in ekstase!

Met een oog hou hy gedurig sy selfoon dop en die landskap onder die tuig, die grasperk, die huisies, braaiplek vlieg verby. Dan flits ‘n rooi liggie op sy selfoon. Die hommeltuigie se battery is pap. Hy kom huistoe!

Jacques hou die vlieg masjientjie dop as hy op sy eie eers hoog opstyg en dan reguit terugvlieg tot regoor die plek waar hy opgestyg het. Stadig sak dit en gaan land op die presiese kolletjie waar dit opgestyg het sonder dat Jacques dit stuur. Jacques lag hardop en klap hande.

Haastig sit hy ‘n nuwe battery in en gaan aan om te oefen om die hommeltuigie perfek te beheer. Dis beslis nie maklik nie! Maar stadig maar seker begin hy die masjien te bemeester. Die enigste probleem is dat die batterye net tien minute elk hou, en daar is

drie van hulle, so jy het slegs 30 minute vliegtyd. Dis beslis nie genoeg vir wat hy beplan nie! Hy sal dringend nog batterye moet koop.

Laat middag is Jacques gereed om sy eerste demonstrasie te lewer. Die batterye is gelaai en Jacques is vol vertroue dat hy die hommeltuigie redelik goed kan beheer.

Een-vir-een daag die personeel op. Die nuus van die hommeltuigie het soos ‘n veldbrand versprei en nou is almal baie nuuskierig om te kom sien wat hierdie ding kan doen. Richard is ook daar - Jacques het hom spesiaal genooi om te kom kyk hoe die tuig werk. Almal kom drom om Jacques saam. Hy wys hulle gou wat die dingetjie alles kan doen en hoe jy hom perfek kan beheer. Dit oeee en aaah en almal is baie beïndruk. Dan is die eerste battery pap en hy kom land op sy kolletjie. Jacques sit gou ‘n nuwe battery in en dan laat hy die hommeltuigie veld-in vlieg tot twee kilometer van die kamp af.

Almal staan in ‘n bondel om die beeld op die selfoon te kan sien. Onder die tuig gly die ongerepte bos verby. Hulle sien ‘n paar Rooibokkies, twee Kameelperde, en ‘n troppie Olifante. “Kyk! Kyk!” roep iemand kort-kort uit. Hy laat die tuig ‘n wye draai vlieg, en dan op pad kamp toe is daar skielik ‘n groot Leeumannetjie onder hulle. “Wow! Kyk net! Is dit nie wonderlik nie!”

Maar dan is die battery op sy einde en die tuig kom terug huistoe.

Jacques sit die derde battery in en dan maak hy ongemerk 'n klein rooi boksie aan die tuig vas. En laat hom opstyg. “Ek wil nou iets baie spesiaal demonstreer. Hierdie masjien herken dinge. Sonder om die kontrole te gebruik wink hy met sy hand. Tot almal se verbasing vlieg die hommeltuig reguit na Jacques toe. Hy hou sy hand op en die tug stop. As hy wys dat hy moet weg, retireer die tuig.

“Maar nou het ek jou nodig vir die volgende demonstrasie, Suzette. Kom staan hier en hou jou hand uit, handpalm na bo.”

Die hommeltuig vlieg stadig tot bokant haar hand, en dan land hy saggies op haar handpalm en skakel af. “Hy het vir jou ‘n aflewering gebring.”

Nou sien sy eers die klein rooi dosie op die tuigie. “Haal dit af.” Met ‘n groot vraagteken op haar gesig haak sy dit los en kyk vraend na Jacques.

“Toe, dis joune, maak dit oop.”

Sy sit die hommeltuig neer en maak die boksie versigtig oop. Dan gee sy ‘n gil en hou haar hand voor haar mond. Terselfdertyd kom kniel Jacques voor haar: “Suzette, sal jy met my trou?”

“Ja Jacques, duisend maal ja!”

Hy neem die pragtige ring en sit dit aan haar vinger. Niemand het dit verwag nie. Skielik kom al hulle vriende tot verhaal en oorverdowend applous en chaos bars los.

Jacques neem Suzette liefderyk in sy arms en soen haar inniglik. Wolwefluite weergalm deur die lug!

Richard is die eerste om die twee te kom gelukwens!

19

Die Hommeltuig word Ingespan

Jacques kry skielik ‘n idee: “Wat daarvan as ek die hommeltuig kan inspan om die grensdraad te patrolleer? Dit kan beslis werk. Maar dan moet ek baie dringend nog ‘n paar stelle batterye kry. Wie weet, miskien kan ek Richard se arm draai om vir ons batterye te koop!”

Hy besluit om sommer dadelik te gaan kyk of dit sal werk. Hy het ‘n uur voordat hy weer by die lodge moet wees. Hy pak die hommeltuig en ry in die rigting van die grens. Hy parkeer sy Jimny so naby aan die grensdraad as wat hy kan kom sonder om die bosse in te vaar. Hy is hier so ‘n kilometer van die draad af.

Jacques laat styg die hommeltuig op en kies koers na die grensdraad toe. Dan vlieg hy al langs die draad af. Hy vorder ‘n kilometer voordat die battery pap raak. Hy sit die tweede battery in en patrolleer nog ‘n

kilometer. Binne ‘n halfuur het hy ‘n volle drie kilometer gevorder. Hy is in sy noppies en hy kies koers na die lodge toe.

“Goeiemôre Thombi, is Meneer Dlamini beskikbaar?”

“Ja, stap deur.”

Hulle sit die video in Richard se rekenaar, en saam kyk hulle na die patrollie langs die grensdraad af. “Kyk, daar het die Vlakvarke ‘n gat onder die draad deurgegrawe.”

“Weet jy wat Jacques, hierdie dingetjie gaan vir ons baie tyd en moeite spaar!”

“Wel, hierdie was vir my ‘n halfuur se werk. ‘n Volle dag se werk vir ‘n span wat patrolleer! Daar’s net een klein probleempie - dis die volle batterykapasiteit.”

“Kan ons nie nog batterye kry nie, Jacques? Sê net hoeveel jy nodig het, ek betaal.”

“Dankie Meneer Dlamini!”

“Nee, dis ek wat vir jou moet dankie sê!”

ooooooooOO0OOoooooooo

“Suzette, ons moet praat!”

“Nee! Nie alweer nie? Wie was dit dié slag? Wat’s haar naam?”

“Nee, nee!” Jacques is eers totaal uitgeboul! Dan lag hy, gryp Suzette en soen haar. “Nee, dis beslis nie weer sulke tyd nie! Ek vermy daai tipe meisies soos die pes!”

“Nou wat dan?”

“Ons moet trou…..”

“Nee! Glo jy dan aan windbestuiwing? Ek’s beslis nie in die Ander Tyd nie!”

“Nee man, dis nie wat ek bedoel nie! Ons is mos nou verloof. Sien jy enige nut daaraan om nou vir maande en maande te wag voordat ons trou? Nie een van ons het familie wat eers in ag geneem moet word nie? Waarvoor moet ons wag?”

“Wat het jy in gedagte?”

“Ons gesels met Richard en kyk of ons nie sommer hier in die lodge kan trou nie. Wat dink jy?“

“Nee, ek wil in ‘n kerk trou. Ek droom my hele lewe al daarvan om met ‘n tradisionele wit rok in ‘n kerk te trou!“

“Ek het dit! Suzette, ons het mos nou daardie nuwe safari voertuig wat ons vir die skoolkinders gebruik. Wat daarvan…. “

“Hmmmm?“

“Dink net nè, wie gaan ons almal vir gaste nooi?”

“Ons het nie familie nie - ons enigste vriende is die ouens wat saam met ons werk.”

“Wel, as ons daai wa kan gebruik, dan ry ons almal saam Hluhluwe toe. Ons vra daai Dominee Pieter om ons te trou.”

“Jaaaaa…. En wat van ‘n onthaal? Gaan ons een hou?”

“Natuurlik! Ons kom terug hiernatoe en gooi ‘n lekker makiti hier op die grasperk! Hier is mos ‘n lapa?”

“Hmmm… Ek sal daaroor moet slaap. Kom ons gesels eers met Richard.”

oooooooOO0OOoooooooo

Jacques het vir twee weke elke middag na werk vir ‘n halfuur gaan oefen met sy hommeltuig langs die grensdraad om die tuigie seepglad te kan beheer, maar ook om elke foutjie aan die draad te kan raaksien.

Vandag is hy baie opgewonde, want die ekstra batterye het gekom en hy kan die hele dag lank spandeer aan ‘n grenspatrollie. Hy het vir hom ‘n driepoot geprakseer waarop sy selfoon gemonteer is, só kan hy sy hande vry hou om notas te maak oor die presiese ligging van enigiets wat aandag nodig het aan die heining.

Jacques parkeer sy Jimny onder ‘n Jakkalsbessie met lekker skaduwee en laat die tuigie opstyg en koers kies na die draad.

Daar is ‘n driemeter strook langs die draad wat skoongehou word, vry van enige plante. Dit maak dit veilig om lekker laag al langs die draad af te vlieg.

Sommer binne die eerste kilometer al, kry hy ‘n Vlakvark gat. Hy stop die tuig en neem ‘n foto met die koordinate van die gat. ‘n Ent verder is die draad geknip. Dis weer geheg, maar baie halfhartig. Die stroper kom sekerlik weer hierheen terug. Hy neem ‘n foto en dan vlieg hy ‘n paar draaie om te sien of hy dalk strikke kan kry. Die goed is baie goed gekamofleer, maar hy sien nogtans minstens drie strikke. Hulle sal dadelik hieraan moet aandag gee! Hy kontak die kantoor en vra dat hulle so gou moontlik ‘n span uitstuur daarheen. Omdat hy die presiese koördinate het, is dit maklik om reguit na die probleem te gaan.

Jacques doen drie kilometer patrolliewerk, dan skuif hy die Jimny drie kilometer aan en gaan aan waar hy opgehou het. Hy is só verdiep in sy werk dat hy nie eers agterkom

as dit middagete tyd is nie. Hy begin eers van die tyd besef wanneer die son besig is om onder te gaan. Skielik is hy bewus van so ‘n ernstige hol kol op sy maag. Hy lag vir homself en dan pak hy haastig op om huistoe te gaan.

Jacques is baie tevrede met wat hy verrig het - as hy nog net een uur gehad het, dan kon hy die ganse wildpark se grensdraad klaargemaak het! Hy sal môre vroeg net na sonop die laaste stukkie doen.

oooooooOO0OOooooooooo

“Sjoe, ek was bekommerd oor jou! Waar was jy so lank?”

“Tred verloor met die tyd!”

“Toemaar, ek het sommer vir ons altwee kos gemaak. Kom eet by my.”

“Ek hoop jy het baie gemaak - ek kan nou ‘n bees opeet!”

“Het jy dan nie middagete gehad nie?”

“Nee, ek het skoon vergeet. Toe ek weer sien begin dit donker word!”

“Ai tog! Dis tyd dat jy nou trou! Jy het ‘n vrou nodig om jou te herinner aan middagete, om jou tande te borsel, ‘n skoon onderbroek aan te trek….. “

“Nee wag, so erg is dit darem nou nie!” Hulle lag lekker.

“Maar gepraat van trou - hoe het jy gedink? Wanneer gaan ons afhaak?”

“Jacques, ek hoop nie jy gee om nie, maar ek was vandag by die lodge, toe loer ek sommer gou by Richard in.”

“En……?”

“Wel ek het hom vertel wat ons beplan.”

“En……?”

“Hy weier!”

“Hy wat?!”

“Hy sê daar is géén manier dat ons ‘n troue gaan hou hier op die grasperk nie!”

“Maar….. maar……”

“Hy sê dis nie gepas nie! Hy sê hy sal liewer die lodge se onthaal area vir ons gee….. “

Jacques is vir ‘n oomblik totaal stomgeslaan. Dan kry hy sy asem terug: “Wow! Trek jy my been? Jy maak nie grappies nie, doen jy?”

“Ek’s ernstig! En dit gaan ons absoluut niks kos nie! Hy het dit klaar met die direkteure bespreek en hulle sal selfs die kos gratis voorsien!”

“Ek is sprakeloos! Dis fantasties!” Jacques pik ‘n traan uit sy oog - die ding begin skielik water!

“Hy moet net kyk wanneer daar ‘n stil tydjie is, dan gaan hy die hele lodge vir ‘n dag sluit. So, om jou vraag te beantwoord: ons trou sodra Richard vir ons ‘n spasie het.”

“Ek kan nie wag nie! Ek is skielik baie opgewonde!”

Jacques gryp Suzette vas en gee haar ‘n innige soen: “Baie dankie my Liefling!”

ooooooooOO0OOoooooooo

Jacques parkeer sy Jimny by die laaste deel van die grensdraad en sit die hommeltuig in die middel van die pad neer. Dis nog vroegoggend en alles is so vars. Met ‘n lied in die hart laat styg hy sy masjientjie hoog in die lug op totdat dit net ‘n klein spikkeltjie is. Oor ‘n uur is hy klaar, dan kan hy huistoe gaan en ‘n lekker ontbyt gaan eet.

Hy kies koers reguit na die grensdraad. Skielik gaan staan Jacques se hart amper. Onder hom speel ‘n drama af wat hy net in ‘n fliek sou verwag. Hy sien ‘n Witrenoster wat rustig aan die wei is. Maar dis nie wat Hom ontstel nie. ‘n Skamele 50 meter van die ou dikvel af, merk hy drie mans en hulle is besig om in die rigting van die Renoster te beweeg.

Jacques zoem die kamera in op die mans. Tot sy groot skok sien hy dat die middelste man ‘n geweer by hom het. Die hommeltuig is gelukkig so hoog dat hulle dit glad nie kan

hoor nie. Die volgende oomblik sien Jacques net hoedat die man sy geweer lig en begin korrel vat op die Renoster.

Jacques is verbouereerd. Dan skielik weet hy wat hy moet doen. Met verbysterende snelheid laat hy die hommeltuig afduik op die toneel.

Dan gebeur alles gelyk en Jacques moet kophou soos nog nooit in sy lewe nie. Die oomblik as die stroper die sneller trek, sien en hoor hy die hommeltuig op hom afstorm. Terselfdertyd spring die Renoster verbouereerd weg. ‘n Skoot gaan af. Dit tref die Renoster en hy steier.

Die stroper is vir ‘n oomblik totaal uit die veld geslaan. Hy weet nie wat gebeur het nie, hy hoor net die skril geluid van die hommeltuig, wat intussen alweer soos ‘n pyl uit ‘n boog hoog in die lug ingeskiet het. Dan sien Jacques tot sy ontsteltenis hoedat die stroper korrel vat op sy hommeltuig.

Soos blits swenk Jacques die tuig vinnig links, dan weer regs totdat dit buite sig is van

die stropers. Daar is nog ‘n paar minute oor op die battery. Hy vlieg laag oor die boomtoppe in die rigting van die stropers. Skielik is hulle reg voor hom. Blitssnel neem hy ‘n paar hoë resolusie foto’s van hulle voordat hy weer vinnig verdwyn voordat die man ‘n skoot op die tuig kan inkry.

Hy laat die hommeltuig vinnig terugkom en laai ‘n vars battery. Dan kontak hy vir Richard en lig hom in oor die situasie. “Ek wil net gou kyk wat van die Renoster geword het, dan gee ek meer details.”

“Goed so, ek mobiliseer solank die manne en laat kom die polisie. Hou my op hoogte…. “

Hy laat die hommeltuig baie hoog opstyg en vlieg in die rigting waar hy laas die Renoster gesien het. Hy sien die dier ‘n ent weg draf, so hy is darem seker nie te erg gewond nie. Terselfdertyd sien hy die drie stropers in die rigting van die grensdraad hardloop.

Dan kry Jacques ‘n idee: hulle moes seker met ‘n voertuig hierheen gekom het. Hy besluit om ‘n groot kans te waag. Hy vlieg

oor die grensdraad en kyk of hy iets verdag kan sien. Net toe hy begin moed opgee, sien hy iets blink in die oggendson. “Bingo!“ Hy duik vinnig af en dan is die duur veldvoertuig voor hom. Hy posisioneer die hommeltuig en neem ‘n foto van die nommerplaat.

Dan gaan staan Jacques se hart amper. ‘n Rooi waarskuwings liggie wys dat hy sein verloor het met die hommeltuig. Sy hart klop in sy keel. Gaan hy ooit weer die masjien kry? Dit het ‘n kosbare vrag dodelike foto’s op. Dit sal groot skade wees as hulle moet verlore gaan - al die bewyse om die stropers vas te trek!

Skielik sien Jacques ‘n klein spikkeltjie in die lug. “Jou Doring!” skree hy. Terselfdertyd keer die sein terug. Die tuig vlieg outomaties reguit terug na die kolletjie waar hy gelanseer is.

Vinnig kontak hy vir Suzette, wat intussen al op hete kole sit vir enige nuus. “Ek dink nie die Renoster is te erg beseer nie, hy beweeg nog rond. Maar hy het beslis ‘n skoot weg.”

“Kan jy hom opspoor? Ek kom dadelik met ‘n span - ons sal hom moet verdoof om te sien wat die skade is.”

“Ja, ek spoor hom maklik op. Intussen sal ek ‘n oog oor hom hou.”

In ‘n stofwolk daag ‘n paar voertuie op met die Teen-wildstropers eenheid. Jacques loop hulle te gemoed. “Hulle is seker al deur die grensdraad en dit sal nie help om hulle te volg anderkant die draad nie - hulle het ‘n voertuig.”

Die radio kraak - dis Richard: “Die speurder is op pad. Hy behoort oor tien minute by jou te wees.”

Jacques kontak vr Suzette: “Kan jy asseblief my rekenaar saambring?”

“Ek was nou net op pad om te ry. Ek’s daar oor vyf minute. Ek bring hom.”

Minute later stop Suzette langs hom in ‘n stofwolk. Haastig laai hy die video’s en foto’s af op sy rekenaar en dan op ‘n

geheuestokkie. Skaars is hy klaar of die speurder stop langs hom.

“Ek hoor jy het dalk iets vir my?”

“O ja, ek hoop so. Kom kyk. Ek het self nog nie gesien wat ek gekry het nie, maar kom kyk gerus.” Die speurder skuif langs Jacques in die Jimny en Suzette kom sit agter hom en kyk oor Jacques se skouer. Jacques laat die eerste video rol. Die speurder trek sy asem skerp in as hy die eerste beeld van die Renoster en die stropers sien.

“Kyk! Die bli@#$%m gaan die Renoster skiet!” Dan peil die hommeltuig reg op die stroper af teen ‘n verbeisterende snelheid. “O Do##er!” hyg die speurder. Hy sien duidelik hoedat die stroper die sneller trek. Wanneer die tuig die lug inskiet, verskyn die Renoster weer in beeld en duidelik steier die dier wanneer die skoot hom tref. Suzette trek haar asem skerp in en gee ‘n klein gilletjie.

Skielik kyk die speurder om: “Jammer vir die kru taal, ek het vergeet ons het ‘n dame in die gehoor!”

Dan kom die beeld op van die stroper wat mik vir die hommeltuig. “O do… Ek meen o vrek!” Die speurder leef hom só in die drama in. Wanneer die tuig oor die boomtoppe vlieg, val die speurder amper uit die Jimny uit as die drie stropers se verdwaasde gesigte skielik lewensgroot voor hulle verskyn. “Ek ken daai man!” skreeu hy. Maar dis net ‘n flietende oomblik. Dan is die video verby. “Kan jy daai weer speel? Ek wil seker maak dis die ou wat ek ken!”

“Ek kan beter doen.” Jacques maak die hoë resolusie foto’s oop van die drie manne se gesigte.

“Bingo! Het julle! Op heterdaad betrap!”

“Daar is nog meer. Kyk ‘n bietjie hierna.” Jacques laai die video en foto’s wat hy van die voertuig geneem het. Helder en duidelik wys die nommerplaat.

Die speurder is soos ‘n klein seuntjie. Hierdie soort tegnologie het hy nog nie voorheen beleef nie!

“Kom ek wys jou gou eers beeld van die Renoster, Suzette.” Hy laai ‘n video van die Renoster wat weghardloop. Hy lyk nie sleg nie, maar hy is tog effens mank. Op sy boud kan jy duidelik ‘n skietwond sien.

“Ek dink tog ek gaan hom maar verdoof. So ‘n koeël kan later ernstige probleme veroorsaak. Sal jy hom vir my opspoor, asseblief Jacques?”

“Sekerlik my skat. Kry solank jou span gereed.”

“Waar omtrent was die stropers toe hulle die Renoster geskiet het? Ek wil gaan soek vir bewysstukke.”

“Maklik. Ek het die presiese koördinate waar hulle gestaan het. Jy hoef nie eers te soek nie - tik net die syfers in jou selfoon in en dit sal jou na die kolletjie neem waar hulle gestaan het. Terloops, ek het patroondoppe en ander toerusting daar sien lê.” Die speurder is baie dankbaar dat alles vir hom op ‘n skinkbord gegee word!

Intussen is Suzette gereed. Jacques laat die hommeltuig vlieg en baie gou spoor hy die ou dikvel op. Binne ‘n halfuur is die dier verdoof en haastig begin Suzette met haar ondersoek. Jacques sorg dat hy by is, en kort daarna daag die speurder ook op. Gelukkig het die koeël die Renoster op die boud getref en relatief min skade veroorsaak. Die koeël is egter baie diep in en dis ‘n groot uitdaging om dit uit te kry. Sy moet diep grawe voordat sy uiteindelik die stukkie metaal met haar tangetjie kan raakvat. Maar toe sy hom uithaal, staan die speurder klaar reg met sy plastieksakkie. Hierdie is ‘n dodelike bewys wat die stroper aan die pen gaan laat ry!

Jacques se radio kraak: “Kom sien my sodra jy ‘n kansie het asseblief Jacques.”

“Seker Meneer Dlamini, ons is amper klaar.”

Suzette kyk op na Jacques: “Het jy die nuutste skindernuus gehoor?”

“Nou waar moet ek skindernuus hoor hier in die Bos?”

“So, jy weet nie van Mpho en Simphiwe nie?”

“Neeeee…….?”

“Hy het haar gisteraand die jawoord gevra!”

“So ‘n ou doring! Uiteindelik!”

oooooooooOO0OOoooooooo

“môre Meneer Dlamini! Ek wil net eers sê: baie dankie vir die wonderlike geleentheid om hier in die lodge te kan trou. Dis baie spesiaal!”

“Julle twee verdien dit, Jacques! Altwee van julle beteken só baie vir ons!”

Hy beduie vir Jacques om te sit: “Eintlik het ek jou laat kom vir jou dankie te sê vir vanoggend. Jou flink optrede was vir ons van onskatbare waarde! As jy nie op presies die regte oomblik opgetree het nie, was dit beslis koebaai vir daai Renoster!”

“Ek het nie eers gedink nie - dit was net ‘n instinktiewe aksie….”

“Ja moontlik, maar dit het nie net ‘n baie kosbare dier gered nie, maar dit het ons minstens ‘n miljoen rand gespaar! Jacques, die direkteure het gesê ek moet vir jou die geld wat jy op die hommeltuig gespandeer het, terug gee. Dis nie reg dat jy daarvoor moes betaal nie. Gebruik dit liewer vir julle wittebrood.”

oooooooOO0OOoooooooo

Dit was ‘n lang en stresvolle dag vir almal in die wildpark. Uiteindelik het die aand aangebreek en Jacques, Suzette, Mpho en Simphiwe ontspan in die laaste lig op die grasperk.

Jacques lig sy glas: “Op die twee verloofdes!”

“Mag hulle gou getroud kom!”

“Gepraat daarvan, wanneer beplan julle om af te haak, Simphiwe?”

“O, ons het nog nie eers aan sulke dinge gedink nie!”

“Ja, onthou ons het maar gisteraand eers verloof geraak! En boonop het Simphiwe my voete skoon onder my uitgeslaan. Dis die laaste ding wat ek ooit verwag het!”

“Mpho, jy het my nou nuuskierig. Wat het gebeur? Hoe werk dit as ‘n Zoeloe paartjie verloof raak?”

Mpho raak sommer opgewonde: “Kom ek teken vir julle ‘n prentjie. Hier besluit Simphiwe mos dat ons ‘n entjie gaan ry. So gaan sit ons langs die rivier. Die lug is die mooiste kleure waaroor jy kan droom - oranje, geel, rooi…. Onder in die rivier speel die Olifante. Skielik haal Simphiwe van êrens af ‘n houtbeeldjie van ‘n bees uit en gee dit vir my. Ek verstaan glad nie waaroor dit gaan nie. ‘Mpho,’ se hy vir my, ‘dis om my lobola te betaal!’ Ek het eers vir hom gelag vir die grap. Maar toe is ek kwaad.”

“Ja,” vervat Simphiwe die storie, “sy vra toe of sy dan net een bees werd is? Toe sê ek vir haar dat al die beeste in Zoeloeland nie genoeg is om vir haar te betaal nie!”

“Wow! Dis so ‘n mooi storie - ek tjank sommer!”

“Nee wag, dis nog glad nie klaar nie: Simphiwe het vir my verduidelik dat sy Zoeloe erfenis belangrik is en aangesien nie een van ons meer familie het nie, wou hy iets van die tradisionele manier van doen uitbring. En toe…… En toe gaan staan hy op sy knie voor my en hy gee my hierdie ring, en hy vra my om met hom te trou!”

“En het jy toe ja gesê?”

“Sy het! O ja, sy het!”

“Ek is so bly vir julle twee! Wat beplan julle vorentoe?”

“Ek het gedink, vir ‘n begin wil ons iets tradisioneel doen. Kom ons hou môreaand ‘n braai. Ek en Mpho sal oor iets dink om dit tradisioneel te maak.”

oooooooOO0OOoooooooo

Dit klets en gesels en lag dat hoor en sien vergaan! Wonder bo wonder is daar geen gaste in die lodge vanaand nie en al die personeel is op die grasperk by die personeel kwartiere. Die vure brand hoog en almal is in ‘n gesellige luim. Vanaand is Simphiwe en Mpho se aand! Richard het gereël dat die lodge al die vleis en bykosse voorsien want die twee is uiteraard altwee sleutelpersone in die wildtuin.

Richard staan op en dan raak dit doodstil: “Vriende, hierdie is ‘n baie spesiale oomblik. Twee baie spesiale mense het na ‘n lang verhouding besluit om uiteindelik verloof te raak. Simphiwe het eergister vir Mpho ‘n ring gegee en sy het ingestem om met hom te trou. Nee, eintlik het sy hom gesmeek om met haar te trou!”

Wolwefluite, dawerende applous en luide gelag vul die naglug.

Dan staan Simphiwe op: “Ek en Mpho het nie meer ouers of familie nie - julle is ons enigste familie. Maar ons altwee is baie lief vir ons

Zoeloe erfenis, alhoewel ons glad nie meer ons ou tradisies beoefen nie. Toe het ons gedink - hoe kan ons iets van ons erfenis in die verlowing inbring. Wel, vir ‘n begin wil ek graag vir Mpho se “pa” ‘n lobola-geskenk gee. Meneer Dlamini, jy is vir ons almal soos ‘n Pa en ek wil graag vir jou lobola betaal vir jou dogter, Mpho.”

Daarmee bring Simphiwe die pragtigste bul, meesterlik gekerf uit Kiaathout te voorskyn en oorhandig dit baie eerbiedig aan Richard. Dawerende applous bars los.

Nou is dit Mpho se beurt: “My dierbare geliefde, ek gee vir jou ‘n liefdesbrief wat diep uit my hart kom - ’n brief om te sê hoe innig lief ek jou het.” Sy bring ‘n vierkantige stukkie kunswerk te voorskyn - kralewerk wat in ‘n ingewikkelde patroon inmekaar geweef is. Dit “oeeeh” en “aaah” oor die asemrowende stukkie kunswerk.

Simphiwe is duidelik baie aangedaan, maar wanneer hy weer sy stem terug het, gaan kniel hy voor Mpho: “My liefling, jy beteken

meer vir my as al die goud in die wêreld! Ek het nie iets kosbaar genoeg om vir jou te gee nie! Maar met hierdie armband wil ek net sê dat jy die enigste een vir my is en dat ek jou ewig sal koester en liefhê!" Daarmee maak hy 'n armband gemaak van fyngeweefde kraletjies om haar arm vas.

Mpho gryp vir Simphiwe om die nek en soen hom innig. Nou dreun dit van die applous!

Richard steek sy hande op om stilte te probeer kry: "Vriende, die vuur is gereed en ons gaan nou braai. Maar ek het nog een afkondiging: Volgende Saterdag gaan die lodge gesluit wees! En weet julle hoekom? Jacques en Suzette gaan trou en julle almal is uitgenooi na die troue. Maar dit weet julle almal mos al! Maar ek het 'n verrassing vir julle: Ek het net vanmiddag gehoor dat Simphiwe en Mpho saam met hulle gaan trou. So, ons het 'n dubbele bruilof!"

Nou is die applous oorverdowend! Daar word gekuier, vleis gebraai en partytjie gehou tot laatnag toe. Nee, eintlik tot hanekraai toe!

oooooooOO0OOoooooooo

Dis ‘n opgewonde klomp wat in Hluhluwe voor die kerk van die 20-sitplek safarivoertuig afspring. Ds. Pieter wag hulle in met ‘n groot glimlag op die gesig. Hierdie is vir hom ‘n eerste. Ja, hy het al twee paartjies gelyk getrou, maar hy het nog nooit ‘n Zoeloe paartjie getrou nie! Hy het baie hard geoefen om darem ‘n paar woorde in Zoeloe te kan sê - dis een taal wat hy nooit aangeleer het nie en vandag is hy bitter spyt daaroor!

Ds. Pieter gaan staan voor die groep wat vol afwagting na hom kyk. Hier by hom staan die vier vriende. Hy glimlag innemend vir hulle. Dan sê hy in suiwer Zoeloe: “Bangane bami abathandekayo, ngiyanamukela nonke ngenhliziyo efudumele.

Namuhla kuyilungelo elikhulu nenjabulo emangalisayo kimi ukuhlanganisa izithandani ezimbili ezikhetheke kakhulu emshadweni.

Bobane laba bantu bathinte izinhliziyo zethu sonke ngendlela ejulile, bashiya umkhondo ongasoze wakhohlakala.

UJacques noSuzette, kanye noSimphiwe noMpho.

(Liewe vriende, hartlik welkom. Dit is vandag vir my 'n wonderlike voorreg om twee baie spesiale paartjies in die huwelik te verbind. Al vier van hulle het diep spore in elkeen van ons se harte getrap. Jacques en Suzette asook Simphiwe en Mpho.)

Nadat Ds. Pieter in ‘n baie emosionele huweliksbevestiging die paartjies getrou het, gaan staan almal buite en wag die twee paartjies in terwyl hulle die huweliksregister teken. Daar was ‘n paar mandjiesvol blomblare bymekaar gemaak, en die oomblik as die vier by die voordeur uitkom, word hulle bestrooi met welriekende blomblare.

Dan klim almal weer op die veldbussie. Skaars begin hulle beweeg, of die hele groep breek in sang uit. Die een lied volg op die ander en dawer deur die dorp Hluhluwe, met verbaasde mense wat hulle oopmond aanstaar. So ry hulle, al singende op die veldvoertuig, al die pad terug lodge toe.

Intussen is alles in gereedheid gebring en die banketsaal is getooi in volle feestelike glorie vir die onthaal van vier baie spesiale mense. Nét die beste is goed genoeg! Daar word weereens gedans en partytjie gehou tot hanekraai!

oooooooOO0OOoooooooo

Die vier het koppe bymekaar gesit oor wat hulle gaan doen na die huwelik. Jacques het sy tande geslyp vir Mauritius, maar Simphiwe het nie daardie soort geld nie. Hulle het klaar besluit dat hulle die wittebrood saam sou doen.

“Wat van Margate?”

“Nee Suzette, dis afgesaag!”

“Kruger Wildtuin?” lig Mpho haar mening.

“Ons eie wildtuin is baie mooier. Wat wil ons daar gaan maak?”

“Kyk, ek sou so graag Mauritius toe wou gaan, maar dis te duur. Wat is nou die naaste aan daai eiland? Mosambiek!”

“Dit kan werk! Ponta Malangane!”

“Dis nou waarlik paradys daai! Ek stem saam!”

En so vertrek die vier twee dae na die troue vroegoggend in Jacques se Jimny na Ponta da Ora.

Wat hulle alles aangevang het in daardie volgende week - daaroor sal ons liewer swyg! Dis soort-van gesensor! En vra jy hulle - dan lag hulle net: “Ons praat nie uit nie!”

So, gebruik maar jou eie verbeelding!

20

Die Werksaanbod

Jacques glimlag breed as hy sy baie vername gaste gaan ontmoet. Hulle het klaar ingeteken en hulle is gereed vir hulle eerste wildrit.

“Sal jy omgee as ek voor langs jou sit?”

Jacques kyk om. ‘n Baie vriendelike man kyk hom in die gesig. “Geen probleem, jy is baie welkom!”

Dis ‘n goeie wildrit en hulle sien ‘n groot verskeidenheid diere. Die gaste is ingenome met hulle uitstappie. Jacques gesels die hele tyd met die gaste. Hy verduidelik vir hulle van bome, struike, veldblommetjies, spore, voëls en nog baie meer en hy antwoord ‘n dosyn vrae. Hy is behóórlik in sy element en die gaste hang aan sy lippe.

Maar Jacques kom agter dat die man hier langs hom nie werklik belangstel in die diere en veld nie. Die man hou hóm die hele tyd dop! Wat is die ou se storie?

Dan gebeur Hapoor.....

Jacques weet nie mooi wat in die ou kolos se kop gebeur het nie.....

Hulle sien vir Hapoor staan onder ‘n Maroela, baie rustig. Dan draai die ou dikvel stadig om in hulle rigting en hy begin reguit na hulle toe stap. Jacques glimlag want hy merk dat ou Hapoor in ‘n rustige bui is. Hy mik eers om reg voor hulle voertuig oor die pad te loop, maar op die laaste oomblik draai hy na hulle toe en kom staan reg langs Jacques.

Jacques besef dat as hy nou die voertuig aan die gang sit en ry, dan is hulle in die moeilikheid! Dit raak doodstil in die voertuig – jy kan ‘n speld hoor val! Jacques kyk in die truspieëltjie. Die gaste se oë is gerek soos pierings en almal hou asem op.

Dan tel die ou dierasie stadig sy slurp op. Hy voel-voel so aan Jacques se wang en die arme man sterf tien dode! Dan, uit die bloute vat hy Jacques se hoed van sy kop af. Jacques is te bang om ‘n oog te knip! Stadig

draai Hapoor om en stap weg met Jacques se hoed stewig in sy slurp.

Die gaste staar in ongeloof die logge dier agterna. Twintig treë van hulle af, haak die hoed aan ‘n Blinkblaar Wag-’n-bietjie, en daar bly dit hang. Hapoor loop nog ‘n paar treë en dan gaan staan hy en wei rustig voort asof niks gebeur het nie.....

Eers dan kan Jacques die voertuig aanskakel en verder ry. Luide applous bars los en almal se tonge is los – almal praat gelyk!

oooooooOO0OOoooooooo

Dis na aandete en tyd vir die groep se nagrit. Suzette skuif voor langs Jacques in. Hy stel haar voor aan die gaste: “Dis Suzette – sy is ons veearts en sy het ingewillig om vanaand saam te ry om ons te help nagdiere soek. Suzette is nie alleen ons veearts nie, maar sy is ook my kamermaat!”

Sy gee hom ‘n hou op die arm, gemaak kwaad. “O, en ons is darem getroud.”

“So pas twee weke!” beaam Suzette en almal lag heerlik.

Dit het nou al ‘n gereelde ding geword dat sy saamgaan op nagritte. Suzette geniet dit baie om dit te doen want dit is so anders as haar gewone werk. Maar sy geniet dit veral want dan is sy by Jacques! En sy maak doodseker dat sy lekker styf teen hom sit!

Die rit skop sommer op ‘n hoë noot af as hulle skaars uit die kamp is en ‘n Muskeljaatkat kry. Boonop is hierdie een glad nie skaam nie en hy sit lank genoeg stil, dat almal hom behoorlik kan bekyk, nogal oop en bloot!

Die gaste hang behoorlik aan Suzette se lippe want uit haar werk as veearts het sy ‘n kennis van wilde diere wat min mense het. Gevolglik doen sy feitlik al die praatwerk.

Skielik beduie sy vir Jacques om te stop. “Kyk daar!” fluister sy, en ‘n doodse stilte sak oor die voertuig toe.

“Ek sien niks,” kla iemand.

“Wag!” fluister Suzette.

Dan roer iets in die gras. Stadig begin dit vorm aanneem. “Dis ‘n Luiperd!” hyg iemand. “Dis sowaar ‘n Luiperd!”

Dan staan die manjefieke Luiperdmannetjie op en begin beweeg na die anderkant van die pad, skaars twee treë voor die voertuig verby. Selfs Jacques is in totale verwondering! Die Luiperd kies koers in die Bos in, stadig en statig - ‘n ware koninklike dier. Hulle sit daar in totale verwondering totdat die prins verdwyn in die ruigtes.

“Wow!” kry iemand uiteindelik ‘n woord uit. En skielik babbel almal gelyk. Jacques kyk vir Suzette, en toe bars hulle uit van die lag,

“Dankie my Skat! Jy is ‘n doring! Jy het hierdie groep se aand iets baie spesiaal gemaak. Ek gaan nie eers vra hoe jy daai kat raakgesien het nie - ek kon hom nie sien nie!”

Die gaste word die res van die rit bederf met ‘n piepklein Witkoluiltjie, ‘n Reuse Ooruil, ‘n

paar Naguiltjies wat in die middel van die pad sit en twee Water Dikkoppe. O ja, en ‘n Trapsuutjies! Hoe Suzette hom in die boom raakgesien het, kan jy maar net raai!

Jacques is skoon vergete daar agter sy stuurwiel - dis net Suzette! Jacques dink met groot trots aan sy briljante bruidjie!

Heeltemal te gou is die rit iets van die verlede en ‘n groep babbelende, opgewonde gaste spring van die veldvoertuig af - almal hoogs tevrede met ‘n baie suksesvolle nagrit. Etlike van hulle kom gee Jacques en Suzette handdrukke om dankie te se.

Tevrede met ‘n goeie nagrit agter die rug, ry Jacques en Suzette na hulle tweeslaapkamer huisie toe.

oooooooOO0OOoooooooo

“Ek wil graag met jou gesels - het jy ‘n paar minute?” Die man wat gister langs Jacques gesit het, keer Jacques voor by die lodge. “Kan ons iewers privaat gesels?”

“Ja seker. Kom ons gaan sit in die tuin.”

“Jacques, jy het dalk agtergekom dat ek jou gister fyn dopgehou het?”

“Ja, ek het nogal…..?” Daar is ‘n groot vraagteken op Jacques se gesig.

“Goed, ek moet bieg: ek was nie hier vir ‘n vakansie of om wilduitstappies te geniet nie. Dit kan ek in elkgeval baie beter doen by my huis!”

“Nee, nou verstaan ek gladnie!”

“Ek besit ‘n privaat wildtuin wat aan die Kruger Wildtuin grens en daar is ‘n baie luukse lodge wat hoofsaaklik deur baie ryk buitelanders besoek word.”

Jacques se oë rek groot. Hier kom ‘n ding!

“‘n Kennis van my het ‘n ruk terug hier kom vakansie hou, en sy het my van jou vertel. Sy het met groot waardering van jou gepraat. Ek het besluit om sélf te kom kyk waaroor sy so gaande was, en eerlik Jacques, ek dink sy was reg.”

“Ek verstaan nou nóg minder!”

“Die kersie op die koek was daardie Olifant! Dis g’n mak Olifant daai nie! Hoe het jy dit reggekry om hom sover te kry om jou hoed af te haal? Jy verstom my! Terloops, het jy darem weer jou hoed teruggekry?”

“O ja dankie, een van die ander gidse het dit gesien en vir my gebring.”

“Jacques, ek wil jou ‘n werksaanbod maak. En moenie oor Suzette bekommer nie - sy is ingesluit in die aanbod. Ek bied jou ‘n salaris aan, dubbel wat jy hier kry! Plus goeie akkommodasie. Ek weet hoe julle woonkwartiere hier lyk - myne is tienkeer beter!”

“Sjoe! Ek is stomgeslaan!”

“Jy hoef nie nou te antwoord nie - gaan dink daaroor. Kom kyk vir jouself hoe dit daar lyk! Hier is my kaartjie…..”

Hy gee Jacques ‘n handdruk en dan stap hy weg en los Jacques agter met ‘n duisend vrae in sy gemoed.

“Wat moet ek doen?! Ek beter dadelik eers met Suzette gaan gesels!”

oooooooooOO0OOoooooooooo

Jacques wink Suzette eenkant toe by die hospitaal: “Liefling, ek het ‘n gróót probleem!”

“Ooooo tóg, wie is dit dié slag? Elke keer as jy ‘n gróót probleem het, is dit die een of ander Doringrosie wat in die Wag-’n-bietjie vasgehaak het…..”

“O nee, hierdie keer is dit sommer baie erger!”

“Moet ons iewers gaan sit?”

“Ja! Suzette, ek het ‘n werksaanbod gekry!”

“‘n Wat? Het ek reg gehoor? Waar nogal?”

“Onthou jy die ou wat gisteraand reg agter jou gesit het? Wel, hy is die eienaar van ‘n Wildtuin langs die Kruger! Hy bied my dubbel my salaris aan en jy is ook ingesluit in sy aanbod.”

Suzette is stomgeslaan. “En toe? Wat het jy besluit?”

“Nee, ek het nie besluit nie. Ek wil eers baie mooi daaroor dink. En ons moet saam besluit - ek kan nie alleen hieroor ‘n besluit neem nie.”

“Dis gladnie so ‘n maklike besluit as wat dit klink nie! Wat beplan jy?”

“Vir ‘n begin sal dit net reg wees as ek vir Richard in die saak ken.”

oooooooOO0OOoooooooo

“Sit Jacques, dit lyk asof jy die hele wêreld op jou skouers dra. Wat makeer? Het jy en Suzette stry gehad?”

“Meneer Dlamini, dis baie erger as dit.”

“Nou toe, kry dit van jou hart af!”

“Ek het ‘n werksaanbod gekry…..”

Richard raak bleek - dis nou as ‘n Zoeloe bleek kán raak: “En…..?”

“Een van die gaste wat ek gister uitgeneem het, is die eienaar van ‘n privaat wildtuin langs die Kruger. Hy het my dubbel die salaris wat ek hier verdien aangebied en hy wil vir Suzette óók hê…..”

“Jacques, ek weet nie wat om te sê nie…… dis ‘n wonderlike geleentheid en eintlik kan jy dit nie van die hand wys nie. Maar ek moet sê, ek sal bitter spyt wees as jy dit aanvaar. Wat gaan jy doen?”

“Om eerlik te wees, Meneer Dlamini - ek het nie die vaagste idee nie! Hy het my uitgenooi om te kom kyk hoe dit lyk…..”

“Kyk, die laaste ding wat ek wil hê, is dat julle twee weggaan. Maar ek gun julle dit met my hele hart! Vat ‘n paar dae af en gaan kyk - ons sal regkom hier. Gaan praat sommer nou dadelik met Suzette, dan kan julle dalk môreoggend opry daarnatoe. Maar maak asseblief dóódseker dat jy die regte ding doen!”

oooooooooOO0OOoooooooo

Dis nog pikdonker as Jacques en Suzette in die pad val op noorde toe. Dis meer as ‘n halfdag se ry en teen middagete kom hulle in die wildtuin aan. Op pad het hulle die kantoor laat weet dat hulle op pad is op die eienaar se uitnodiging. Wanneer hulle by die hek kom, weet die hekwag alreeds van hulle: “Hartlik welkom by Isithunzi seNgwe Privaat Wildreservaat, Meneer Jönsson wag vir julle!” Hulle word reguit na die lodge gestuur.

Jacques en Suzette se monde hang oop. Hierdie super-luukse lodge laat hulle mooi plek na ‘n ou vaal pondokkie lyk! “Hier is geld!” laat val Suzette dit.

“Kom deur,” nooi die ontvangsdame hulle, “Julle is net betyds vir middagete! Ons sal na ete julle bagasie kry.”

Sy neem hulle na ‘n privaat eetkamer waar die eienaar reeds sit. Hy staan op en met uitgestrekte hand en ‘n breë glimlag loop hy hulle te tegemoet. “Ek is Rohan Jönsson. Hartlik welkom by Isithunzi seNgwe! Julle is

seker nou doodmoeg gery - kom ons eet eers rustig middagete.”

Die kos is uit die boonste rakke en hulle kom agter dat Rohan van die land se top chefs hierheen gelok het. Tussendeur gesels Rohan land en sand aanmekaar en vertel net van al die asemrowende hoedanighede van sy wildtuin.

Na ete word hulle na hulle kamer geneem. Dis ruim en ultraluuks. Die kamer loop uit op ‘n ruim stoep wat uitkyk oor die ongerepte natuur. Rooibokkies en Vlakvarke wei hier reg voor hulle kamer. In die verte kan hulle allerhande grootwild sien, en slegs ‘n klein entjie van hulle af is ‘n watergat wat duidelik baie gewild is by ‘n verskeidenheid diere.

oooooooOO0OOoooooooo

Daar is ‘n klop aan hulle kamerdeur. “Ons wil julle graag op ‘n skemerkelkie-rit neem. Kom sodra julle gereed is asseblief.”

Hand-om-die-lyf loop Jacques en Suzette na die wildbesigtigingsvoertuig wat vir hulle

staan en wag. Jacques se mond hang oop oor hierdie luukse motor. Hy dink aan hulle eie voertuie wat maar uiters basies is met nét die nodigste. Hierdie een het heerlike sagte sitplekke. Voor langs die bestuurder in sy netjiese uniform, sit die safarigids. Hy stel homself voor aan die twee en dan ry hulle.

Jacques kom gou agter dat die paaie, alhoewel hulle grondpaaie is, baie goed onderhou word. Jy kon netsowel op ‘n teerpad gery het. Izimphondo se paadjies is plek-plek maar bitter rof!

Hulle kom Rooibokke tee en die gids begin verduidelik dat hierdie nou Rooibokke is en dat hulle….. Maar Jacques maak hom gou stil: “Toemaar, ons twee ken al die diere wat julle het dalk baie beter as jy. Jy hoef nie te vertel nie.”

“Maar hoe ken julle dan die diere so goed?”

“Ek is ‘n wild gids in ‘n wildtuin en my vrou is ‘n veearts wat in wilde diere spesialiseer.”

“O……” en daarmee bly hy verder tjoepstil.

Jacques en Suzette is nogal beïndruk met die groot verskeidenheid diere wat hulle teëkom. Teen sononder parkeer hulle die voertuig op ‘n koppie met ‘n asemrowende uitsig. Die gids bring ‘n verskeidenheid yskoue drankies te voorskyn uit die voertuig se yskas. Daar is van te kies en keur!

Die sonsondergang is so mooi as wat maar net die Laeveld kan bied - al die kleure van die reënboog met die ongerepte bos wat hier onder hulle uitstrek. Suzette kom lê met haar kop teen Jacques se skouer. “Ek het klaar my besluit opgemaak voordat ons gekom het, dat ons nie die aanbod gaan aanvaar nie. Maar nou weet ek nie meer so mooi nie - hierdie gaan ‘n baie moeilike besluit wees! Wat dink jy, Jacques?”

“Ek hoor presies wat jy sê! Hierdie plek raak al hoe meer aanloklik…..“

Die donker begin om hulle toevou en hulle moet oppak en ry, terug lodge toe.

oooooooOO0OOoooooooo

“Rohan, ek wil graag die personeel ontmoet. Kan ek na die personeel dorpie toe gaan?”

“Sekerlik, ek sal iemand kry om julle daarheen te neem.”

“Joseph, neem asseblief vir Meneer Le Roux na die personeeldorp en stel hom voor aan almal wat daar is.”

Jacques en Suzette ontmoet etlike van die werknemers. Almal is baie vriendelik maar daar is geen hartlikheid nie en dit pla vir Suzette. Hulle probeer geselsies aanknoop, maar daar is nie veel reaksie nie.

oooooooOO0OOoooooooo

“Wat dink jy, Suzette?” Hulle is op pad terug huistoe.

“Die plek is baie mooi, die lodge is asemrowend en die huisvesting is baie beter as wat ons nou het. En natuurlik is die betaling baie goed, baie beter as waaraan ons gewoond is.”

“Maar?”

“Maar ek sit in twee. Izimpondo Zenyathi was nog altyd baie goed vir ons. Ons kan mos nie alles net so los omdat ons iets beter gekry het nie? Wat gaan jy vir Richard sê, Jacques?”

“Ek weet eerlik nog nie….. Ek het nog nie my besluit gemaak nie. Maar ek kan dit nie alleen doen nie - jy is deel van die besluit. Ek kan nie sonder jou besluit nie. Ons is nou een, Suzette!”

Die rit verloop meestal in stilte - elkeen verdiep in sy eie gedagtes. Laatmiddag kom hulle in Izimpondo Zenyathi aan sonder dat hulle ‘n besluit geneem het.

oooooooOO0OOoooooooo

“Suzette my Liefling, wat moet ons doen? Ek moet môre seker vir Richard gaan sê wat ons besluit het.” Suzette is besig om aandete te maak. hulle nuwe huisie is maar baie klein - die sitkamer/eetkamer/kombuis is een enkele vertrek, en so klein dat jy nie eers ‘n kat daarin kan rondswaai nie.

Suzette kyk om na Jacques: “Ek weet nie. Al’s is baie mooi, maar daar is iets wat my pla: die personeel.”

“Presies wat my ook pla. Ek het ‘n idee: kom ons sit vanaand en maak ‘n lysie van positiewe en negatiewe.”

oooooooOO0OOoooooooo

“Mevrou Le Roux, weet jy wat? Jy is ‘n bobaas sjef! Jou aandete was uit die boonste gestoeltes!”

“Dankie Meneer Le Roux! Maar ek stel voor ons begin nou sommer dadelik met ons lysie. Ons kan later die skottelgoed was.”

“Goed, kom ons maak vier kolomme. Links is positief vir Isitunzi en Izimpondo en regs negatief vir altwee. Dan kyk ons wat weeg die swaarste.”

“Kom ons begin by salaris. Tunzi kry volpunte en Pondo niks.”

“Wat van huisvesting?”

“Tunzi loop loshande voor!”

“Die lodge is ook Tunzi. En ook die paaie.”

“Voertuie?”

“Tunzi is daar ver voor!”

“Wat van die kos? Mpho is darem ‘n uithaler sjef. Of hoe?”

“Ja sekerlik! Maar Tunzi se sjef is top klas - een van die bestes in die land. Daai etes was uit ‘n ander wêreld!”

“Maar die baas? Richard is ‘n wonderlike baas!”

“Ja, maar Rohan het ook uit sy pad gegaan om ons tuis te laat voel.”

“Is daar ooit iets wat ons negatief kan sê oor Tunzi? Wat dink jy Jacques?”

“Daar’s net een dingetjie wat my pla: die personeel is vir my half afsydig.”

“Ja, dit pla my ook…..“

oooooooOO0OOoooooooo

“Sit Jacques. En toe, hoe was julle besoekie aan daai luukse wildpark?”

“Dit was fantasties, Meneer Dlamini! Dis ‘n baie mooi plek en die lodge slaan jou asem skoon weg. Dis verskriklik luuks en baie prakties ingerig. Jy kan sommer sien hulle teiken die rykste van die rykes. En hulle kos - uit die boonste rakke!”

“Ek was nog nooit daar nie - beslis nie in my prysklas nie!”

“Wat my veral opgeval het is hulle paaie. Dis grondpaaie, maar dis beter as meeste teerpaaie! En dan ry hulle net die heel beste voertuie ook. Hulle het selfs ingeboude yskaste!”

“Gaan julle twee daar kan aanpas, Jacques? Is daar darem goeie huisvesting vir julle?”

“O ja, beslis Meneer Dlamini. Dis ‘n wonderlike opset en ek dink ons sal baie lekker daar kan bly. Hulle gee ons ‘n ruim huis, baie goed gemeubileer en alles. Die huis het selfs lugreëling!”

“So, ek neem aan julle het klaar julle besluit geneem?”

“Ja, Meneer Dlamini. Ek en Suzette het laasnag tot in die vroeë oggendure gesels hieroor. Die positiewe dinge van ‘n skuif daarheen is so oorweldigend. Ons sou werklik onnosel wees as ons nie hulle aanbod sou aanvaar nie!”

“So, wanneer beplan julle om daar te begin? Ai Jacques, ons gaan julle baie mis! Julle het al so deel van ons geword…..”

“Meneer Dlamini, dis nie maklik nie! Soos ek gesê het, ek en Suzette het na alle kante toe probeer. Ek het baie min geslaap laasnag want die hele besigheid het bly knaag aan my. Ons het besluit…… om maar….. Ons kannie…..”

“Toemaar Jacques, ek verstaan…. “

“Nee Meneer, jy verstaan glad nie! Hierdie is ons huis! Hierdie is ons mense! Hierdie is ons familie!”

“Ja, maar soms moet ‘n mens maar jou familie en vriende groet!”

“Groet? En agterlaat? En daar anderkant gaan sit met ‘n spul wat totaal afsydig teenoor jou staan? Die eerste dag toe ek hier aanland het julle ‘n partytjie vir my gegooi om welkom te sê. En van daardie dag af was ek deel van die familie! Daar anderkant het hulle my skaars gegroet. Ek was ‘n totale buitestaander! Nee, so kan ek nie bly nie en Suzette voel presies dieselfde. Ons bly net hier!”

Richard is stomgeslaan. Hy gaap net vir Jacques aan en hy is nie gebore in staat om ‘n woord te sê nie.

“Meneer Dlamini….. Sal jy omgee as ons maar liewer hier aanbly?”

Skielik bars Richard in trane uit. Hy gryp, tot Jacques se groot konsternasie, vir Jacques om die nek en druk hom. “Maar natuurlik kan julle aanbly!”

Nou is Jacques die een wat totaal sprakeloos is!

“Jacques, sit asseblief. Nou dat julle besluit het om aan te bly, het ek ‘n ding of twee wat ek met jou wil deel.”

“Ja meneer?”

“Die direkteure was só beïndruk met die resultate met die Renosterstroper, dat hulle besluit het om nog ‘n hommeltuig aan te koop. Hulle wil iets hê wat baie meer funksies het, onder meer ook nagsig. En natuurlik iets met ‘n lang battery lewe sodat ons ‘n halfuur of dalk selfs’ n uur op ‘n keer kan vlieg.”

“Wow! Dit sal fantasties wees!”

“Die probleem is dat hulle nie die kennis het nie en hulle wil hê dat jy vir ons gaan navorsing doen hieroor. Hoe voel jy?”

“Sekerlik, ek doen dit graag! Baie dankie!”

“Maar daar is meer…..”

“Ja meneer?”

“Die direkteure het besluit om ‘n nuwe pos te skep. Hulle skep die pos van bestuurder van

toerisme. Die presiese benaming sal hulle nog oor besluit, en so ook die pligte van die bestuurder. Maar die persoon sal byvoorbeeld die toergidse organiseer. Wat dink jy van die idee?”

“Ek dink dis ‘n briljante idee! Dit sal goed wees as iemand die ouens kan bestuur. Dis nie altyd so goed georganiseer nie.”

“Ek is bly jy dink so Jacques, hulle het gedink om jou daardie pos aan te bied. Hoe sou jy daaroor voel?”

Weereens is Jacques sprakeloos. “Ek? Ek, Meneer Dlamini?”

“Ja Jacques, jy! Sal jy belangstel?”

“Maar natuurlik! Natuurlik sal ek belangstel!”

“Ek’s bly! Dit kom natuurlik ook met ‘n paar voordele. Hulle het klaar ‘n nuwe huis goedgekeur vir die bestuurder. Die bouwerk begin binne die volgende week of twee.”

“Is jy ernstig, Meneer Dlamini?”

“Verseker Jacques! Dink jy dat jy jouself sal kan sien in die pos?”

“Ja Meneer Dlamini!”

“Dan is die pos joune! Baie geluk Jacques! Welkom as ons eerste toerisme bestuurder!”

oooooooOO0OOoooooooo

“En hoe was jou dag, Jacques?”

“Jy sal nie eers kan raai nie! Kom groet die nuwe Toerisme Bestuurder van Izimpondo Zenyati!”

“Wat vertel jy my? Baie geluk Jacques!” Sy val hom om die nek en soen hom innig en lank en diep….. “

Wanneer Jacques weer opkom vir asem wil hy weet: “En hoe was jou dag?”

“Wel, Richard het my vanmiddag ingeroep.”

“En?”

“Hy het my vertel dat hy met jou gesels het en dat jy hom meegedeel het dat ons bly.”

“Ja, wel ons het ‘n lang gesprek gehad.”

“Toe vra hy my hoe ek daaroor sou voel as ons die hospitaal sou uitbrei. Die direkteure dink glo daaraan om ‘n mobiel kliniek te begin wat werk doen in die omgewing. Dit sal beteken dat ons nog een of dalk twee veeartse sal moet aanstel.”

“Wow! Dis fantasties!”

“Hulle wil hê dat ek die hele ding orkestreer. En dan verhoog my pos na hoof veearts.”

“Suzette, my Liefling, ek is so trots op jou! Jy verdien dit!”

21

Epiloog

‘n Goeie storie moet mos eindig met: “And they lived happily ever after!“ Maar wat van hierdie een. Eindig hy werklik so? Ek het nie die vaagste idee nie, want hierdie storie is nog glad nie klaar nie en absoluut enigiets kan nog gebeur!

Ons het egter aan die einde van die boek gekom. Vir nou is dit die einde van hierdie storie. Maar eintlik is dit maar net die begin, want Jacques en Suzette se lewenspaadjie saam het maar so pas begin! Kyk gerus uit vir die volgende spannende, of is dit dalk eerder avontuurlustige hoofstuk in die lewe van Jacques le Roux en sy blosende bruid, Suzette, die hoof veearts van Izimpondo Zenyati!